# Gedigte vir Graad 4 – 7




Saamgestel deur P.M. Müller

Geredigeer deur dr. Nicoline Woest

# INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| ’n Woord vooraf ........ | | 1 |
| **Basiese lesprosedures** | | |
| I. | Doelwit: Om die gedig te begryp ........ | 2 |
| II. | Doelwit: Om elementêre vorm- en struktuurelemente te ontdek ........ | 3 |
| **Gedigte vir Graad 4** | | |
| | **A. Afrikaanse gedigte vir Graad 4 – Afrikaans Eerste Taal** | |
| 1. | *Oom Jakkalaas* – Anoniem ........ | 4 |
| 2. | *Die Vis* deur Marie Niemeyer ........ | 5 |
| 3. | *Die oorplanting* deur Pirow Bekker ........ | 6 |
| 4. | *Verslaap* – Anoniem ........ | 7 |
| 5. | *Visvang* – Anoniem ........ | 8 |
| 6. | *In Vaaldam woon ’n draak* deur Piet Swanepoel ........ | 9 |
| 7. | *Die ruspe* deur S.J. du Toit ........ | 9 |
| 8. | *Dinosourus* – Anoniem ........ | 10 |
| 9. | *Reën* – Anoniem ........ | 11 |
| 10. | *Spookstories* – Anoniem ........ | 12 |
| 11. | *Kom jol nou* deur I.D. du Plessis ........ | 13 |
| 12. | *My baie name* deur Elizabeth van der Merwe ........ | 13 |
| 13. | *Opgelos* deur B. Traas ........ | 14 |
| 14. | *’n Koei is ene bene* deur Philip de Vos ........ | 15 |
| 15. | *Die gogga-parade* deur Fanie Viljoen ........ | 15 |
| 16. | *Rolbos* deur Philip de Vos ........ | 16 |
| 17. | *Gesond lewe* – Anoniem ........ | 17 |
| | **B. Afrikaanse gedigte vir Graad 4 – Afrikaans Tweede Taal** | |
| 18. | *Kat en muis* deur Helena J.F. Lochner ........ | 19 |
| 19. | *Muskiet* deur Pieter W. Grobbelaar ........ | 19 |
| 20. | *Ek is bang* deur Antjie Krog ........ | 20 |
| 21. | *Die volstruis* deur J.F. Spies ........ | 20 |
| 22. | *Warrelwindjie* deur Nicolene Gericke ........ | 21 |
| 23. | *Warrelwind* deur Philip de Vos ........ | 22 |
| 24. | *Spinnekop* deur C.S. Badenhorst ........ | 22 |
| 25. | *Sjongolôlo* deur Pieter W. Grobbelaar ........ | 22 |
| 26. | *Visvang* – Anoniem ........ | 23 |
| 27. | *Pasop vir die mamba* deur Philip de Vos ........ | 25 |
| **Gedigte vir Graad 5** | | |
| | A. **Afrikaanse gedigte vir Graad 5 – Afrikaans Eerste Taal** | |
| 28. | *Muskietjag* deur A.D. Keet ........ | 27 |
| 29. | *Die Spook* deur Bernie Visser ........ | 28 |
| 30. | *Vakansietyd* deur Elizabeth Fourie ........ | 29 |
| 31. | *Op vlerke* – Anoniem ........ | 30 |
| 32. | *’n Muis in die huis* deur Franci Greyling ........ | 31 |
| 33. | *Toetskoors* deur Piet Swanepoel ........ | 32 |
| 34. | *My inplakboek* deur J.F. Spies ........ | 32 |
| 35. | *Springmielies* deur Nic J. Strydom ........ | 33 |
| 36. | *Pannekoek bak* deur Kleinjan ........ | 34 |

| | | |
|---|---|---|
| 37. | *Vlermuise en vlooie* deur Bettie Aucamp ........................................................................... | 35 |
| 38. | *Die olifant* deur Jan Kromhout ........................................................................................... | 36 |
| 39. | *Die woning van my drome* deur Helena Wasserman ........................................................... | 37 |
| | **B. Afrikaanse gedigte vir Graad 5 – Afrikaans Tweede Taal** | |
| 40. | *Die springkat* deur Helma Laubscher .................................................................................... | 38 |
| 41. | *Kat en hond* deur Alma Visser ............................................................................................ | 38 |
| 42. | *Te vinnig* deur Elizabeth Wasserman ................................................................................... | 39 |
| 43. | *Luiperd* deur Elizabeth Wasserman ...................................................................................... | 39 |
| 44. | *Aap se skool* deur Elizabeth Wasserman ............................................................................. | 40 |
| 45. | *'n Pyn in die nek* deur Elizabeth Wasserman ....................................................................... | 41 |
| 46. | *Sakabula* deur Tienie Holloway ........................................................................................... | 41 |
| 47. | *Jakkals* deur Helene J.F. Lochner ........................................................................................ | 42 |
| 48. | *Moenie die melk vergeet nie* deur Jaco Jacobs .................................................................... | 43 |
| 49. | *Pieterjan en Pieterman* deur Tienie Holloway ..................................................................... | 44 |
| 50. | *Die pikkewyn* deur Abraham Fouché ................................................................................... | 45 |
| 51. | *Leef groen* – Anoniem ......................................................................................................... | 46 |
| 52. | *Springmielies* deur Nic J. Strydom ...................................................................................... | 46 |
| **Gedigte vir Graad 6** | | |
| | **A. Afrikaanse gedigte vir Graad 6 – Afrikaans Eerste Taal** | |
| 53. | *Die verkleurmannetjie* deur C. Louis Leipoldt .................................................................... | 48 |
| 54. | *Die kleur van vrees* – Anoniem ........................................................................................... | 49 |
| 55. | *Die motorbegraafplaas* deur Hester Heese .......................................................................... | 50 |
| 56. | *Die dwergies* deur C. Louis Leipoldt ................................................................................... | 52 |
| 57. | *Die mot en die kers* deur C.J. Langenhoven ........................................................................ | 53 |
| 58. | *Sekretarisvoël* deur C. Louis Leipoldt ................................................................................. | 54 |
| 59. | *Spoke* deur Antjie Krog ....................................................................................................... | 55 |
| 60. | *Die spook van Hentiesbaai* deur Shana Hunter .................................................................... | 56 |
| 61. | *Reën oor die berge* deur Piet Swanepoel .............................................................................. | 56 |
| 62. | *Droomtaal* – Anoniem .......................................................................................................... | 58 |
| 63. | *Die robotman* deur Marita van Aswegen ............................................................................. | 58 |
| | **B. Afrikaanse gedigte vir Graad 6 – Afrikaans Tweede Taal** | |
| 64. | *Eier vir ontbyt!* deur Jaco Jacobs ......................................................................................... | 59 |
| 65. | *Die seisoene* deur J.F. Spies .................................................................................................. | 61 |
| 66. | *Boelies* – Anoniem ............................................................................................................... | 61 |
| 67. | *'n Brulpadda in my tas* deur Jaco Jacobs .............................................................................. | 62 |
| 68. | *Die vullisblikkie* – Anoniem ................................................................................................. | 62 |
| 69. | *'n Manjifieke woning* deur Jaco Jacobs ................................................................................ | 63 |
| 70. | *'n Huis ver van die stad* – Anoniem ..................................................................................... | 64 |
| 71. | *Duisendpoot* deur Pieter W. Grobbelaar ............................................................................... | 65 |
| 72. | *'n Storie van hoop* – Anoniem .............................................................................................. | 65 |
| 73. | *'n Seekoei is nie 'n koei nie* – Anoniem ............................................................................... | 66 |
| 74. | *Honger Leeus* – Anoniem ..................................................................................................... | 66 |
| 75. | *Pietie de Waal* – Anoniem .................................................................................................... | 67 |
| 76. | *Dae van die week* deur Rika Nel .......................................................................................... | 67 |
| **Gedigte vir Graad 7** | | |
| | **A. Afrikaanse gedigte vir Graad 7 – Afrikaans Eerste Taal** | |
| 77. | *skaatsplankryer* deur Petra Müller ........................................................................................ | 68 |
| 78. | *Knipmes* deur Lochner de Kock ........................................................................................... | 69 |
| 79. | *Die spookhuis* deur Antjie Krog ........................................................................................... | 70 |

| | | |
|---|---|---|
| 80. | *Ek het 'n huisie by die see* deur H.A. Fagan ........................................................................ | 71 |
| 81. | *Kabouterliefde* deur Ingrid Jonker ........................................................................ | 72 |
| 82. | *Luisterswaeltjies* deur T.T. Cloete ........................................................................ | 73 |
| 83. | *Verjaardag* deur Elisabeth Eybers ........................................................................ | 74 |
| 84. | *Gelukkige verjaarsdag!* deur Johan J. Brown ........................................................................ | 75 |
| 85. | *Toemaar die donker man* deur Ingrid Jonker ........................................................................ | 76 |
| 86. | *Ek is 'n boklam* deur George Weideman ........................................................................ | 77 |
| 87. | *Wat ek gaan word* deur C. Louis Leipoldt ........................................................................ | 78 |
| 88. | *Klara Majola* deur D.J. Opperman ........................................................................ | 81 |
| 89. | *Die diere* deur C.M. van den Heever ........................................................................ | 82 |
| 90. | *Agter tralies* deur C.M. van den Heever ........................................................................ | 82 |
| 91. | *Fabel* deur D.J. Opperman ........................................................................ | 83 |
| 92. | *Die dans van die reën* deur Eugene Marais ........................................................................ | 84 |
| 93. | *Vir Eugene* deur Toon van den Heever ........................................................................ | 86 |
| 94. | *Die afloswedren* deur Hennie Aucamp ........................................................................ | 87 |
| 95. | *Wegloopneus* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 88 |
| 96. | *Ek dink ek kan...* deur Christa van Tonder ........................................................................ | 91 |
| 97. | *Die ding in die swembad* deur Pat Scott ........................................................................ | 92 |
| 98. | *Kies geel? Kies rooi?* deur Pieter W. Grobbelaar ........................................................................ | 92 |
| | **B. Afrikaanse gedigte vir Graad 7 – Afrikaans Tweede Taal** | |
| 99. | *My skaduwee* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 93 |
| 100. | *As die see net nie so sout was nie . . .* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 93 |
| 101. | *Afrika* deur Mari Lätti en Sonja Gouws ........................................................................ | 94 |
| 102. | *Meerkat* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 95 |
| 103. | *Papegaai* deur Clinton V. du Plessis ........................................................................ | 96 |
| 104. | *Beweegruimte* deur Philip de Vos ........................................................................ | 97 |
| 105. | *Nuwe skoolreëls* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 97 |
| 106. | *Somer in Afrika* – Anoniem ........................................................................ | 98 |
| 107. | *Spoke* deur Antjie Krog ........................................................................ | 99 |
| 108. | *Beste vriende* deur Marita van Aswegen ........................................................................ | 100 |
| 109. | *Vraag en antwoord* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 101 |
| 110. | *Superheld* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 102 |
| 111. | *Dis mos musiek – Anoniem* ........................................................................ | 103 |
| 112. | *Windlawaai* deur Jaco Jacobs ........................................................................ | 105 |
| 113. | *Skilpad en Haas* deur T.B. Griesel ........................................................................ | 105 |
| **Die Liedjietegniek** | | 106 |
| **Indeks van gedigte** | | 109 |

# ’n Woord vooraf

Daar is geen spesifieke gedigte wat voorgeskryf is vir Graad 4 – 7 vir Afrikaans Eerste Taal en Afrikaans Tweede Taal nie. Daar is in hierdie handleiding gepoog om by die graad en vlak aan te sluit deur gedigte wat in handboeke vir Graad 4 – 7 verskyn het, te gebruik. Daarom is daar by elke gedig aangetoon in watter handboek en/of bundel die gedig verskyn het.

By talle van die gedigte wat opgeneem is, was daar geen vrae in die handboeke of bundels ingesluit nie. By sulke gedigte is vrae opgestel met die doel dat dit die leerder kan lei om die gedig ten volle te verstaan. By sommige gedigte was daar nie genoeg vrae ingesluit om die gedig ten volle te verstaan nie. Daarom is daar in hierdie handleiding gepoog om die onderwyser daarin by te staan deur by elke gedig goedgerigte vrae in te sluit om die hele gedig te verstaan. Elke onderwyser kan egter nog vrae byvoeg om sy of haar leerders te help om ’n gedig ten volle te verstaan.

NIED skryf geen spesifieke temas voor vir graad 4 tot 7 nie. Die tekste hoef nie onder die interkurrikulêre kwessies, naamlik Omgewingsopvoeding, Bevolkingskwessies, MIV en Vigs, Menseregte en demokrasie, Inligtingstegnologie en Padveiligheid ingedeel te word nie. Die meeste tekste kan wel onder Omgewingsopvoeding ingedeel word, maar dit is nie nodig om dit te doen nie – volgens NIED se voorskrifte.

Daar is wel by elke gedig aangetoon onder watter moontlike tema van die *Platinum Afrikaanse Huistaal*-boek in ’n spesifieke graad, en die voorgeskrewe boeke vir Eerste Addisionele Taal (*Afrikaans sonder grense* en *Lees sonder grense*) die gedigte gebruik kan word. Die leerkrag kan egter die gedigte aanbied sonder om by enige tema aan te sluit. Kies dus gedigte wat by die belangstelling van die leerders pas, asook by hulle vlak van ontwikkeling.

Die belangrikste doelwitte om te bereik, is dat die leerders die gedigte moet geniet en kan waardeer. Kies eers die spesifieke doelstelling uit die sillabus vir die spesifieke graad en vlak en bied die les daarvolgens aan. Die vrae is só opgestel dat die spesifieke doelstellings in die sillabus vir ’n spesifieke graad bereik kan word. Die spesifieke doelstelling word telkens aan die begin van elke graad en vlak in ’n blokkie gegee.

Die lesprosedures om die gedig te begryp en om elementêre vorm- en struktuurelemente te ontdek word eerstens gegee.

Daarna volg voorbeelde van gedigte met vrae vir Graad 4 – 7. Daar word eers in ’n spesifieke graad gedigte vir Afrikaans Eerste Taal gegee en daarna volg gedigte vir Afrikaans Tweede Taal.

# Basiese lesprosedures

In Afrikaans Eerste Taal en Afrikaans Tweede Taal moet leerders gedigte kan waardeer. Om ŉ gedig te kan waardeer, moet leerders dit ten volle verstaan. Om gedigte te verstaan, is dit noodsaaklik dat daar goedgerigte vrae oor elke gedig aan leerders gevra word.

In ŉ poësieles kan die doelwit een van die volgende wees:

1) Die verstaan van gedigte. Om die gedig te begryp moet die belangrikste doelwit van alle lesse wees.
2) Die waardering van gedigte. Elementêre ondersoek na toepaslike styl- en vormaspekte (strofe-indeling, verslengtes, suggestiewe klankespel en rymeffekte (alliterasie en assonansie), beeldspraak, ens.
3) Luister na en verbygaande kennismaking t.w.v. belangstelling en genot. Dan word ŉ aantal uitgesoekte gedigte goed voorgelees en bespreek.
4) Nadere kennismaking vir die genot, belewing en elementêre estetiese ervaring. Dan word gedigte net voorgelees vir die genot en belewing daarvan.
5) Aspekte van goeie vertolking, naamlik wisseling van stemtoon, wisseling van tempo, wisseling van intensiteit, korrekte frasering, behoorlike uitspraak, ens. Hierdie les is bespreek onder "Poësie: Sillabusuiteensetting vir hardoplees vir Graad 4 – 7" wat op die PVATN se webwerf geplaas is.

In hierdie afdeling sal slegs die lesprosedures van die eerste twee doelwitte gegee word.

## I. Doelwit: Om die gedig te begryp

### Stappe vir die aanbied van die poësieles:

**A.** **Wek-en-rigmoment/Inleiding**: Vertoon ŉ visuele stimulus soos ŉ prent of realia om leerders se belangstelling te prikkel. **Klasbespreking**: Vra spesifieke vrae om die voorafkennis van leerders te toets oor die tema van die les en om die lesonderwerp aan te kondig.

**B.** **Aanbieding**:

1) Voorlesing van die gedig deur die onderwyser.
2) Die onderstreep van onbekende of moeilike woorde deur die leerders: Woordeskatuitbreiding met behulp van woordeboeke.
3) Groepwerk:
    i. Leerders word in groepe ingedeel. Elke groep bestaan uit 4 leerders: die groepleier (handhaaf orde en lei die bespreking); die tydhouer (sien toe dat die bespreking binne ŉ vasgestelde tyd afgehandel word); die sekretaris/-esse (skryf punte neer); die rapporteerder (rapporteer terug).
    ii. Aan elke groep word vrae oor die gedig gegee wat hulle moet beantwoord.

iii. Na 5 – 10 minute volg die terugvoering: die rapporeerder in elke groep gee die antwoorde op die vrae. Wanneer ʼn groep ʼn vraag beantwoord, moet die ander groepe baie goed luister. Die ander groepe mag nie die antwoord herhaal nie, maar kan byvoeg of verskil.

**C. Konsolidering**: ʼn Klaswerkaktiwiteit kan gegee word, bv. om die gedig in ʼn sin op te som of om die tema van die gedig te gee.

**Evaluering**: ʼn Aktiwiteit kan vir vaslegging gegee word, bv. ʼn paar vrae of ʼn paragraaf vir huiswerk.

## II. Doelwit: Om elementêre vorm- en struktuurelemente te ontdek

1. Vrae oor die inhoud van die gedig word altyd eerste gevra. Vrae soos die volgende kan gevra word:
   1) Waaroor handel die gedig?
   2) Wie is aan die woord of wie is die spreker in die gedig?
   3) Dan alle vrae wat handel oor die “Wat?”; “Wie?”; “Waar?”; “Wanneer?”; “Betekenis”; “Bedoeling” en oor die “Waarom?”
2. Die les oor bogenoemde aspekte moet die karakter van ʼn ontdekkingsavontuur aanneem en op induktiewe wyse geskied. Leerders moet gelei word d.m.v. vrae om tot die ontdekking van die volgende te kom:
   4) goeie woordkeuse;
   5) die patroonmatigheid in die gedig, byvoorbeeld die strofe-indeling, die rympatroon, aspekte van ritme en die funksionaliteit daarvan;
   6) die vernuftige spel met woorde en betekenisse van woorde;
   7) die interessante en aangename spel met klanke (assonansie, alliterasie – sonder om in die laerskool die terme te gebruik; effekte wat die digter daarmee bereik, sinvolheid daarvan).

Tipe vrae wat gevra kan word:

1) Hoeveel strofes is in die gedig?
2) Waarom is die gedig in strofes onderverdeel?
3) Wat is die kerngedagtes van die verskillende strofes?
4) Hoe volg die kerngedagtes op mekaar?
5) Wat merk julle op i.v.m. die lengte van die versreëls? Is almal ewe lank? Hoekom is party lank en ander weer kort? Hoekom staan hierdie reël apart?
6) Watter reëls word herhaal? Wat is die uitwerking of funksie van sulke herhalings?
7) Watter klanke kom dikwels voor in hierdie of daardie versreël? Watter effek het dit?
8) Watter woorde rym met mekaar? Wat is die rympatroon in die gedig? -aabb, ens.
9) Dink julle die rym is noodsaaklik in die gedig? Watter voordeel het woorde in die rymposisie? (Dit staan uit; dit verbind woorde en beelde aan mekaar)
10) Watter reël gaan sonder pousering oor in die volgende reël? Waarom gebeur dit? (Versreëls word gebind; rym word versag; vloeiendheid word bevorder)
11) Wat merk julle op i.v.m. die woordorde in die reël? Is dit die gewone woordorde? Waarom gebruik die digter die omgekeerde woordorde?
12) Watter kontraste/teenstellings, vergelykings, metafore (die gebruik van ʼn woord in ʼn ongewone betekenis op grond van ʼn vergelyking) is daar in die gedig?

# Gedigte vir Graad 4

## A. Afrikaanse gedigte vir Graad 4 – Afrikaans Eerste Taal

**Spesifieke doelstelling**: Leerders behoort in staat te wees om:

a. die basiese eienskappe van vrye verse en eenvoudige gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym word vir Graad 4 voorgestel]).
b. die titel, skrywer, illustreerder, uitgewer en samevatting van ŉ literêre teks te identifiseer.

**Tema: Natuurlik! / Tema: Diere**

1. **Oom Jakkalaas** – Anoniem

Oom Jakkalaas, die slimme dier,
drafstap deur die Katrivier,
toe klink daar, droewig, ŉ geluid:
dis die boer wat vir sy honde fluit.

Oom Jakkalaas draf ŉ rant verby,
oom Jakkalaas trek sy stert opsy;
hy't ŉ perdevel-hoed en ŉ wildekat-jas,
en styf om sy nek hang ŉ muishond-das.

Oom Jakkalaas vlug, oom Jakkalaas draai,
en die honde die byt dat die hare so waai,
maar iewers daarbo in die doringbos
het Hond en sy maat die ou-oom gelos.

Die kinders die skree: "Oom Jakkals is dood!
Vanaand gaan ons hom in die kleinpotjie kook."
Maar oom Jakkalaas draf waar die heuningvoël fluit,
en met die gefluit is my storietjie uit.

Uit: *Mallemeule*, Perskor, 1989.

1) Die gedig se naam word ook ***die titel*** genoem. Wat is die titel van hierdie gedig?
2) Die persoon wat die gedig geskryf het (die digter), is onbekend. Watter woord langs die titel sê dit vir ons?
3) Die persoon wat die digter gebruik om die gediggie soos ***Oom Jakkalaas*** te vertel, word ***die spreker*** genoem. Dink die spreker oom Jakkalaas is slim of dom?
4) Elke reël in die gedig word ŉ versreël genoem, byvoorbeeld: "*Oom Jakkalaas, die slimme dier*". Hoeveel versreëls is daar in die gedig?
5) Sinne wat saamgegroepeer word in ŉ storie word ŉ "paragraaf" genoem. Versreëls wat saamgegroepeer word in ŉ gedig word ŉ "*strofe*" genoem, byvoorbeeld:
   *Oom Jakkalaas, die slimme dier,*
   *drafstap deur die Katrivier,*
   *toe klink daar, droewig, ŉ geluid:*
   *dis die boer wat vir sy honde fluit.*
   Hoeveel strofes het die gedig?
6) Hoekom fluit die boer vir sy honde?

7) Het die honde vir Jakkalaas doodgebyt? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
8) Dink jy oom Jakkalaas was slimmer as die honde? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
9) Rym is wanneer die vokale (klinkers) en konsonante (medeklinkers) aan die einde van ŉ woord dieselfde klink as die vokale en konsonante in ŉ ander woord in dieselfde strofe, byvoorbeeld "*d**ier***" en "*Katriv**ier***". Skryf die woorde neer wat rym in die tweede en derde strofes.
10) Die woorde wat dieselfde klink (rymwoorde) in die gedig: "***Oom Jakkalaas***" het ŉ sekere patroon: "*d**ier***" en "*Katriv**ier***" vorm ŉ paar en "*gel**uid***" en "*fl**uit***" vorm ŉ paar, want hulle staan langs mekaar. Daarom praat ons van ...........rym (een woord). Ons kan dit ook só voorstel: aabb. Skryf die woorde aan die einde van die versreëls in die derde en vierde strofes neer wat dieselfde klink.
11) Wat beteken die volgende wat aan die einde van die gedig staan: "Uit: *Mallemeule*, Perskor, 1989."

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 2* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## Tema: Kattemaai

2. **Die Vis** deur Marie Niemeyer

Ek is ŉ wilde, woeste haai
wat jakker in ŉ vreemde baai.
Ek flits deur water diep en blou
om snoek te vang en kabeljou.

O, ek is ŉ woeste vis.
Hul koes maar as ek honger is.
Hul's bang vir my; ek swem so gou.
Ek spoor hul op en vreet hul rou.

Ek dartel oral heen en weer,
die branders slinger op en neer.
Hul breek in skuim, ek duik weer in,
bo sien hul net my skerpe vin.

Nou gly ek oor die diep seesand;
maar ag, daar's Ma weer buitekant!
"Spat jy al weer die vloere nat?
Karools, klim dadelik uit die bad!"

Uit: *Keur vir ons kinders,* saamgestel deur Jan Kromhout.

1) Wat is die titel en wie is die digter van hierdie gedig?
2) Lees die eerste versreël: "*Ek is ŉ wilde, woeste haai*". Oor watter tipe vis handel hierdie gedig?
3) Lees weer die eerste versreël: "*Ek is ŉ wilde, woeste haai*". Watter klanke word aan die begin van woorde in hierdie reël herhaal? Onderstreep die klanke wat herhaal word. Wat word hiermee beklemtoon?
4) Wie is die spreker in hierdie gedig?
5) Verbeelding speel ŉ baie groot rol in hierdie gedig. Wat verbeel die spreker hom?
6) Waarvan lewe die haai?
7) In die eerste tot derde strofes kom ons agter hoe die vis beweeg en wat hy doen.

a. Die woord "*jakker*" beteken "baljaar" of "woelig speel". Gewoonlik praat ons van kinders/visse wat baljaar. In hierdie gedig is dit 'n vis/kind wat in die water baljaar. Onderstreep die korrekte woorde.
b. Die woord "*flits*" beteken "vinnig/rats beweeg". Hoekom moet die vis so vinnig beweeg? Wat wil die vis vang?
c. Die woord "*dartel*" beteken: (1) "op 'n vrolike of speelse manier rondbeweeg"; (2)"fladder"; (3) "huppel". Watter een van hierdie betekenisse pas die beste in hierdie gedig?
d. Beweeg die vis in hierdie strofes vinnig/stadig; vrolik/nors; speels/ernstig; woelig/rustig rond? Onderstreep al die korrekte woorde.

8) Wat doen die vis as hy honger is in die tweede strofe?
9) In die derde strofe word die branders beskryf. Die branders gaan ............ en ........... en breek in ..................
10) Watter tipiese handeling voer die haai uit in die derde strofe?
11) Lees die volgende versreël: "*bo sien hul net my skerpe vin*." Waarom gebruik die digter "*skerpe*" en nie "skerp" nie? (bo sien hul net my skerp vin).
12) Hoe beweeg die haai nou in die laaste strofe?
13) Wat is die verrassende slot in hierdie gedig? Dit laat jou glimlag/huil. Onderstreep die korrekte woord.
14) In die laaste strofe word die –a-klank herhaal: "*maar ag, daar's Ma weer buitekant!*" Watter gevoel skep die herhaling van hierdie onderstreepte klanke by jou?
15) Skryf die rymwoorde in die gedig neer. In hierdie gedig kry ons ................rym.

---

**Tema: Natuurlik! / Tema: Diere**

3. **Die oorplanting** deur Pirow Bekker

Jong krokodil en likkewaan
het eendag aan baklei gegaan.

Hul pak mekaar met bek en pote beet
en selfs die stert bly nie vergeet.

Die velle het dié dag gewaai
terwyl hul stoei en rol en draai.

So byna het die twee mekaar vermoor
en elkeen het sy stert, sy trots, verloor.

Maar dokter Otter, wat daar naby was,
werk toe weer mooi hul sterte vas.

Tog was alles nog nie pluis:
was dit aspris of per abuis?

Niemand weet die antwoord juis,
maar na die tyd was elke stert oorkruis!

Ou Krok kry toe die Lik se waan
en Krok se dil het na ou Lik gegaan.

Lank het die diere nog gejil
oor Krokowaan en Likkedil!

1) Watter twee diere het eendag baklei?
2) Hoe het hulle mekaar beetgepak?
3) Wat het gewaai toe hulle so gestoei en gerol het?
4) Hoe weet jy dat hulle mekaar amper doodgemaak het?
5) Wat het die twee diere altwee in die geveg verloor?
6) Wie het weer hulle sterte vasgewerk?
7) Watter fout het hy gemaak? Dink jy hy het dit aspris gedoen of per ongeluk?
8) Wat het die ander diere vir Krokodil en Likkewaan hierna genoem? Hoekom?
9) Die rym in hierdie gedig is ...............................................

---

**<u>Tema: Sop (Figuurlik: in die sop wees)</u>**

4. **<u>Verslaap</u>** – Anoniem

Vroeg vanmôre toe die reën begin
kruip ek diep-diep onder my kombersie in.
Toe ek eindelik wakkerskrik, weet ek
hierdie dag het skeef begin.

Ek gryp na skoen en trui,
want Pa wil sommer dadelik ry.
Daar sit nog wit skuim om my mond,
maar ons ry, want die klok gaan lui!

Skaars sit ons in die klas
of ek gryp my hart vas:
ek het my wiskundeboek vergeet . . .
Vandag is skool ŉ ware las.

Maar toe sê kwaai juffrou Louw
(haar oë is mos so bibberblou):
"Bêre maar julle boeke, klas,
Juffrou het nie vandag haar boek onthou!"

Vroeg vanmôre toe die reën begin,
kruip sy diep-diep onder haar kombersie in.
Toe sy eindelik wakkerskrik, weet sy
hierdie dag het skeef begin.

1) Wat is die titel van die gedig? Die persoon wat die gedig geskryf het, noem ons die .................
2) Wie, dink jy, is die spreker in die gedig? Wie vertel dus wat gebeur het?
3) Die lekkerste van gedigte is dat dit jou soms laat voel dat iemand geskryf het net wat jy soms voel. Hoe sou jy gevoel het as jy beleef het wat die spreker in hierdie gedig beleef het?
4) Hoekom het die spreker diep onder die kombers ingekruip?
5) Hoe is ŉ dag as dit skeef begin?
6) Hoe weet jy dat die spreker vinnig aangetrek het?
7) Waarom moes die spreker vinnig aantrek?
8) Wat, dink jy, is die wit skuim wat nog om die mond van die spreker gesit het toe hy/sy in die motor geklim het?
9) Wat het die spreker by die huis vergeet?
10) Hoe weet jy dat hy/sy baie groot geskrik het toe hy/sy dit onthou het?
11) Wat is die kleur van kwaai juffrou Louw se oë?

12) Het kwaai juffrou Louw met die spreker geraas omdat hy/sy die wiskundeboek by die huis vergeet het? Waarom/waarom nie?
13) ʼn Strofe in ʼn gedig is ʼn paar versreëls wat ʼn geheel vorm en bymekaar hoort. Wat is die hoofgedagte van elke strofe?
14) Wie is die "*sy*" in die laaste strofe?
15) Hoe, dink jy, het die spreker aan die einde van die gedig gevoel?

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 4* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

---

## **Tema: Natuurlik!**

5. **Visvang** – Anoniem

Dis vroeg. Ek sit by die see.
Vandag moet ek vir Ma ʼn vissie gee.

Hoog bo die see
hoor ek skielik ʼn skree.

Toe ek my oë uitvee,
daal ʼn visarend neer:

As hy oor die water skeer,
gryp hy na die vis – net één keer.

In sy pote lyk die vis soos ʼn veer.
Dan, skielik, sien ek hom nie meer.

Ek sit oor die water en tuur . . .
Toe weet ek: ek gaan die visarend huur

om vir Ma uit die see
ʼn vissie te gee!

1) Watter tyd van die dag is dit?
2) Waarom sit die spreker by die see?
3) Wat is dit wat in strofe 2 skree?
4) Hoe, dink jy, "*skeer*" die visarend oor die water? Voltooi die volgende sin om hierdie vraag te beantwoord: Die visarend het (vinnig/stadig) oor die water beweeg en die water (amper/net-net) geraak. Onderstreep al die korrekte woorde.
5) Hoe weet ons dat die visarend baie goed is om ʼn vis te vang?
6) Die woord "*tuur*" beteken om (sonder/met) inspanning te kyk. Onderstreep die korrekte woord.
7) Wat probeer die spreker raaksien?
8) Waarom wil die spreker die visarend huur?
9) Watter woorde rym met "*see*", "*veer*" en "*tuur*"? Ons het dus ...............rym in die gedig.

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 4* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

---

## **Tema: Natuurlik!**

6. **In Vaaldam woon ŉ draak** deur Piet Swanepoel

In Vaaldam woon ŉ draak,
die laaste van sy soort,
met tande in sy kaak,
soos dit by drake hoort.

Ek wil na Vaaldam gaan
om self na hom te kyk
want as ek reg verstaan,
moet hy maar aardig lyk.

Of . . . dalk moet ek maar bly,
want sê nou hý kom kyk
– as hy my daarso kry –
Hoe ék van naby lyk . . .

Uit: *Nuwe Klein Verseboek,* Tafelberg, 1982.

1) Waarom, dink jy, is hy die laaste draak?
2) Waar woon hierdie draak?
3) Skryf ŉ ander woord vir "*kaak*" in versreël 3 neer.
4) Hoe weet die spreker dat dit wel ŉ draak is?
5) Waarom wil die spreker self na die draak gaan kyk?
6) Wat beteken "*aardig*" in strofe 2?
7) Hoekom het die spreker van plan verander?
8) Waarom, dink jy, is die spreker bang dat die draak moet kom kyk hoe hy van naby lyk?
9) Wat, dink jy, eet drake?
10) Glo jy daar bestaan nog drake? Waarom/waarom nie?
11) In watter bundel het die gedig oorspronklik verskyn?
12) Wie was die uitgewer van hierdie bundel?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 1* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## **Tema: Natuurlik!**

7. **Die ruspe** deur S.J. du Toit

Die vaal klein ruspe gaan slaap eendag
in sy wiegie van grysgrou sy so sag,
en hy sê: "Om te kruip was vir my ŉ lus,
maar daar's niks so soet as die slaap se rus."

Hy slaap deur die lang winterkou,
so dig in sy dekens toegevou;
hy ontwaak op ŉ frisse lentedag
om te vind dat die blomme reeds lank op hom wag.

Hy ontwaak om te vind hy het vlerke van goud;
nooit meer sal hy kruip oor klippers en hout.
"O, die aarde was goed," sê die vlindertjie bly,
"maar daar's niks soos die lug as jy vleuels kry."

Uit: *Mallemeule*. Perskor, 1989.

1) Skryf twee opeenvolgende woorde uit versreël 1 neer wat die ruspe beskryf.
2) ŉ Baba slaap in ŉ wiegie. Wat is die "*wiegie*" waarvan versreël 2 praat?
3) Watter klank gebruik die digter in versreël 2 om die ruspe se lekker slaap te beklemtoon?
4) Wat het die ruspe geniet voordat hy met sy slaap begin het?
5) Tydens watter seisoen het die ruspe met sy slaap begin?
6) Skryf twee opeenvolgende woorde neer wat die dag beskryf toe die ruspe weer wakker geword het.
7) Watter tekens was daar dat dit al lankal lente was?
8) Watter verandering is daar nou by die ruspe?
9) Waaroor het die ruspe altyd gekruip?
10) Watter woord gebruik die digter om die vlinder se vlerke te beskryf?
11) Skryf die twee kleure neer wat die digter in die gedig gebruik. Watter kleur beskryf die ruspe en watter kleur beskryf die vlinder? Sou jy sê die kleure staan in kontras met mekaar?
12) Skryf die woorde neer wat rym in die gedig. In hierdie gedig het ons ..........rym.
13) In watter bundel het hierdie gedig verskyn?
14) Wie is die uitgewer en in watter jaar het dit verskyn?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 2* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## **Tema: Natuurlik!**

8. **Dinosourus** – Anoniem

Ou grote met jou stekelrug,
ek hoef tog nie vir jou te vlug,
jy en jou oupa is lankal dood –
daar's net jul bene in die sloot.

Toe jy deur die varings loop
en al die groen lê wyd en oop,
kon jy nes jy wou baljaar –
dis alles in die rots bewaar.

En later toe jou vyand kom,
Was jy so magteloos teen hom.
Jy moes soos alle helde sterf.
Net jou geraamte kon ons erf.

1) Hoe lyk hierdie dinosourus volgens reël 1?
2) Wat beteken dit om te "*vlug*"?
3) Waarom hoef die spreker nie vir die groot dinosourus te vlug nie?
4) Lees reël 1 en 2 van strofe 2. Beskryf die plek waar die dinosourus geleef het.
5) Hoe weet ons dat die plek so gelyk het?
6) Wat beteken dit om te "*baljaar*"? Dink jy ŉ groot dinosourus kan baljaar?
7) Wat noem ons geraamtes en plante wat in rots vir ons bewaar is?

8) Watter woord in die laaste strofe sê vir ons dat die vyand van die dinosourus sterker was as hy?
9) ŉ Held is (1) iemand wat groot dapperheid/moed aan die dag lê; (2) iemand na wie mense opsien; (3) iemand wat bewondering afdwing. Watter **een** van die betekenisse pas die beste in by die gedig?
10) Wat beteken dit om iets te "*erf*"?
11) Wat, volgens die spreker, kon ons erf?
12) Hoe, dink jy, weet mense van vandag hoe dinosourusse gelyk het wat baie lankal uitgesterf het?
13) Skryf die woorde neer wat rym in die gedig. In hierdie gedig het ons ..........rym.

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 4* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

## Tema: Land

9. **Reën** – Anoniem

Dis tog te lekker as die reën
so drup-drup op die blare,
en die druppels hang soos pêrels
aan ons toutjierige hare.

As dit weer buite skoon is
en al die slote loop,
dan kan ons tog te heerlik
ons voete daarin doop.

Mammie sê ons kinders
moet liewer binne bly,
want as ons natreën, sal ons dalk
ŉ kwaai verkoue kry.

Maar wat van al die bome
wat altyd buite bly?
Nog nooit het ek gehoor
dat een ŉ seerkeel kry!

1) Noem twee dinge in strofe 1 wat vir die spreker baie lekker is as dit reën. Voltooi die volgende sin om hierdie vraag te beantwoord. "Dis lekker om te hoor hoe ............................................... en om te sien hoe ..........................................................................................
2) Wat maak die reën met die wêreld buitekant?
3) Wat doen die kinders graag wanneer dit reën? Wat doen jy graag as dit reën?
4) Waarom wil Mammie hê die kinders moet binne bly as dit reën? Dink jy Mammie is reg?
5) Waaroor wonder die spreker in die laaste strofe?
6) Wat, dink jy, sal gebeur as bome verkoue kry?
7) Is jy bly as dit reën in Namibië? Hoekom/hoekom nie?

Uit: *Spore 2* (Graad 4) deur Keriesa Botha, André Barnard, Tony Links en Larry Pokpas. Centaur Publikasies (Edms.) Bpk.

**Tema: Hoor!**

10. **Spookstories** – Anoniem

Die nagwind treur sag deur
die bome daar buite,
en maanlig skyn flou op
my kamer se ruite.

Hier bo, uit die donkerte,
roep ŉ ou uil –
daar ver oor die bult gaan
ŉ hond aan ’t huil.

My sussie en ek sit
met groot oë en bewe;
ek sidder en bibber,
al is ek al nege.

Benoud klop my hart
doef! doef! doef! in die duister
terwyl ons na Oupa se
spookstories luister!

1) Wat hoor die spreker in die eerste strofe? Gee ŉ ander woord vir "*treur*" wanneer jy hierdie vraag beantwoord.
2) Wat sien die spreker in strofe 1?
3) Watter bangmaak-geluide hoor die spreker van buite in strofe 2?
4) Watter naggeluide maak jou bang?
5) Waar, dink jy, sit die spreker en sy/haar sussie?
6) Hoe weet jy dat die spreker en sy/haar sussie baie bang is? Gee twee tekens van vrees uit strofe 3 as bewys dat hulle baie bang is. In strofe 4 is daar ŉ verdere bewys dat die spreker verskriklik bang is. Wat is dit?
7) Gee ŉ sinoniem vir "*bibber*" uit die gedig.
8) Die woord "*sidder*" beteken om baie erg te .................... omdat jy ........................... (voltooi)
9) Hoe oud is die spreker?
10) Skryf ŉ woord uit die gedig neer wat klank naboots. Watter klank word nageboots?
11) Waarom, volgens die laaste strofe, is die spreker en haar sussie baie bang?

Uit *Spore 2* (Graad 4) deur Keriesa Botha, André Barnard, Tony Links en Larry Pokpas. Centaur Publikasies (Edms.) Bpk.

## Tema: Speel

11. **Kom jol nou** deur I.D. du Plessis

Dis die nuwe jaar,
bas en kitaar,
banjo en mandolien
kan jy nou oral sien.
Kom jol ’n bietjie saam.
Boem, boem, boem, boem,
speel die bas nou daar.
Zoem, zoem, zoem, zoem,
sing die kitaar,
tangelang, tangelang,
hoor die banjo,
tiengelieng, tiengelieng
sê die mandolien.

1) Wat beteken dit om te “jol”?
2) ’n Kitaar het ’n klankkas in die vorm van ’n 8 en ’n lang nek met 6 snare waarop jy met jou .................................... kan tokkel.
3) ’n Banjo het ’n lang ............................ met 4 of 5 snare wat aan ’n ronde, dromagtige liggaam vas is. Die snare kan gepluk of op getrommel word.
4) ’n Mandolien het ’n peervormige klank............ (een woord) met ’n kort nek en het vier tot ses pare snare en word soos ’n viool s’n gestem en met ’n plektrum (’n plaatjie waarmee ’n snaar gepluk word) bespeel.
5) ’n Bastrom is ’n silindervormige slaginstrument met dierevel oorgetrek waarop met die hande of ..................... (hoeveel?) stokkies gespeel word.
6) Die bastrom en kitaar, banjo en mandolien is almal ............................................ (een woord)
7) Skryf uit die gedig 4 woorde neer wat die klanke van die musiekinstrumente naboots. Skryf langs elke woord die musiekinstrument wat die geluid maak, neer.
8) Skryf die rymwoorde neer van die eerste 4 versreëls. In hierdie 4 versreëls het ons ..........rym.

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

---

## Tema: Droom

12. **My baie name** deur Elizabeth van der Merwe

My naam is Johannes en somtyds Johann,
of Hansie-my-diertjie as Ma iets verlang.
Hul noem my Johannes as ek begin skree,
en as ek wil kwaaddoen ‘Johannes Naudé!’

Maar saans as dit skemer en Pappa vertel
van Wolf en van Jakkals en hoe Slang vervel,
dan noem hy my Jannetjie Janneman Jy...
en dit klink nog altyd die mooiste vir my!

1) Wat, dink jy, is die spreker in die gedig se geregistreede naam op sy geboortesertifikaat?
2) Wat, dink jy, noem die meeste mense hom?
3) Wat noem sy ma hom as sy wil hê dat hy iets vir haar moet doen?

4) Wat noem hulle hom as hy begin skree?
5) Wat noem hulle hom as hy wil kwaaddoen?
6) Wat is vir hom die mooiste vorms van al sy name? Wie gebruik hierdie name en wanneer gebruik die persoon hierdie name?
7) Het jy ook so baie name? Deel dit met die klasmaats.
8) Watter twee reëls rym nie eintlik met mekaar nie? In die res van die gedig kry ons .........................................
9) Die gedig bestaan uit ................... strofes en ........................ versreëls.

Uit: *Kleuterverseboek* deur D.J. Opperman (aangepas).

---

**Tema: Natuurlik!**

13. **Opgelos** deur B. Traas

Haai! Volstruis, met jou lang nek!
Kan jy hom nóg langer rek?
Kan jy hom nóg langer maak
dat jy aan die dak kan raak?

Kyk dan tog ŉ bietjie daar
of jy nie my bal gewaar!
Ek het hom netnou hier verloor,
kyk tog mooi, Volstruisie, hoor?

Uit: *Kleuterverseboek* deur D.J. Opperman

1) Die volstruis se nek is ..................., die kamele op die kameelplaas naby Swakopmund se nekke is ....................., maar ŉ kameelperd se nek is die ...................
2) Hoe lank, wil die spreker hê, moet die volstruis sy nek rek?
3) Dink jy ŉ volstruis kan sy nek so lank rek?
4) Waarom wil die spreker hê moet die volstruis sy nek so lank rek?
5) Dink jy ŉ volstruis sal kan doen wat die spreker vra? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
6) Die spreker vra baie mooi dat Volstruis hom moet help. Waaruit kan jy aflei dat hy baie mooi vra? Watter aanspreekvorm gebruik die spreker?
7) Watter aanspreekvorm gebruik jou beste maat, of jou pa en ma as hulle jou baie mooi vra om iets te doen?
8) Ons sê altyd: "ŉ Probleem is opgelos." Waarom, dink jy, is die titel van die gedig "*Opgelos*"?
9) Skryf die rymwoorde in die gedig neer. In hierdie gedig kry ons ................rym.

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

---

## **Tema: Natuurlik!**

14. **’n Koei is ene bene** deur Philip de Vos

’n Koei
is ene bene
en ’n koei
is ene vel
en ’n koei
is ene spene
en dis dinge dié
wat tel –
’n koei
is ene karringmelk
en Roquefort en Brie
’n koei
is ene roomys
en dis lekker dinge dié
en ek is ene liedjies
wat ek vir die koei wil sing
vir dié
onbeloonde
onbekroonde
suiwelkoningin.

Uit: *Daar’s bitterals in die heuningwals*. Tafelberg, 1988.

1) Wat beteken dit as ’n mens sê: “Ek is die ene modder nadat ek deur die watergat met my fiets gery het”? Volgens die *HAT* beteken die byvoeglike naamwoord **ene** “geheel en al” of “sonder onderbreking”. Wat, dink jy, beteken die woord “*ene*” in die verskillende versreëls van hierdie gedig?
2) Watter produkte van die koei is vir die spreker lekker?
3) Noem ’n paar suiwelprodukte.
4) Die spreker is dié een wat in die gedig sê: “***ek** is die ene liedjies*...” Die spreker noem die koei ’n “*suiwelkoningin*”, maar die spreker sê dat hierdie koningin “*onbeloon*” en “*onbekroon*” is.
    a. Wat beteken hierdie twee woorde?
    b. Dink jy ook ’n koei is onbeloon en onbekroon? Hoekom sê jy so?
5) Hoe wil die spreker die koei beloon vir al die lekker suiwelprodukte?
6) Van watter suiwelprodukte hou jy die meeste?
7) In watter bundel het hierdie gedig verskyn?
8) Wie is die uitgewer van hierdie bundel en in watter jaar is dit gepubliseer?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 4* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## **Tema: Goggas**

15. **Die gogga-parade** deur Fanie Viljoen

Wat wir-r so?
Wat tjir-r so?
Wat klap-p so?
En kir-r so?

Sien ek reg? O, genade!
Dis die gogga-parade.
Is dit waar? Ag nee, blikners!
Oor my piekniekkombers.

Met min buig en min bars
kom die goggas se mars
oor die beet- en groenslaai,
die boerewors vir die braai.

Hulle vat, sonder vra,
tot die poeding en vla!
Hierdie gogga-hoofweg
dra my hele piekniek weg!

1) Noem die vier geluide wat die spreker hoor.
2) Wie of wat maak hierdie geluide?
3) Wat is ŉ "*gogga-parade*"?
4) ŉ Strofe is ŉ paar versreëls wat saamgegroepeer is. Waaroor loop die goggas in strofe 2?
5) Wat is ŉ "piekniek"?
6) Wat het die spreker alles vir die piekniek gebring? Noem VYF goed wat die spreker saamgebring het.
7) Hoe "*mars*" ŉ mens? Wie mars gewoonlik?
8) Waaroor loop die goggas in die laaste twee strofes?
9) Wat is ŉ "*gogga-hoofweg*"?
10) Dink jy dit is goeie maniere om iets te vat sonder om te vra?
11) Wat doen die goggas, volgens die spreker?
12) Watter soort gogga(s), dink jy, is dit? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
13) Skryf die rymwoorde in die gedig neer. In hierdie gedig kry ons ................rym.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 3* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## Tema: Land

16. **Rolbos** deur Philip de Vos

Rolbos
is ŉ tolbos,
ŉ hardloop-
spring-
en hol-bos.
Soek jy hier
dan is hy daar –
weggewaai
tot
wieweetwaar:
oor die berg
en oor die rant
weggewaai
tot
annerlant.

1) Die rolbos se wetenskaplike naam is *Salsola kali* of *Leucas martinicensis*. Probeer om ŉ prentjie te vind van die rolbos en plak of teken dit in jou skryfboek.
2) Wanneer dit droog word, breek dit van sy stam af en rol oor die veld, waar dit gevleuelde saad uitstrooi. Waarom, dink jy, gebeur dit in die natuur?
3) Die woord "tol" beteken "draai". Waarom word ŉ rolbos ook ŉ "*tolbos*" genoem? Wat sê dit vir jou van die manier waarop die rolbos in die wind beweeg?
4) Die rolbos word ook ŉ hardloopbos genoem. Dit beweeg dus vinnig/stadig (onderstreep).
5) Watter ander woord in die gedig beteken ook "hardloop"? Daarom word dit ook ŉ ......bos genoem.
6) Die rolbos word ook ŉ springbos genoem. Waaroor, dink jy, spring die bos?
7) Weet die mense waarheen die rolbos waai? Gee ŉ rede uit die gedig vir jou antwoord.
8) Die rolbos waai oor die berg of oor die rant. Wat is die verskil tussen ŉ berg en ŉ rant?
9) Die rolbos kan waai tot in "*annerland*". Skryf die woord tussen hakies in Standaardafrikaans/formele Afrikaans wat deur die meeste Afrikaanssprekendes verstaan word.
10) Kom daar rolbosse in Namibië voor? Indien jy "Ja" geantwoord het, tot in watter ander lande kan die rolbosse van Namibië waai? Noem ten minste twee.

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

---

## **Tema: Hoes en proes**

17. **Gesond lewe** – Anoniem

As ek my kos eet – elke dag –
(ook wortels, kool en avokadopeer)
en voor die nuus begin – elke nag
soet-stil bedwaarts keer . . .

As ek en Pa net na werk
gaan oefen by die Sweet-en-Strek
dat my spiere groei en bult en rek
tot die meisies na hul asems snak –

dán sal ek nie moeg word of verkoue kry
en sonder sukkel spel én somme doen.
"Vriendelik, netjies, gemanierd is hy;
ŉ oulike kind" sal hul my noem!

Nou wil ek net weet:
Hoe't die Grieke dit geweet?
Was daar toe dan reeds
TV, skool en somme?

1) Is die spreker in die gedig ŉ seun of ŉ meisie? Hoekom sê jy so?
2) Die leuse van die ou Grieke was: ŉ Gesonde gees woon in ŉ gesonde ......................
3) Watter gesonde kos word in strofe 1 genoem?
4) Wanneer wil die spreker gaan slaap? Hoe laat gaan slaap jy elke aand?
5) Wat doen ŉ mens by die Sweet-en-Strek? Hoe weet ons dat dit die naam van ŉ plek is?
6) Hoekom wil die spreker hê dat sy spiere moet groei en bult en rek?
7) Hoekom, dink jy, sal die spreker nie meer siek word nie en goed op skool vaar?

8) Hoe is 'n mens as jy "*gemanierd*" is?
9) Waaroor wonder die spreker in die laaste strofe?

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 4* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

## B. Afrikaanse gedigte vir Graad 4 – Afrikaans Tweede Taal

**Spesifieke doelstelling:** Leerders behoort in staat te wees om eenvoudige en kort gediggies selfstandig te lees en vrae daaroor te beantwoord.

**Tema: Diere**

18. **Kat en muis** deur Helena J.F. Lochner

ŉ Kat sê eendag vir ŉ muis:
"Ek voel tog so alleen,
kom speel hier met my in die huis,
dan gee ek jou ŉ been!"

"Nee dankie," sê die slimme muis.
"Ek bly maar weg van jou –
by katte voel ek glad nie tuis,
hul wil my beentjies kou!"

1) Wat vra die kat vir die muis en waarom vra hy dit?
2) Elke reël in die gedig word ŉ versreël genoem. Hoeveel versreëls is daar in die gedig?
3) Watter beloning sal die muis ontvang?
4) Wat het die muis geantwoord? Voltooi die volgende sin om hierdie vraag te beantwoord: Die ...................... muis het ....................... gesê, en dat hy liewer sal .................... van katte.
5) Waarom voel die muis glad nie tuis by katte nie?

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

---

**Tema: Goggas**

19. **Muskiet** deur Pieter W. Grobbelaar

Haai! Muskiet,
jou zoemerige ding:
al op die een noot
sing, sing, sing.

Zoei! teen die dak,
en zoei! om my kop,
zoei! teen my neus –
en dáár sit die knop.

Nee-a, Muskiet,
laat staan nou jou nuk,
of ek sal jou mos
papelelletjies druk.

1) Die spreker is dié een wat in die gedig "praat". Met wie praat die spreker in hierdie gedig?
2) Wat is die geluid wat die muskiet maak?

3) Hoe klink die geluid wat die muskiet maak vir die spreker volgens strofe 1?
4) Wat doen die muskiet voordat sy (die muskietwyfie) die spreker byt?
5) Wat gebeur wanneer ŉ muskiet jou byt?
6) Die ma sê vir die stoute kind om sy nukke te laat staan. Sy bedoel dat die stoute kind sy onvriendelike/eiesinnige houding of bui moet laat staan. Die spreker sê: "Muskiet, laat staan nou jou nuk." Watter nuk moet die muskiet laat staan?
7) Wat sal die spreker doen as die muskiet nie sy nuk laat staan nie?

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

---

**Tema: Dit is ek**

20. **Ek is bang** deur Antjie Krog

dis nag
ek is wakker
ek wil by Pa-hulle gaan lê

maar onder die bed
wag ŉ man
wat my aan my
voet wil vang

in my skoen
wag ŉ gifstert
groen skerpioen

Pa! roep ek Pappa!
niks bang stap my pa die lang gang af
tel my in sy arms skuif my in die dubbelbed
lekker warm lê ek tussen hom en Ma

1) Wat doen ŉ mens in die nag?
2) Die spreker is ..................... en wil by haar ............... en ............ gaan slaap.
3) Dink jy daar was regtig ŉ man onder die kind se bed?
4) Dink jy daar was regtig ŉ skerpioen in die kind se skoen?
5) Hoe weet jy dat Pappa glad nie bang is nie?
6) Wat doen hy vir die spreker?
7) Hoe, dink jy, voel die spreker aan die einde van die gedig? Watter woorde sê dit vir jou?

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

---

**Tema: Diere**

21. **Die volstruis** deur J.F. Spies

Swart volstruis, jou kierienek,
jou mikstokvoet, jou knyptangbek!
Jong, waarom broei jy in die nag,
jou vaalrokvrou weer in die dag?

1) Die volstruis se nek lyk soos ŉ ....................... 
2) Die volstruis se voet lyk soos ŉ ...........................
3) Die volstruis se bek lyk soos ŉ ............................. 
4) Die volstruismannetjie is .......................... (kleur)
5) Die volstruiswyfie is .................................. (kleur)
6) Wie broei in die nag? Die volstruismannetjie/die volstruiswyfie. Onderstreep die korrekte antwoord.
7) Wie broei in die dag? Die volstruismannetjie/die volstruiswyfie. Onderstreep die korrekte antwoord.

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

**<u>Tema: Die natuur</u>**

22. **<u>Warrelwindjie</u>** deur Nicolene Gericke

Warrelwindjie speel op die land,
sy hou haar rokkie in haar hand.
Al in die rondte tiekiedraai,
dis die warrelwind wat waai.

Op haar toontjies draai sy rond,
ligvoets, ligvoets oor die grond.
Waarheen sal sy tog nou gaan?
Warrelwindjie, neem my saam!

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

1) Wat is ŉ warrelwind?
2) Die warrelwind word as ŉ meisie/seun voorgestel? Watter woorde sê dit vir jou?
3) Wat hou die warrelwind in haar hand?
4) Wat is "*tiekiedraai*"? Voltooi die volgende sin om hierdie vraag te beantwoord: Dit is wanneer een/twee mense al in die rondte op hulle hakskene/tone draai (kies die regte antwoord).
5) Demonstreer hoe ŉ mens tiekiedraai vir julle klasmaats.
6) Hoe beweeg ŉ mens "*ligvoets oor die grond*"? Gee ŉ ander woord vir "*ligvoets*" as jy die vraag beantwoord.
7) Sinne wat saamgegroepeer word in ŉ storie word ŉ "paragraaf" genoem. Versreëls wat saamgegroepeer word in ŉ gedig word ŉ "*strofe*" genoem, byvoorbeeld:
   *Warrelwindjie speel op die land,*
   *sy hou haar rokkie in haar hand.*
   *Al in die rondte tiekiedraai,*
   *dis die warrelwind wat waai.*
   Hoeveel strofes het die gedig?
8) Watter vraag word in die laaste strofe gevra? Wat, dink jy, is die antwoord op hierdie vraag?
9) Wat wil die spreker hê moet die warrelwindjie doen?

## Tema: Die natuur

23. **Warrelwind** deur Philip de Vos

Warrelwind, kom warrel my,
oor die veld en oor die vlei.
As jy moeg word – sit my neer,
Maar doen dit môremiddag weer!

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

1) Met wie praat die spreker in die gedig?
2) Verduidelik wat die woord "*warrel*" in hierdie gedig beteken.
3) Waarheen moet die warrelwind die spreker "*warrel*"?
4) Wanneer kan Warrelwind die spreker maar neersit?
5) Wanneer moet Warrelwind dit weer doen?
6) Hoekom word "**warrelwind**" in vraag (3) met 'n kleinletter gespel, maar in vraag (4) en (5) met 'n hoofletter?

---

## Tema: Die natuur

24. **Spinnekop** deur C.S. Badenhorst

Van tak tot tak
spin ek my rak,
so mooi en fyn
soos 'n gordyn.

Ek wag dan tot
'n vlieg of mot
daarin kom sit,
dan eet ek dit.

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

1) Waar spin spinnekoppe hulle spinnerakke?
2) Hoe lyk die spinnerakke as dit klaar gespin is?
3) Die spinnekop wag geduldig totdat 'n ...................... of 'n ............................ in die net kom sit.
4) Waarom kan insekte nie wegvlieg as die spinnekop naderkom nie?
5) Wat doen die spinnekop met die insekte wat hy vang?

---

## Tema: Die natuur

25. **Sjongolôlo** deur Pieter W. Grobbelaar

Sjongolôlo,
duisendpoot,
trap-trap langs
die watersloot.

Linker, linker,
linker, regter!
Flinker, flinker,
flinker, slegter!

Net één ding
verwonder my:
hoedat jy ooit
jou huis skoon kry,

want elke treetjie
wat jy gee,
moet jy 'n duisend
spore vee.

Sjongolôlo,
duisendpoot:
as jy my byt,
lag ek my dood.

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

1) "*Sjongolôlo*" (ook "songolôlo" gespel) is 'n ander naam – oorspronklik 'n Nguni-naam – vir 'n ....................................
2) Geen ander dier in die diereryk het meer pote as duisendpote nie. Geen duisendpoot het duisend pote nie. Die langste duisendpoot het slegs 200 paar pote, of vierhonderd pote. Hoekom, dink jy, noem die mense hom "**duisendpoot**"?
3) Waar loop die duisendpoot, volgens strofe 1?
4) Loop die duisendpoot soos 'n mens: links, regs; links, regs? Voltooi die volgende sin in jou antwoord: ............., as 'n duisendpoot beweeg, werk al die pote .............. (together) in golfbewegings.
5) Die woord "**flink**" beteken "**vinnig**". Dink jy dat die spreker in die gedig dink dat die duisendpoot vinnig stap? Watter woord in strofe 2 het vir jou so laat dink of nie so laat dink nie?
6) Dink jy die duisendpoot se pote raak vuil as dit langs die watersloot loop?
7) As 'n mens jou "*verwonder*" dan is jy verbaas of verstom oor iets. Waaroor verwonder die spreker hom/haar in strofe 3?
8) Wat, volgens die spreker, moet die duisendpoot met sy spore in sy huis doen (strofe 4)?
9) Dink jy 'n duisendpoot vee ook sy huis uit – soos ons mense doen? Dink jy 'n duisendpoot het 'n huis waarin hy bly?
10) Wat glo die spreker in die laaste strofe sal met hom gebeur as 'n duisendpoot hom byt? Glo jy dit ook?

---

## <u>Tema: Die natuur</u>

26. **<u>Visvang</u>** – Anoniem

Plaps! Dit was so amper
   of ek het nou een gehad.
Maar hulle is so vreeslik glad
van al die tyd se bad . . .

Soe! Die water loop al straaltjies
  agter in my nek,
en onder by my skoen se sool
begin dit ook te lek.

Kaats! Hou op met knor en loer.
  Jy maak die visse bang!
En dan kan ek maar opgee
om hulle te wil vang.

Outjie! Nou kyk ŉ bietjie . . .
  Hoe het ek dit reggekry?
Die mooiste, geelste van die vissies
het in . . . my kous gegly!

Uit: *Keur vir ons kinders* deur Jan Kromhout. J.L. van Schaik Uitgewers. 1997

1) Wat het die spreker so amper gehad in die eerste strofe?
2) Hoekom, dink die spreker, is die vissies so vreeslik glad?
3) Die tweede strofe begin met die uitroep: Soe! Wanneer gebruik mense hierdie uitroep?
4) Die water wat agter in die nek van die spreker al straaltjies afloop is ......................, want die spreker kry .............................
5) Waar is die sool van jou skoen?
6) Wat, dink jy, begin te lek by die spreker se skoen se sool? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
7) Wat word met die uitroep "Kaats!" bedoel?
8) Hoekom knor en loer hierdie dier?
9) Wat sal gebeur as hierdie dier nie ophou om te knor en te loer nie?
10) Waar, dink jy, vang die spreker hierdie vissies: in die see, OF in ŉ visdammetjie met vissies in, OF in ŉ groot dam? Onderstreep die regte antwoord.
11) Waarmee, dink jy, vang die spreker hierdie vissies: met ŉ visstok, OF met ŉ visnetjie? Onderstreep die regte antwoord.
12) Wat het in die spreker se kous gegly?
13) Hoe, dink jy, het dit gebeur?



## **Tema: Die natuur**

27. **Pas op vir die mamba** deur Philip de Vos

Pas op
vir die mamba
wat heeldag
wil samba,
wat dink
hy weet al's
van die wals.
Sy lewe is vaal,
sy lewe is saai,
en nou
wil hy polka
en tiekiedraai.

1. Die mamba is 'n besondere giftige, boomliewende ............... van Afrika.
2. Wat wil die mamba heeldag doen?
3. "*Samba*" is 'n Brasiliaanse dans uit Afrika afkomstig, met lewendige bewegings. Die slang beweeg dus stadig/vinnig (dit kan tot 16 km per uur beweeg).
4. Die mamba dink hy weet alles van 'n sekere soort dans. Watter dans is dit? Dink jy hy weet alles van hierdie soort dans? Wys vir jou klasmaats hoe hierdie soort dans gedans word.
5. As 'n mens se lewe "*vaal*" en "*saai*" is, is jou lewe interessant/oninteressant en opwindend/vervelig. Onderstreep die korrekte woorde.
6. Die "*polka*" is 'n dans met 'n vinnige, springende beweging. Wat vertel dit jou van die beweging van die mamba?
7. Wanneer twee mense na mekaar toe draai, mekaar se hande vat en op een plek in die rondte dans, dan tiekiedraai hulle. Dink jy 'n mamba kan tiekiedraai?
8. Is jy bang vir 'n mamba? Gee 'n goeie rede vir jou antwoord.

Uit: *Lees sonder grense 4. Die Volstruis-boek. Eerste Addisionele Taal* deur Mari Latti en Sonia Gouws.

# V. Gedigte vir Graad 5

## A. Afrikaanse gedigte vir Graad 5 – Afrikaans Eerste Taal

**Spesifieke doelstellings**: Leerders behoort in staat te wees om:

a. die basiese eienskappe van vrye verse en gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym en kruisrym word vir Graad 5 voorgestel]; beeldspraak [*die vergelyking word vir Graad 5 voorgestel]).
b. die titel, skrywer, illustreerder, uitgewer en samevatting van ŉ literêre teks te identifiseer.

**Tema: Zoem-zoem**

Lees die volgende leesstuk uit: http://www.mieliestronk.com/index.html en beantwoord die vrae wat daaroor gestel is. Lees daarna die bekende gedig "*Muskietjag*" deur A.D. Keet en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

ZOEI-I-I-I-I-I... ZIP! Daar sit sy ongevraag op jou ontblote vel en sy hou 'n bloed-makietie. En jy besef dit moontlik nie eens nie.

Eers agterna krap jy vir ŉ vale aan die rooi en bultende klein gevolge van die vrypostige muskiet se brassery.

Verpestelike klein Dracula! Wie gee haar die reg om jou so te treiter?

Hoe ook al, as haar bietjie bloed steel maar al was, kon ŉ mens miskien-miskien nog hierdie hoogs lastige bytertjie so halfpad geduld het. Wat egter veel erger is, is dat die muskietwyfie onmoontlik kan besef watter onnoemlike ellendes sy alles op aarde veroorsaak.

Malaria, geelkoors, knokkelkoors, harsingsontsteking—en nog sowat tagtig virussiektes wat aan muskiete gewyt word—het saam reeds miljoene mense in hul graf laat beland.

Die muskietwyfie, het ons gesê? Inderdaad. Raar maar waar, die mannetjiemuskiet is geen bloedsuier soos sy nie. Hy's 'n doodsedige jansalie wat heeltemal tevrede is om lewenslank aan niks anders as nektar te teug nie. Ook vrugtesappe en selfs vuil water is op sy geheelonthouer-spyskaart.

Dit is dus sy wyfie wat haar lyf bloedsuier hou en so venynig op jou lyf te kere gaan. Tot haar verdediging kan miskien tog gesê word dat sy die proteïen in jou bloed broodnodig het. Sonder bloed kan sy immers nie haar eiers lê sodat die muskietnasie kan voortbestaan nie.

'n Aantal van die meer as 3000 muskietsoorte wat wêreldwyd voorkom, is die draers van al die pestilensies waarvan ons hierbo gepraat het. Suidelike Afrika is die gasheerstreek vir nagenoeg 500 muskietsoorte. Malaria is beslis die bekendste muskietverwante siekte.

Uit: http://www.mieliestronk.com/index.html

1) ŉ Makietie is ŉ partytjie of ŉ fees. Wat, dink jy, is ŉ "*bloed-makietie*" volgens hierdie leesstuk?

2) Die woord "*vrypostig*" beteken "voorbarig" of "skaamteloos." Waarom, dink jy, is die muskiet sonder skaamte?
3) Die woord "*brassery*" beteken "oordadige – heeltemal te veel – etery en drinkery" Wat beteken dit in hierdie leesstuk?
4) Wat is ŉ "*Dracula*"?
5) Watter siektes kan jy alles kry as ŉ muskiet jou byt?
6) Waarom is dit die muskietwyfie, en nie die mannetjiemuskiet nie, wat jou bloed nodig het?
7) ŉ Jansalie is ŉ lamsak. Dink jy die mannetjiemuskiet is ŉ lamsak?
8) Hoe verskil die "*spyskaart*" van die mannetjiemuskiet van dié van die muskietwyfie?
9) Waar in Namibië tref ons die malariamuskiet aan?
10) Watter voorsorg moet jy tref voordat jy na ŉ malariagebied toe gaan?

28. **Muskietjag** deur A.D. Keet

Jou vabond, wag, ek sal jou kry,
van jou sal net ŉ bloedkol bly
        hier op my kamermure.
Deur jou vervloekte gonsery,
deur jou gebyt en plaery
        kon ek nie slaap vir ure.

Mag ek my voorstel, eer ons skei,
eer jy die doodslag van my kry –
        my naam is Van der Merwe.
Muskiet, wees maar nie treurig nie,
wees ook nie so kieskeurig nie,
        jy moet tog ééndag sterwe.

Verwekker van malaria,
sing maar jou laaste aria –
        nog een minuut vir grasie.
Al soebat jy nou nog só lang,
al sê jy ook: ek is nie bang,
        nooit sien jy weer jou nasie...

Hoe sedig sit hy, o, die ding!
Sy kinders kan maar kranse bring,
        nóu gaan die vabond sterwe...
Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dóód sal hy, sowaar, ek sweer –
        My naam is Van der Merwe!

Uit: *Nuwe Klein Verseboek*. Tafelberg, 1982.

1) Wie is die "jy" en "jou" in die gedig?
2) "*Van jou sal net ŉ bloedkol bly*". Kies een van die volgende. Die versreël is ŉ ...
    a. stelling
    b. dreigement
    c. vraag
    d. antwoord
3) Lees die eerste strofe. Hou die spreker van die muskiet? Hoekom?/Hoekom nie?
4) Waarom is die muskiet in strofe 2 "*treurig*"?
5) Die spreker sê die muskiet moet nie "kieskeurig" wees oor die manier waarop hy doodgaan nie. Watter dood, dink jy, sal die muskiet verkies? Watter dood het die spreker vir hom in gedagte?

6) Weet jy watter geluid ŉ muskiet maak as hy so rondvlieg? Waarom pas dit dat die spreker sê die muskiet moet sy laaste area (lied) sing?
7) Waarom is daar drie kolletjies aan die einde van ...
    a. die woord "*nasie*..."?
    b. die woord "*sterwe*..."?
8) Wat is ŉ "*vabond*"?
9) Watter voornaamwoorde gebruik die spreker in die laaste strofe vir die muskiet? Is dit korrek volgens die leesstuk hierbo? Indien nie, skryf die korrekte voornaamwoorde neer.
10) Een van die woorde in die laaste strofe boots ŉ klank na. Watter woord is dit? Wat sê daardie klank vir die leser?
11) Aan wie se kant is jy – die muskiet of die spreker se kant? Waarom het jy so gekies?
12) Gesels in julle groepe oor hoe malaria bekamp kan word in Namibië.
13) Skryf die interessante rymskema van hierdie gedig neer.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 4* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## Tema: Grillers

29. **Die Spook** deur Bernie Visser

Een aand net na ete
begin oom Fanie met sy streke.
Al het Mammie dit verbied,
weet hy
dat ons spookstories die meeste geniet.
"Daar onder by die watersloot
is ou Moos mos een nag dood.
Hy was ryk en vet en groot:
die mense sê: 'Hy's in die water gestoot!'
Daarom spook dit daar...
Moos soek na sy moordenaar!"
Later loop ek allenig deur die gang.
Skielik vat iets my aan die wang.
ŉ Rilling trek deur my lyf
en my ledemate skrik stok-, stokstyf.
Nou krul dit stadig om my keel
en begin oor my wang te streel en streel...
Ek klap en skree en gryp en gil...
Toe bly ek ewe skielik stil...
Verslae staan ek met ŉ haarsliert in my hand.
Dit was die spokerige kalant!

Uit: *Oe-la-la* deur Bernie Visser

1) Wie, dink jy, is die spreker in die gedig: Is dit ŉ seun, ŉ meisie of ŉ grootmens?
2) Vertel in een sin wat in versreëls 1 – 5 gebeur.
3) Beskryf hoe iemand is as hy vol streke is.
4) Waarom wil Mammie nie hê oom Fanie moet spookstories vertel nie?
5) In watter reëls word die spookstorie vertel? Watter leestekens sê dit vir ons?
6) Sê in jou eie woorde hoe die spreker voel nadat die spreker die storie gehoor het.
7) Waarom word "*stok-*" in reël 15 herhaal?

8) Die woord "stokstyf" is ŉ intensiewe vorm – dit sê dat die spreker se ledemate baie, baie styf was. Gee die intensiewe vorm vir "bang" en "allenig".
9) Was dit toe regtig ŉ spook? Verduidelik.
10) Wanneer sal ons sê iets of iemand is ŉ **kalant**? (Gebruik ŉ woordeboek.)
11) Die drie kolletjies wat dikwels in die gedig gebruik word, noem ons "stippels". Hoekom, dink jy, word dit gebruik? Watter gevoel wek dit by jou?
12) Skryf die rymwoorde in die gedig neer. Watter reël rym glad nie met enige van die ander reëls nie?
13) Die rym in hierdie gedig is .......................................

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 5* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

## Tema: Oseane

30. **Vakansietyd** deur Elizabeth Fourie

Vakansie is net om die draai
dis weer tyd om die motor te laai
"Ag, Pa, maak tog gou!
Ons wag net vir jou!
En dan kan ons lekker laat waai."

Die fles met koffie is in
die feestyd gaan netnou begin
gepak is my tas
my gordel is vas
die tyd na die see toe raak min.

"Ek sien die see ..."
"Ag, Ma, kan ons sommer nou dadelik gaan swem?"

Sambrele, sambrele – ŉ bloue, ŉ gele
staan oral gepak op die strand,
die grafies en emmers, die mooiste kastele
gebou van die spierwitte sand.

Die kinders wat skater
en plas in die water
Pa lê so lui op sy rug
Desembervakansie
Die son dans ŉ dansie
en lag in die helderblou lug.

* * *

Vakansie is lankal verby
en ons het terug huis toe gery.
ŉ Volgende keer
dan gaan ons maar weer
om al die sambrele te kry.

1) Waarom gaan hou mense so graag vakansie by die see?
2) Watter vakansiemaand word hier beskryf?
3) Wat beteken dit as iets "*om die draai*" is?

4) Wat beteken dit om te "*laat waai*"? Sal jy vir jou juffrou of meneer sê om te laat waai? Waarom pas dit in die gediggie?
5) In die tweede strofe kan "feestyd" na twee dinge verwys. Watter twee?
6) Na watter "gordel" word daar in die tweede strofe verwys? Vertel waarom ŉ mens so ŉ gordel moet aansit?
7) Waarom word die derde strofe ingekeep of begin die versreëls nie op dieselfde plek as die ander versreëls nie?
8) Is die gesin in die vierde en vyfde strofes nog in die motor? Gee bewyse vir jou antwoord uit die gedig.
9) Wat doen die kinders as hulle "*skater*"?
10) Hoe verskil die dinge wat Pa en die kinders doen? Waarom, dink jy, verskil dit so?
11) Kan die son regtig lag en dans? Met wie of wat word die son hier vergelyk? Wat beteken die laaste twee versreëls van strofe 5 dan eintlik?
12) Na die drie sterretjies volg die laaste strofe. Waar is die gesin nou? Waarom, dink jy, is die drie sterretjies daar?
13) Skryf die interessante rymskema van strofe 1 en 2 neer.

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 5* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

---

## Tema: Vlieg

31. **Op vlerke** – Anoniem

Van Oktober tot Maart
duik ons met ŉ vaart
deur Afrika se lug
en slaan ons bollemakiesie
in ons vlug.

Soms sit ons soet in ŉ ry,
soms gaan soek ons klei
om ons nessies te plak
– nie op ŉ tak
sommer onder die mense se dak!

Maar aan net een land
kan ons nie ons hart verpand.
As die koue ons laat ril,
wéét ons wat ons wil:
Ons swiep oor die see,
ons ry op die wind
tot ons die somer
en die son weer vind.



Uit: *Afrikaans ons taal Graad 5* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

1) Wie of wat word in die gediggie hierbo beskryf? Gee vier bewyse uit die gedig hoekom jy so sê. Kyk ook na die prent om jou na die regte antwoord te lei.
2) Waar, dink jy, sit hierdie voëltjies soet "*in ŉ ry*"?
3) Waarvan bou hierdie voëls hul nessies?
4) Waar bou hulle hul nessies?
5) Wat beteken dit wanneer jy "*jou hart verpand*"? Wat beteken hierdie uitdrukking in hierdie gedig?

6) Lees nou weer die vierde reël in die laaste strofe hardop. Watter klank hoor jy drie maal? Wat, dink jy, word hiermee beklemtoon?
7) Wat beteken die woord "swiep"? Hoe beweeg die voëls dus oor die see?
8) Hierdie voëls word ook wind............... genoem, omdat hulle op die wind ry.
9) Hoekom bly hierdie voëls net van Oktober tot Maart in die suidelike halfrond in lande soos Namibië en Suid-Afrika? (strofe 1 en 3)?
10) Die strofes is nie almal ewe lank nie. Kan jy aan 'n rede dink waarom die laaste strofe langer is as die vorige strofes?

---

## Tema: Diereplesiere

32. **'n Muis in die huis** deur Franci Greyling

"Hier's 'n muis in die huis!" skree Ma verskrik
en spring op die tafel dat die pote ruk,
dat die koppies van die tafel val
en die muisie woerts by die deur uit nael.

"'n Muis in die huis?" roep Pa verbaas.
"Is dit die rede vir die groot geraas?
Gee hier die besem, bring die flits!
Ek jaag hom weg – die stoute klits!"

"Hier's 'n muis in die huis," sê ek te bly.
"Nou gaan ek tog 'n geldjie kry.
In my tekkie, onder die bed,
Dis waar ek my voortand het ..."

"Hier's 'n muis in die huis!" piep muis verskrik
en hol deur die gang dat sy stertjie wip.
"Waar is die kamer, waar is die tekkie
waar is die beste wegkruipplekkie?"

"EEEEEEEEEEEEEEAAAAAAAAAAAAAA!"

Uit: www.storiewerf.co.za

1) Waaroor gaan hierdie gedig?
2) Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?
3) Tel gou die versreëls. Uit hoeveel versreëls bestaan ...
   a. elke strofe?
   b. die hele gedig?
4) Wie is die digter van hierdie gedig?
5) Waar het die gedig die eerste keer verskyn?
6) Voltooi die volgende sin: Die spreker in hierdie gedig is 'n (ek-spreker/derdepersoon-spreker).
7) Skryf die rymwoorde neer van strofes 3 en 4. Die rym in hierdie twee strofes is (paarrym/kruisrym).
8) Is die gedig se ritme vinnig of stadig? Gee 'n rede vir jou antwoord.
9) Die digter gebruik woorde om klanke na te boots. Onderstreep die woorde wat klanke naboots in die volgende versreëls:
   a. *en die muisie woerts by die deur uit nael*
   b. *"Hier's 'n muis in die huis!" piep muis verskrik*

10) Wie, dink jy, skree in die laaste versreël: "EEEEEEEEEEEEEEAAAAAAAAAAAAAA!" ?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 1* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## Tema: Dorings

33. **Toetskoors** deur Piet Swanepoel

Een môre – wanneer was dit tog –
o ja, toe ons die toets sou skryf,
dié oggend voel ek sommer siek
met pyne in my kop en lyf.

My ma het aan my kop gevoel
en toe gesê: "Ja-nee, ou Doors,
ek moet bepaald die dokter kry
want jy't sowaar 'n hoë koors."

Die dokter het my ondersoek,
my longe, ore, en my keel.
Toe knik hy met sy kop vir Ma:
"Mevrou, ek dink ek weet wat skeel."

Hy neem sy spuit en trek dit vol,
en toe raak ek opreg benoud.
Hy trek die lakens weg en sê:
"Vir skoolsiek – een in elke boud!"

1) Watter oggend het Doors siek geword?
2) Om toetse te skryf was "*'n doring in die vlees*" vir Doors. Wat beteken hierdie uitdrukking?
3) Waarom het sy ma besluit om die dokter te laat kom?
4) Watter liggaamsdele het die dokter ondersoek?
5) Wanneer het Doors benoud geword?
6) Watter soort behandeling het Doors vir sy siekte gekry?
7) Was Doors werklik siek? Hoe weet jy dit?
8) Wat beteken die woord "*skeel*" in die laaste versreël van strofe 3?
9) Wat, dink jy, was die reaksie van die spreker – wat het hy moontlik gesê en gedoen – nadat die dokter vir hom (Doors) 'n inspuiting in elke boud wou gee?
10) Het jy al "skoolsiekte" gehad? Vertel die klas daarvan.
11) Onderstreep al die rymwoorde in die gedig.

Uit: *Knapsak*, saamgestel deur P.J. du Toit.

## Tema: Lig/Lug

34. **My inplakboek** deur J.F. Spies

Die blou lug is 'n inplakboek
waardeur ek ure lank kan blaai.
Die wolkeprente wat ek soek,
kom oor die berge aangewaai.

Daar’s prente van byna elke ding:
’n motor, vliegtuig en ’n trein,
’n aap, ’n tier, ’n bok wat spring,
’n walvis, draak, ’n pikkewyn.

Voordat die son sy voordeur sluit,
sal hy daar op sy drumpel wag,
my prente eers met sy kleure spuit –
dan stil-stil wegsak in die nag.

Uit: *Sonroepertjies* deur J.F. Spies

1) Voltooi die volgende sin: Die spreker in hierdie gedig is ’n (ek-spreker/derdepersoon-spreker).
2) Wat bedoel die spreker as hy sê die lug is sy “*inplakboek*”?
3) Maak ’n lys van die wolkprente wat die spreker gesien het.
4) Watter wolkprente het jy al gesien?
5) Sê dit in jou eie woorde: “*Voordat die son sy voordeur sluit*”. Die son sluit sy voordeur net soos ’n ................... sy voordeur sluit.
6) Op watter “*drumpel*” wag die son?
7) Wat word bedoel met die son wat die wolke “*met sy kleure spuit*”?
8) Hoe weet jy dat die son nie met ’n geraas wegsak nie?
9) Waar sak die son weg?
10) Wat gebeur nadat die son weggesak het?
11) Verbind die woorde in elke strofe wat rym met ’n lyn. In hierdie gedig kry ons (paarrym/kruisrym).

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 5* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

## Tema: Proe-proe

35. **Springmielies** deur Nic J. Strydom

Ons gooi die mielies in die pot
en sit die deksel op.
Ons draai die plaat op hoogste graad
en luister vir die eerste skop.

Hoor jy die mieliepitte spring
en teen die deksel klap?
Nes hael wat op die sinkdak val:
Klakke-latte! Klakke-lap!

Ons haal die deksel suutjies af . . .
Dalk maak dit nog amok!
Dáár lê die pitte oopgebars,
spierwit, net soos kapok.

Ons strooi daar sout of suiker oor
en gooi dit uit die pot.
Dan gryp ons handevol daarvan
en eet dit met genot!

Uit: *Kleuterverseboek* deur D.J. Opperman, Tafelberg-uitgewers, 2005.

1) Wat moet 'n mens eerste in die pot gooi (dit word nie in die gedig genoem nie)?
2) Skryf die metode om springmielies te maak, puntsgewys (1. 2. 3. ) neer (Gebruik strofe 1 in jou antwoord):
   1 Gooi ...........................................................
   2 Sit ...............................................................
   3 Draai ...........................................................
   4 Luister ........................................................
3) Hoe klink die springmieliepitte wat in die pot spring vir die spreker in die gedig?
4) Gee ander woorde vir "*suutjies*" en "*amok*".
5) Hoe moet die deksel afgehaal word? Hoekom?
6) Hoe lyk die springmielies as hulle reg is?
7) Wat strooi 'n mens oor springmielies? Waarvan hou jy die meeste?
8) Hoe weet jy dat die mense baie van springmielies hou?
9) Skryf die woorde neer wat rym in die gedig. Verduidelik hoe die rymwoorde die idees in die gedig verbind, byvoorbeeld: As ons die deksel **op**gesit het, moet ons wag vir die eerste sk**op**.
10) Skryf die vergelyking neer wat in strofe 2 voorkom.
11) Skryf die vergelyking neer wat in strofe 3 voorkom.

---

## Tema: Proe-proe

36. **Pannekoek bak** deur Kleinjan

Allewiek! Allewak!
Ons gaan pannekoek bak
met suiker en melk en eiers,
met regtige eiers en regtige melk,
met 'n lepeltjie suiker en botter vir elk.
Allewiek! Allewak!
Ons gaan pannekoek bak!

Die deeg is al klaar,
die botter is daar,
die pan staan en sis op die vuur.
Die pannekoek praat,
ou maat, ou maat!
En Boet gaan die skottel al haal.
Die pannekoek groei tot 'n yslike berg
van pannekoek-pannekoek opmekaar
in die skottel se bek,
wat sommer wyd rek
om die pannekoek op te saal.
Aits, Mammie, so 'n pannekoek ruik vir jou ver!
Ons gaan eet, ons gaan eet
dat ons magies so rek,
en as die bord leeg is,
sal Mammie nog haal!
Allewiek! Allewak!
Ons gaan pannekoek bak!
Hoerê!

Uit: *Kleuterverseboek* deur D.J. Opperman, Tafelberg-uitgewers, 2005.

1) Wat is die titel van hierdie gedig?
2) Die skrywer van ŉ gedig word ŉ ....................... genoem. Wie is die skrywer van die gedig?
3) Pannekoek word met meel, ŉ bietjie sout, water, ................. en ............... gemaak.
4) Wanneer jy pannekoek eet, gooi jy kaneel............ oor.
5) Wie, dink jy, bak die pannekoek vir die huisgesin?
6) Wat gooi hierdie persoon eers in die pan om te verhoed dat die pannekoek vasbrand in die pan? Jy vind die antwoord in die eerste paar versreëls van strofe 2.
7) Die spreker sê: "*Die pannekoek praat*." Hoe, dink jy, praat die pannekoek?
8) Verduidelik hoe die pannekoek tot ŉ yslike berg kan groei.
9) Die spreker sê: "*...so ŉ pannekoek ruik vir jou ver*!" Sê in jou eie woorde wat die spreker hiermee bedoel.
10) Hoe weet jy die huisgesin hou baie van pannekoek?
11) Hoe voel die spreker oor die feit dat hulle pannekoek gaan bak? Watter woord sê dit vir jou?
12) Wie is die uitgewer van *Kleuterverseboek* waarin hierdie gedig verskyn het?
13) Wie het die bundel "*Kleuterverseboek*" saamgestel?

---

## **Tema: Grillers**

37. **Vlermuise en vlooie** deur Bettie Aucamp

Koorspraak

***Dogters:***
ŉ Vlermuis, ou kinta, pas op!
Hy koek in jou hare
maak vreeslike nare
geluide en skop
tot hy magteloos
lê en tjirr op jou kop,
so sê my groottante Sarie.

***Dogters en seuns:***
My oë rek al groter – ek skrik!
Want wat ŉ penarie:
ŉ vlermuis verstrik
en gekoek in my hare
en vreeslike nare
geluide so tjir-r-r op my kop!

***Seuns:***
En mý oupa Sors
sê dis nou maar wors –
koffie is glad nie so goed,
want alte veel koffie, ou boet,
gee vlooie wat byt en wat knaag,
wat rondspring so kirr! in jou maag.

***Dogters en seuns:***
Vlooie wat byt en wat knaag,
wat rondspring so kirr! in my maag?
ŉ Vlermuis gekoek in my hare?
Ag, die wêreld is vol van gevare.

***Dogters:***
Maar nou weet ek waarom tant Sarie
vandag nog ŉ wolmussie dra . . .
***Seuns:***
en Oupa se maag tog so groot is –
dis vlooie wat binne-in pla!

Uit: *Nuwe Klein Verseboek*. Tafelberg, 1982.

1) Wat beteken die woord "koorspraak" net na die titel?
2) In strofe 1 word die spreker gewaarsku.
    a. Watter waarskuwing kry die spreker oor ŉ vlermuis?
    b. By wie het die spreker hierdie waarskuwing gekry?
3) Skryf die twee opeenvolgende woorde uit strofe 1 neer wat bewys dat die spreker ŉ meisie is en liefdevol aangespreek word.
4) Volgens die spreker is ŉ vlermuis gevaarlik. Ons lees dit in strofes 1, 2 en 4. Wat, volgens die spreker, maak ŉ vlermuis gevaarlik?
5) ŉ Vlermuis maak ŉ kenmerkende geluid.
    a. Watter geluid maak die vlermuis?
    b. Wanneer, volgens die gedig, maak hy hierdie geluid?
6) Hoe reageer die spreker as sy aan ŉ vlermuis in haar hare dink?
7) Skryf ŉ woord uit die gedig neer wat dieselfde beteken as "in die moeilikheid wees".
8) Wie is Sors?
9) Hoe word die seun deur die oupa aangespreek?
10) In strofe 3 word die spreker gewaarsku dat koffie nie goed is nie.
    a. Waarom, volgens oupa Sors, is koffie nie goed nie?
    b. Watter uitdrukking word gebruik om te sê "dis nou maar so"?
11) Watter drie dinge – volgens die gedig – doen ŉ "*vlooi*" in jou maag?
12) In strofe 5 gebruik die digter drie stippels. Waarom dink jy is dit so?
13) Waarom, dink die spreker, dra tant Sarie ŉ wolmussie?
14) Hoekom, volgens die spreker in die laaste strofe, is Oupa se maag so groot?
15) In watter bundel het die gedig verskyn? Wie is die uitgewer van die bundel en wanneer is die bundel gepubliseer?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 2* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## Tema: Diereplesiere

38. **Die olifant** deur Jan Kromhout

Die olifant stap so stadig en swaar,
en sy slurp swaai hy hiernatoe en dan weer daar.
Maar kom daar dalk kinders met neute verby,
swaai hy dit op om hul te kry.

Die oppasser gee hom daagliks sy voer,
in sy hok slaap hy rustig op die harde vloer.
Maar vroeg in die oggend dan is hy weer vry
vir ons om op sy rug te ry.

En as ons dan almal bo-op hom sit,
dan swaai hy sy stertjie en geniet hy dit.
Hy loop met ons rond met die grootste plesier
want hy’s ’n goeie, liewe dier.

Uit: *Keur vir ons kinders* deur Jan Kromhout. J.L. van Schaik Uitgewers. 1997

1) Is hierdie olifant in ’n wildtuin of ’n dieretuin?
2) Hoe stap die olifant?
3) Watter woord in die eerste reël wys vir ons dat die olifant baie weeg omdat hy groot is?
4) Hoe swaai hy sy slurp?
5) Waarom swaai hy sy slurp “*op*” in versreël 4 van strofe 1?
6) Wat gee sy oppasser elke dag vir hom?
7) Waar moet die olifant slaap?
8) Wanneer maak die oppasser sy hok oop?
9) Waarom maak die oppasser sy hok oop?
10) Wie, dink jy, help die kinders op die olifant se rug?
11) Hoe weet jy dat die olifant dit geniet?
12) Wat dink die spreker in die gedig van die olifant?
13) Bespreek in julle groepe hoe julle oor wilde diere voel wat in hokke aangehou word.
14) Die eindrym is .....................................
15) In watter bundel het die gedig verskyn? Wie is die uitgewer van die bundel en wanneer is die bundel gepubliseer?

---

## *’n Gedig vir lekker lees*

39. **Die woning van my drome** deur Helena Wasserman

Hierdie groot huis is net myne,
hier's geen raas of hoesmedisyne.
Niemand sê wat ek moet doen:
"Bly nou stil", "Trek aan jou skoen".

Vir ontbyt eet ek kaaskrulle,
drink melk sonder vitamienpille.
Daar is pizzas sommer vrieskaste vol
én elf honde wat in die huis rondhol.

Drie dubbelbeddens is my ding:
een vir slaap en twee vir spring.
Vier selfone wat nét vir my lui
en niemand wat met my baklei.

Hier is geen seep en geen waslappies,
net see en sand en piepklein krappies.
Ook ponies, perde en ’n fliek,
en langsaan staan my roomysfabriek.

Daar is apies in die bome
by die woning van my drome.
En ’n bord op die prieel:
*Dié huis word nie gedeel!*

## B. Afrikaanse gedigte vir Graad 5 – Afrikaans Tweede Taal

**Spesifieke doelstelling**: Leerders behoort in staat te wees om sleutelaspekte van gedigte uit te wys soos die titel, inhoud, atmosfeer.

**Tema: ’n Kat kan ver loop**

40. **Die springkat** deur Helma Laubscher

Kat spring op,
kat spring af,
as kat sê spring, moet muisie draf.

Kat spring hier,
kat spring daar,
as kat sê spring,
is daar gevaar.

Uit: *Lees sonder grense 5 Die Luiperd-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1) Wat is die titel van die gedig en wie het die gedig geskryf?
2) In strofe 1 spring die kat .................. en ................
3) Wanneer moet muisie draf?
4) In strofe 2 spring die kat .................. en ................
5) Wanneer is daar gevaar?
6) Hoekom, dink jy, is daar gevaar?

---

**Tema: ’n Kat kan ver loop**

41. **Kat en hond** deur Alma Visser

Mevrou Van der Watt
het ’n groot swart kat;
mevrou Du Pont
het ’n groot bont hond.

“Jou hond byt my kat!”
skreeu mevrou Van der Watt
“Jou kat krap my hond!”
gil mevrou Du Pont.

“Hou jou mond, Du Pont!”
“Jy’s ’n kat, Van der Watt!”
So baklei kat en hond,
Van der Watt en Du Pont.

Uit: *Lees sonder grense 5 Die Luiperd-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1) Hoe lyk mevrou Van der Watt se kat?
2) Hoe lyk mevrou Du Pont se hond?
3) Wat doen die hond aan die kat?

4) Wat doen die kat aan die hond?
5) Hoe reageer mevrou Van der Watt en mevrou Du Pont hierop?
6) Wat beteken dit as jy vir iemand sê om sy mond te hou? Is dit mooi om vir iemand so te sê?
7) Wat noem mevrou Du Pont vir mevrou Van der Watt?
8) Wanneer sê ons so iets vir iemand? Voltooi die volgende sin om die vraag te beantwoord: Ons sê so iets vir iemand as die persoon .................................. (verbuiging van "kat") is.
9) Voltooi die volgende sin: Die twee vrouens baklei soos .......................... en .......................

**Tema: Diererympies**

42. **Te vinnig** deur Elizabeth Wasserman

Jagluiperd hardloop dat die stof soos staan,
sy dink die veld is 'n resiesbaan.
Oppas, Mevrou, met jou vinnige voete,
as die verkeersman jou sien, kry jy 'n boete.

1. Wat beteken die uitdrukking: Sy hardloop "*dat die stof soos staan*"?
2. Die jagluiperd in die gedig is 'n (jagluiperdmannetjie/jagluiperdwyfie).
3. Die jagluiperd word (formeel/informeel) aangespreek in die gedig. Verduidelik waarom jy die woord gekies het.
4. Waarmee vergelyk die spreker in die gedig die jagluiperd?
5. Wat beteken dit om 'n boete te kry?
6. Met watter letters (klanke) begin die volgende groepe woorde en wat word in elke geval beklemtoon?
    a. "*stof soos staan*"?
    b. "*vinnige voete*"?

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 5,* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

**Tema: Diererympies**

43. **Luiperd** deur Elizabeth Wasserman

'n Luiperd is in werklikheid
nie regtig vreeslik lui nie,
en hy is beslis nie die soort perd
waarop jy graag wil ry nie.

1. Wat beteken die uitdrukking "*in werklikheid*"?
2. Kies die regte woord:
    a. 'n Luiperd is nie 'n (lui/flukse) dier nie. Hy is eintlik (lui/fluks), daarom is sy naam verkeerd.
    b. 'n Luiperd is nie (mak/wild) soos 'n gewone perd nie, hy is 'n (mak/wilde) dier.
3. Watter woord sê vir jou dat mense definitief nie op 'n luiperd ry nie? Sal jy graag op 'n luiperd wil ry? Gee 'n rede vir jou antwoord.
4. Waar sal jy 'n luiperd kry?

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 5,* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

**Tema: Dierery mpies**

44. **Aap se skool** deur Elizabeth Wasserman

In Aap se skool kry kinders klas
in boomklim en lawaai.
Hoeveel twee plus twee is,
sal hulle net kan raai.
Dit is tog veel belangriker
om bollemakiesie te slaan,
as om kiertsregop in reguit rye
voor die klas te staan.
Die alfabet is maar min pret,
wie wil nou leer van somme?
Want watter aap kan meer vlooie vang:
ŉ slim een of ŉ domme?
Wil jy ŉ aap wees? Wees gerus,
jy hoef nie veel te leer nie.
En as jy dop, is dit ook goed,
want niemand
hier presteer nie.

Uit: *Meerkatrestaurant en ander rympies*, LAPA, 2009.

1. Verduidelik of demonstreer wat die uitdrukking "*bollemakiesie slaan*" beteken.
2. Die woord "*kiertsregop*" beteken ..........................................
3. Wat beteken dit om te "*presteer*"?
4. Watter vier sinne pas by die ape se skool? Watter vier sinne pas by die mense (kinders) se skool? Skryf hulle in twee kolomme:
   - Leer van boomklim en lawaai.
   - Leer die alfabet.
   - Leer om vlooie te vang.
   - Leer om bollemakiesie te slaan.
   - Leer van somme (twee plus twee).
   - Leer om in reguit rye te staan.
   - Hoef nie veel te leer nie.
   - Dit maak nie saak as hulle dop (*fail*) nie.
   - Hulle moet slaag om verder te gaan.

| **Ape se skool** | **Die kinders se skool** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 5*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

**Tema: Diererympies**

45. **’n Pyn in die nek** deur Elizabeth Wasserman

Kameelperd het haar nek verrek,
van hoër
en hoër
en
hoër
strek.

Sy wou so graag die langste wees.
Nou ly sy aan HOOGTEVREES.

Uit: *Meerkatrestaurant en ander diererympies*, Lapa, 2009

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 5*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

1. Wat het gebeur met kameelperd se nek?
2. Waarom het dit gebeur?
3. Wat beteken die woord “*strek*”?
4. Waarom het die kameelperd al hoër gestrek?
5. Hoe weet jy dat die kameelperd baie hoog probeer strek het?
6. Waaraan ly die kameelperd nou?
7. Wat beteken dit om te “*ly*”?
8. Watter woorde in die gedig sê vir jou dat die kameelperd in die gedig ’n kameelperdwyfie is? Skryf **TWEE** woorde neer.

---

**Tema: Reis saam**

46. **Sakabula** deur Tienie Holloway

Sakabula, sakabula,
flap, flapvink;
onder in die vlei
waar die beeste drink!
Laag oor die gras
waar sy wyfies broei.
Hy stoei in die wind
en die windjie stoei;
sy vere waai skeef
en sy vlerkies roei –
swaar is sy lot as
sy stertvere groei.
Sakabula, sakabula,
flap, flapvink!

Uit: *Lees sonder grense 5 Die Luiperd-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1) “Sakabula” is die Zoeloenaam vir die ....................... As die Zoeloes jou ’n Sakabula noem, bedoel hulle dat jy flirt en spog en pronk om aandag te trek. Dit is presies wat die .......................... flapvink doen om die wyfies se aandag te trek. (Voltooi hierdie sinne)

2) Waar word die flap of flapvink gewoonlik aangetref?
3) Wat is 'n "*vlei*"? Waarom kom flapvinke nie in Namibië voor nie?
4) Na watter land sal jy reis om flapvinke te sien?
5) Waar broei die flapvink se wyfies?
6) Dink jy die flapvink pas sy wyfies op?
7) Hoe weet jy dat die flapvink nie goed in die wind kan vlieg nie?
8) Hoe weet jy dat die stert van die flapvink hom hinder om te vlieg? Watter woorde het dit vir jou gesê?
9) Wat beteken die uitdrukking "Sy lot is swaar"?
10) Wanneer is hierdie voël se lot swaar?
11) Kan jy aan 'n rede dink waarom sy lot swaar is?
12) Kan jy aan 'n rede dink waarom woorde "*Sakabula, sakabula, / flap, flapvink!*" in die eerste twee en die laaste twee reëls van die gedig herhaal word?


Mannetjie

Wyfie

Die flapvink kom voor op die hooglande van Kenia, Angola, die suidelike dele van Zair en in Suidelike Afrika. In Suidelike Afrika kom dit in die volgende gebiede voor: die Oostelike Kaapprovinsie, die Oranje Vrystaat, Lesoto, Transkei, KwaZulu Natal, Swaziland en Transvaal.

---

**Tema: Diere met of sonder sterte**

47. **Jakkals** deur Helene J.F. Lochner

Een helder maanlignag
gaan Jakkals na die plaas;
rondgeloer en wag
of honde nie sal raas.

Gou op sagte voetjies
kruip hy na die hoenderhok;
baie, baie soetjies
begin hy daar te jok:

"Ek het jul baie lief!"
"Kê, kê!" lag almal daar.
"Kom nader, asseblief" –
want Jakkals wou verjaar.

“Roep tog die honde gou!”
Haan gee een harde kraai.
Vos skrik hom flou
en maak ŉ jakkalsdraai!

Uit: *Nuwe Klein Verseboek,* Tafelberg, 1982.

1. Watter tyd van die nag, dink jy, speel hierdie gebeure af?
2. Kies die regte antwoord: Die jakkals is ...
    a. in die wildtuin.
    b. op ŉ plaas.
    c. in die dieretuin.
3. Wat wou die jakkals daar gaan doen het?
4. Wat het die jakkals gedoen voordat hy die hok bekruip het?
5. Skryd die woord neer wat beskryf dat hy die hoenderhok **vinnig** bekruip het.
6. Watter leuen het die jakkals vertel?
7. Wie het alarm gemaak sodat die honde kan hoor?
8. Wat beteken dit as die jakkals ŉ jakkalsdraai maak? Voltooi die volgende: Die jakkals maak ŉ (kort/lang) draai om van die honde weg te kom.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 1* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## Tema: Kos en ander advertensies

48. **Moenie die melk vergeet nie** deur Jaco Jacobs

As jy dalk later kafee toe gaan,
bring asseblief ŉ paar goedjies saam:
ŉ liter koeldrank,
geel kaas met ŉ rooi kant
en vandag se koerant
(EN MOENIE DIE MELK VERGEET NIE!)

Hoe laat is dit nou? Is die winkel
nog oop?
Sal jy asseblief die paar goed
vir my koop?
ŉ Dosyn eiers,
ŉ sakkie lemoene,
botter, ŉ halwe kilogram,
en ook ŉ paar stukkies ham.
(O, EN MOENIE DIE MELK VERGEET NIE!)

Daar’s nog ŉ paar dinge op my
inkopielys:
ŉ Pakkie rys en hoendervleis.
Appels en wortels (ses van elk) ...
(EN ONTHOU ASSEBLIEF VAN DIE MELK!)
O, ek sien jy’s terug, maar ...
WAAR IS DIE MELK?

Uit: *My boetie dink hy’s Batman*, LAPA, 2010.

1. Wat het die ek-spreker ( die woordjie "*my*" sê dit vir ons) vir die "*jy*" (aangesprokene) gevra om by die kafee te koop? Maak ŉ lysie.
2. Wat is die belangrikste item wat gekoop moes word? Hoe weet jy dit?
3. Dink jy die persoon wat aangespreek is, het die melk by die kafee gekoop?
4. Hoekom vra die spreker in strofe 2 hoe laat dit is?
5. Sê wat alles by die winkel gekoop moes word. Maak ŉ lysie.
6. Watter belangrike item is nie gekoop nie?
7. Hoe weet jy dat die spreker ontsteld was dat dit nie gekoop is nie?
8. Hoekom is hierdie item so belangrik in die huis?
9. Beskou jy ook hierdie item as die belangrikste item op die lysies wat jy gemaak het? Gee ŉ goeie rede vir jou antwoord.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 5*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

---

## <u>Tema: Ek sien met my oë</u>

49. **<u>Pieterjan en Pieterman</u>** deur Tienie Holloway

Lyk Pieterjan en Pieterman
baie na mekaar?
Nee, Pieterjan en Pieterman
lyk eenders op ŉ haar!

Pieterjan en Pieterman
is altwee uitgenooi,
en Pieterjan en Pieterman
lyk altwee ewe mooi.

Pieterjan en Pieterman
die skater van plesier,
want Pieterjan en Pieterman
is lief vir gemmerbier.

Pieterjan en Pieterman
groet almal met die hand,
maar wie is Jan, en wie is Man?
– Dis bokant my verstand!

Uit: *Lees sonder grense 5 Die Luiperd-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1. Pieterjan en Pieterman "*lyk eenders op ŉ haar*". Sê in jou eie woorde wat dit beteken.
2. Pieterjan en Pieterman is dus ŉ identiese ....................................
3. Waarheen, dink jy, is Pieterjan en Pieterman uitgenooi?
4. Wat beteken die woord "*skater*"?
5. Waarom skater Pieterjan en Pieterman van plesier?
6. Wat is gemmerbier? Het jy dit al gedrink en hou jy daarvan?
7. Waarom en hoe groet Pieterjan en Pieterman die mense?
8. Dink jy die mense ken hulle uit mekaar uit?
9. Wat beteken die uitdrukking: "*Dis bokant my verstand*"?

---

## **Tema: Reis saam**

50. **Die pikkewyn** deur Abraham Fouché

Die lompe, plompe pikkewyn,
die sout seewater is sy wyn:
sy kelderdeur staan altyd oop;
hy wiegel-waggel as hy loop.

O pikkewyn, o pikkewyn,
gee my ŉ bietjie van jou wyn!
O pikkewyn, o pikkewyn,
gee my ŉ bietjie van jou wyn!

Kom drink maar van my lekker wyn;
kom drink maar, sê die pikkewyn.
Dis nie te ruil, dis nie te koop;
my kelderdeur staan altyd oop!

Drink self jou wyn, ou pikkewyn!
Vars water vloei uit die fontein,
en dis gedurig lekker koud:
jou wyn is darem alte sout!

Uit: *Nuwe Klein Verseboek*, Tafelberg, 1982.

1. Watter woorde beskryf hoe die pikkewyn lyk.
2. Pikkewyne is bekend vir hul manier van loop. Hoe loop die pikkewyn in die gedig?
3. Die see word met ŉ .................... vergelyk waarin wyn gebêre word.
4. Watter uitnodiging rig die pikkewyn vir die spreker in die gedig?
5. Kies die regte antwoord en voltooi die volgende sin: Die pikkewyn het ŉ .................... persoonlikheid (personality).
    a. kwaai
    b. nors
    c. vriendelike
6. Hoe verskil die pikkewyn se water en die spreker se water van mekaar?
7. Na watter land sal jy wil reis om pikkewyne te sien? Gebruik die inligting hieronder.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 2* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.





Hulle word veral in die kuswater van Antarktika, in Nieu-Seeland, suidelike Australië, Suid-Afrika, in die suide van Suid-Amerika, die nabygeleë Falkland-eilande en langs die weskus op tot by Peru sover noord as die Galápagos-eilande by die ewenaar aangetref.

## Tema: Dinge wat kan verander

51. **Leef groen** – Anoniem

Ek sê: "Herwin!"
Dit is IN!
Stap eerder as ry:
jy het mos VOETE gekry!
Vat 'n drasak, los die plastiek.
Al die ROMMEL maak my siek!
Plant 'n BOOM vandag,
dan sal môre se kinders lag.
Ek sê: "Herwin en hergebruik,
sodat jy MÔRE die blomme kan ruik."
Ek sê: "Hou die WÊRELD groen.
Dit is die REGTE ding om te doen."

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 5*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

1) Wat beteken dit om te "*herwin*"?
2) "*Dit is in*" is eintlik 'n direkte vertaling uit Engels – naamlik 'n Anglisisme. Wat is die goeie Afrikaanse uitdrukking? Voltooi die volgende vir jou antwoord: Dit is in die m..........e, OF: Dit is gew.....d
3) Gee twee redes waarom jy eerder moet "*stap*" as moet "*ry*".
4) Waarvoor moet jy 'n drasak gebruik? Waarna verwys "plastiek" in hierdie versreël?
5) Watter rommel wat nie deur die natuur afgebreek kan word nie, word vandag die meeste deur mense rondgestrooi? Noem ten minste twee items.
6) Waar eindig hierdie rommel op waar dit as 'n gevaar vir ons samelewing gesien kan word?
7) Ontbosting is 'n baie groot probleem dwarsoor die wêreld. Hoe kan jy help om die probleem op te los?
8) Wie sal in die toekoms bly wees as jy vandg 'n boom plant?
9) Die Munisipaliteit (byvoorbeeld van Windhoek) gee spesiale sakke gratis uit waarin ons arikels kan herwin. Kry so 'n sak in die hande en skryf in Afrikaans neer wat ons alles kan herwin.
10) Wat beteken die versreël: "*sodat jy MÔRE die blomme kan ruik*"?
11) Wat beteken dit om groen te leef en om die wêreld groen te hou?
12) In die gedig is daar sewe woorde wat volledig in hoofletters geskryf is. Kan jy aan 'n rede dink waarom dit in hoofletters geskryf is?

---

## Tema: Mm-Mm, dis lekker

52. **Springmielies** deur Nic J. Strydom

Ons gooi die mielies in die pot
en sit die deksel op.
Ons draai die plaat op hoogste graad
en luister vir die eerste skop.

Hoor jy die mieliepitte spring
en teen die deksel klap?
Nes hael wat op die sinkdak val:
Klakke-latte! Klakke-lap!

Ons haal die deksel suutjies af . . .
Dalk maak dit nog amok!
Dáár lê die pitte oopgebars,
spierwit, net soos kapok.

Ons strooi daar sout of suiker oor
en gooi dit uit die pot.
Dan gryp ons handevol daarvan
en eet dit met genot!

Uit: *Kleuterverseboek* deur D.J. Opperman, Tafelberg-uitgewers, 2005.

Uit: *Lees sonder grense 5 Die Luiperd-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1) Wat moet 'n mens eerste in die pot gooi (dit word nie in die gedig genoem nie)?
2) Skryf die metode om springmielies te maak, puntsgewys (1. 2. 3. ) neer (Gebruik strofe 1 in jou antwoord):
    1 Gooi ............................................................
    2 Sit ...............................................................
    3 Draai ............................................................
    4 Luister ........................................................
3) Hoe klink die springmieliepitte wat in die pot spring vir die spreker in die gedig?
4) Gee ander woorde vir "*suutjies*" en "*amok*".
5) Hoe moet die deksel afgehaal word? Hoekom?
6) Hoe lyk die springmielies as hulle reg is?
7) Wat strooi 'n mens oor springmielies? Waarvan hou jy die meeste?
8) Hoe weet jy dat die mense baie van springmielies hou?

# VI. Gedigte vir Graad 6

## A. Afrikaanse gedigte vir Graad 6 – Afrikaans Eerste Taal

**Spesifieke doelstellings**: Leerders behoort in staat te wees om:

a. die effek van elementêre literêre aspekte soos die vergelyking, metafore, personifikasie en die gebruik van leestekens in gedigte te identifiseer.
b. *die basiese eienskappe van vrye verse en gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym, kruisrym en gebroke rym word vir Graad 6 voorgestel]) – voortbouing op vorige jaar se werk.

**Tema: O, tyd!**

53. **Die verkleurmannetjie** deur C. Louis Leipoldt

Daar op die vy'boom sit die vabond,
so sedig soos 'n predikant;
maar glo tog nie dat hy so vroom is –
nee, regtig nie, hy is astrant!

As jy hom aanraak, dan verkleur hy –
geel, rooi, grys, bruin, en blou en groen;
sy hele vel blink soos die skulpies
se binnekant met perlemoen.

So teem'rig sit hy op sy takkie
die muggies met sy tong en vang,
en met sy ronde oë maak hy
die spinnekoppe algar bang.

Hy draai sy nek soos 'n toktokkie,
of soos 'n papie uit die klei,
en kyk so sedig na die vliegies
as hy die goed nie beet kan kry.

Arrie, ek hou van jou, kleurklasie!
Jy gaan jou lewe deur so mooi;
jy steur jou nie aan wat die mense
so praat of skinder en flikflooi.

Jy steun op niemand nie, kleurklasie –
net op jou takkie en jou tong.
Verkleur maar môre net soos gister;
en as jy oud word, bly nog jong!

1) Met wie word die verkleurmannetjie in die tweede versreël vergelyk?
2) Watter eienskappe het die verkleurmannetjie volgens die eerste strofe?

3) Wat gebeur as ʼn mens die verkleurmannetjie aanraak? Voltooi die volgende sin waarin jy die tussenwerpsel "O, tyd!" (ʼn uitroep van verbasing) gebruik. O, tyd! Kyk, die verkleurmannetjie het ............................ van ................................ na .................................!
4) Wat doen hy terwyl hy op die takkie sit?
5) Hoe kry hy dit reg om die spinnekoppe almal bang te maak?
6) Vang hy al die vliegies naby hom? Hoe weet jy dit?
7) Waarom hou die spreker in die gedig van die verkleurmannetjie?
8) Wat beteken die woord "flikflooi"? Gebruik die woord in ʼn goeie verklarende sin.
9) Waarop maak die verkleurmannetjie staat?
10) Watter ander woord word in hierdie gedig vir ʼn verkleurmannetjie gebruik?
11) Watter versreëls rym telkens in elke strofe? (Hierdie tipe eindrym word gebroke rym genoem.)

Uit: *Knapsak* saamgestel deur P.J. du Toit

## Tema: Blou

54. **Die kleur van vrees** – Anoniem

Ek is soms bang, weet jy,
vir spinnekoppe ... donkerte ... seerkry,
vir donderweer en boewe en baklei,
vir eensaam wees, aan siektes ly.
Ja, ek is soms baie bang. En jy?

En het jou bang ook kleur?
Kom, dink maar weer ʼn keer
en jy sal agterkom jou vrees
kan allerhande kleure wees.

Die hol kol op my maag is groen
as ek ʼn opstel oor moet doen,
en deelneem aan ons atletiek
laat voel my regtig spiérwit siek.

Dat mense dalk met my sal spot –
dié vrees sit soos ʼn harde klont
wat swel bo in my keel;
die kleur daarvan is skreeuend géél.

Die vrees vir straf is skerp en hard,
die kleur daarvan is teerbladswart.
En as my ma en pa baklei,
dan voel ek pers van bang vir skei.

Dat maats my net sal ignoreer –
die vrees daarvoor is grys en seer
en gryp my skouers soos ʼn jas
wat elke keer al nouer pas.

Vir ongelukke en vir pyn,
vir al die siektes wat ʼn mens laat kwyn,
vir moord en roof en vir terreur –
die vrees dáárvoor klop rooi en seer.

Maar ja, daar is ook dinge wat ek vrees,
waarvoor ek soms só bang kan wees,
waaroor ek liewer doodstil bly ...
want ek is ook bang vir praat daaroor ... nes jy.

Uit: ***Ruimland 4*** (Graad 6) deur Jan Esterhuyse en Tobea Brink.

1) Noem agt dinge op in strofe 1 waarvoor die spreker bang is.
2) Vir watter van bogenoemde dinge is jy ook bang?
3) Wat is die verskil in die betekenis van "ly" en "lei"? Gebruik hierdie twee woorde in sinne in jou verduideliking.
4) Wanneer kry die spreker ŉ hol kol op sy/haar maag? Watter kleur is hierdie vrees vir die spreker?
5) Watter kleur is die spreker se vrees om aan atletiek deel te neem? Hoe weet jy dat hierdie vrees regtig intens is?
6) Wat laat die spreker se keel toetrek van vrees? Watter aaklige kleur het hierdie vrees?
7) Watter kleur het die vrees vir straf vir die spreker? Die woord wat jy neergeskryf het, is ŉ intensiewe vorm. Skryf nou ook die gewone intensiewe vorm vir hierdie kleur neer.
8) Hoe voel die spreker as sy/haar pa en ma baklei? Waarvoor is hy/sy bang en met watter kleur assosieer hy/sy hierdie vrees?
9) Hoe is die vrees vir die spreker wanneer maats hom/haar ignoreer?
10) In strofe 6 is ŉ vergelyking. Skryf dit neer.
11) Noem die dinge op wat vir die spreker rooi en seer klop.
12) Wanneer bly die spreker liewer doodstil?
13) Vir watter van die dinge wat in die gedig genoem word, is jy ook bang voor?
14) Koppel jy hierdie dinge ook aan kleur? Motiveer jou antwoord.
15) Die Engelse uitdrukking "*I feel blue*" kan vertaal word met "Ek voel neerslagtig of bedruk." Dink jy dat vrees die spreker in die gedig neerslagtig laat voel?
16) Rym is wanneer die vokale (klinkers) en konsonante (medeklinkers) aan die einde van ŉ woord dieselfde klink as die vokale en konsonante in ŉ ander woord (byvoorbeeld l**<u>y</u>** en j**<u>y</u>**). Skryf die woorde neer wat rym in die laaste strofe.
17) Wanneer twee opeenvolgende versreëls se eindwoorde elke keer rym, noem ons dit:
    a. kruisrym
    b. paarrym

---

## <u>Tema: Horison</u>

55. **<u>Die motorbegraafplaas</u>** deur Hester Heese

Daar's ŉ lekker begraafplaas net buite die dorp
waar spoke geen mens ooit sal pla.
Al wat daar dwaal, is die geeste van motors
wat bietjies té vinnig wou ja.

Daar's Chewwies en Fordjies en Dee-Kaa-Wees
en selfs ŉ gestorwe Mercedes by –
hy's net ŉ verfrommelde weggooiding,
wat nooit weer so deftig na Kaapstad sal ry.

Kyk na dié tjor met sy neus ingeduik
en oë wat skeel na mekaar toe kyk:
mens kan die ongeluk nog aan hom ruik,
lelik, mishandel – ŉ Volkswagenlyk.

Ou Pieterman, hier lê die vreeslike wrak
van Kotie se oupa se groot Korsêr.
Kom ons trek weg oor die droë Knersvlak.
Klim in, ou boeta, want Garies lê ver.

Uit: *Nuwe Klein Verseboek*. Tafelberg, 1982.

1) Gee ŉ ander woord vir "motorbegraafplaas".
2) Voltooi die sin: "***Daar's***" is ŉ korter manier om die woorde .............................. te skryf.
3) Is die spreker in hierdie gedig ŉ man of ŉ vrou? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
4) Met wie praat die spreker?
5) Waar kan hierdie skrootwerf gevind word?
6) Watter tipe spoke dwaal in hierdie motorbegraafplaas rond?
7) Waarom is die motors in hierdie motorbegraafplaas?
8) Verskillende motors word in hierdie gedig genoem. Kyk of jy al die motors in die volgende letterraaisel kan kry. Merk hierdie motors met geel.

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | I | S | S | A | N | F | D | K | O | W |
| S | J | E | E | P | T | O | R | O | V | Y |
| T | O | Y | O | T | A | R | I | R | X | J |
| S | M | E | R | C | E | D | E | S | P | H |
| K | A | R | D | W | T | J | W | A | V | O |
| T | R | O | K | L | K | I | I | R | O | N |
| C | H | E | W | W | I | E | E | D | L | D |
| T | R | E | K | K | E | R | L | S | V | A |
| D | A | T | S | U | N | N | I | S | O | X |
| O | V | O | L | K | S | W | A | G | E | N |
| L | A | N | D | R | O | V | E | R | L | I |

9) In bostaande letterraaisel kom ook ander motors – wat nie in die gedig genoem word nie – voor. Kleur hulle groen in.
10) Watter motor het gereeld Kaapstad toe gery?
11) Die Volkswagen was in ŉ verskriklike ongeluk.
    a. Skryf twee woorde neer wat die Volkswagenwrak beskryf.
    b. Wat is die "oë" waarvan die spreker in strofe 3 praat?
    c. Die volkswagen is van voor gestamp. Watter twee dele van die kar is beskadig?
12) Aan wie het die Korsêr behoort?
13) In watter land en in watter provinsie van daardie land is Garies geleë?
14) In strofes 1 en 2 is dit telkens reël ..................... en ...................... wat rym. In hierde strofes kry ons (kruisrym; paarrym; gebroke rym).
15) In strofes 3 en 4 is dit telkens reël ..................... en ......................, en reël ..................... en ...................... wat rym. In hierde strofes kry ons (kruisrym; paarrym; gebroke rym).

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 1* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## Tema: Klei

56. **Die dwergies** deur C. Louis Leipoldt

In ŉ gat daar onder die sukkeldoring
het ŉ dwergie-man sy huis.
Die mure daarvan is goudgeel klei,
en die vloer van silwergruis.

En die lampe is klein vuurvliegies,
wat skitter soos sonneskyn
As die groen van die skemeraande val
en die son se glans verdwyn.

Die stoele is bergkristalle,
wat onder die liggies blink;
Die tafel ŉ groot wit paddastoel,
met sy steel in die gruis gesink.

Die kussings is fynste wit kapok
uit tinktinkie-nes gesteel;
En die deurgordyn is ŉ mierkatvel,
so sag soos sag ferweel.

Hier lewe die dwergie die jare deur
waar niemand hom ooit sal stoor;
En hy en sy vrou kom net maar uit
om water te haal uit die voor.

En die kinders die sê as hul altwee sien:
"Kyk daar loop die muisies gou!"
En hulle weet nie wat hulle muisies noem,
is die dwergie-man en sy vrou.

1) Die titel praat van meer as een dwergie.Wie is die dwergies waaroor die gedig handel?
2) Waar bly die dwergies?
3) Noem **vyf** kleure op wat in die gedig voorkom.
4) Watter kleur kom meer as een keer in die gedig voor?
5) Kies uit kolom C die materiaal waarvan die voorwerp in kolom A gemaak is. Gebruik die gedig as jy vashaak. Skryf dan in kolom B neer watter kleur die betrokke voorwerp is.

| **Kolom A** | | **Kolom B** | **Kolom C** |
|---|---|---|---|
| **Voorwerp** | **Materiaal** | **Kleur** | **Materiaal waarvan die voorwerp gemaak is** |
| a) mure | | | kapok |
| b) vloere | | | vuurvliegie |
| c) stoele | | | klei |
| d) tafel | | | mierkatvel |
| e) deurgordyn | | | bergkristalle |
| f) lampe | | | paddastoel |
| g) kussings | | | silwergruis |

6) Die lampe is vuurvliegies. Skryf die twee frases uit die gedig neer wat sê wanneer die vuurvliegies begin om lig te gee in die dwergies se huis.

7) Kapok is spierwit. Die woord “kapok” het twee betekenisse. **1** sneeu in die vorm van vlokkies. **2** soort fyn boomwol, ’n veselstof wat die saadpluis is van die kapokboom. Wat is die kapok wat die dwergies in die gedig gebruik vir kussings?
8) Skryf die woord neer wat aandui dat die tafel stewig staan en nie sal omval nie.
9) Skryf ’n ander woord vir “stoor” in die tweedelaaste strofe neer.
10) Die dwergies kom nie baie uit hul huisie nie.
    a. Wanneer kom hulle wel uit?
    b. Waarheen moet hulle dan gaan?
11) Wat dink kinders is die dwergies?
12) Skryf die rymwoorde in elke strofe neer. In hierdie gedig het ons ........................ rym.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 1* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## **Tema: Wat ’n drama!**

57. **Die mot en die kers** deur C.J. Langenhoven

Die ander motte was dom en dwaas,
Maar ék sal vér van die kers af bly;
Hier vér uit die skemerte sal ek kyk,
Hier vér is dit veilig en kyk is vry.

Maar ek hoef nie van éénkant net te kyk -
Ek vlieg op dieselfde afstand om,
Dan weet ek van álkant hoe hy lyk
Om beter te sorg om nie nader te kom.

My sirkel is skeef en ingebuig,
Maar dáár ook nog, waar ek naaste was,
Het daar niks gebeur – ek maak verniet
My velling so groot en so vér van die as.

Die wieletjie draai ál vinniger om,
En die lig en die gloed word ál groter genot:
En die vellings word nouer ál rondom die as –
En die end van die wiel is die as van die mot.

1) Hierdie mot dink hy is baie slim.
    a. Waarvan sal hy wegbly?
    b. Wat, dink jy, het met die ander motte gebeur?
    c. Wat is vir die mot ’n veilige afstand?
2) Watter woord in strofe 2 gee ’n idee dat die mot nou van plan verander?
3) Is die volgende sin *waar* of *onwaar*? Gee ’n rede vir jou antwoord.
    a. Die mot het onmiddellik nader gevlieg.
4) Hoe het die mot geweet hoe die kers van alle kante lyk?
5) Lees die versreël: “*My velling so groot en so vér van die as*.” Die woord “*velling*” beteken “buitenste sirkelvormige rand van ’n kar- of wawiel”. Die “*as*” is die stang of staaf waarop ’n wiel draai. Voltooi: Die afstand wat die mot om die vlam van die kers vlieg, word hier voorgestel as die afstand wat die buitenste sirkel van ’n wiel van die .............. af is.
6) In strofe 3 vlieg die mot nie meer op dieselfde afstand nie.
    a. Skryf twee woorde neer wat bevestig dat sy afstand nou verander het.
    b. Waar was die mot die naaste?
7) Skryf ’n woord uit strofe 4 neer wat dieselfde beteken as “sirkel” in strofe 3.

8) In strofe 4 geniet die mot dit nou om al om die kers te vlieg.
    a. Watter twee dinge geniet die mot nou?
    b. Watter twee leestekens gebruik die digter om **die gevolge** van dit wat die mot geniet, te verduidelik?
    c. Wat word nou kleiner? Sê dit in jou eie woorde.
9) Wat het met die mot gebeur?
10) Skryf die rymwoorde van die eerste en laaste strofe neer. In hierdie gedig het ons:
    a. kruisrym
    b. omarmde/omarmende rym
    c. paarrym
    d. gebroke rym

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 3* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

**Tema: O, tyd!**

58. **Uit: *Slampamperliedjies*: X Sekretarisvoël** deur C. Louis Leipoldt


**X**

Sekretarisvoël met jou lange bene
Met jou penne agter die ore styf,
Met jou stadige stappies, wat maak jy hier?

Sekretarisvoël met jou lange bene,
Met jou vaalgrys vere en lang, lang lyf,
Met jou groot, groot oë, wat maak jy hier?

Uit: *Groot Verseboek 2000.* Tafelberg, 2000.

1) Hierdie gedig het nie 'n titel nie. Die gedig van Louis Leipoldt is as "**X**" genommer, die Romeinse nommer **tien**, in die bundel *Slampamperliedjies* wat "slaapliedjies" of "slaapstories" beteken. Waarom, dink jy, het die gedig nie 'n titel nie?
2) Met wie praat die spreker? Voltooi: O, tyd! Kan 'n mens met 'n ..................... praat?
3) In versreël 2 verwys die spreker na "penne".
    a. Van watter tipe penne, dink jy, praat die spreker?
    b. Waar is hierdie penne?
4) Die sekretarisvoël gee nie groot treë nie en is nie haastig nie.
    a. Skryf twee opeenvolgende woorde in die gedig neer wat dit vir jou sê.
    b. Waarna soek die sekretarisvoël?
5) Die sekretarisvoël is baie lank. Watter woorde sê dit vir ons?
6) Waarom, dink jy, het die sekretarisvoël baie groot oë?
7) Waarom, dink jy, vra die spreker vir die sekretarisvoël: "Wat maak jy hier?"


Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 3* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

**Tema: O, tyd!**

59. **Spoke** deur Antjie Krog

om twaalfuur is dit middernag
om twaalfuur is dit spoketyd

ŉ spook kom deur ŉ sleutelgat
of kan soos ŉ biltong tussen klere hang
of soos ŉ kriek vloerlangs sluip
of soos ŉ slim kakkerlak agter waterpype plak

hy kan sweef teen muur of dak
oor dorings, slagysters of ŉ sandwoestyn
net soos hy wil kan hy verskyn of
verdwyn of skielik jakkalstjank van pyn

ŉ spook moet jy nooit groet nie
soos vuur skroei hy jou hand
vir altyd het jy dan ŉ vlek
wat met geraamtevingers brand

om twaalfuur is dit middernag
om twaalfuur is dit spoketyd
ŉ spook kan deur ŉ sleutelgat
Of geruisloos onder jou bed kom lê
– lakenplat.

Uit: *Dogter van Jefta*. Human & Rousseau, 1970.

1) Glo jy aan spoke? Vertel vir jou maats waarom/waarom nie. Skryf dit in twee sinne neer.
2) Dink jy hierdie gedig is ŉ bangmaak-gedig, of ŉ grapperige gedig? Hoekom sê jy so?
3) Wanneer ŉ mens ŉ beeld gebruik waar jy een ding met ŉ ander vergelyk, noem ons dit ŉ **vergelyking**. Voorbeelde hiervan is: So glad **soos** seep; so wit **soos** sneeu, ens. In hierdie gedig word spoke deur middel van vergelykings beskryf. Skryf drie vergelykings uit strofe 2 neer. Begin jou sinne met: ŉ Spook kan soos ...
4) Hoe beweeg spoke?
5) Voltooi die volgende sin: Spoke beweeg oor ............. of .............., maar kry nie seer nie.
6) Die teikengroep van ŉ gedig beteken die persone vir wie die gedig geskryf is. Wie dink jy is die teikengroep van hierdie gedig: kinders of grootmense? Hoekom dink jy so?
7) Waarom moet jy nooit ŉ spook groet nie?
8) Dink jy regtig dat ŉ spook deur ŉ sleutelgat kan kom? Ja/Nee (onderstreep). Voltooi die volgende sin: O, tyd! Ek hoop nie dat ...................................................................................
9) "Lakenplat" is ŉ intensiewe vorm. Gee die intensiewe vorm van "*baie bang*", "*baie gek*", "*baie rond*" en "*baie hard*".
10) Hierdie gedig het feitlik geen woorde wat rym nie. In watter strofes kom daar wel rymwoorde voor en watter tipe eindrym kom in hierdie strofes voor?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 5* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## **Tema: O, tyd!**

60. **Die spook van Hentiesbaai** deur Shana Hunter

Dit gons op die dorp van Hentiesbaai,
oor die spook wat loop en soek in die baai.
Hy het geen hoof, sy rug trek krom,
en ek is baie bang vir hom!!!
Sy lus vir die lewe sal hom nooit verlaat,
want hy loop en brom en is vasberaad
om kind en kraai op te raap
om saam met hom te loop en praat.
Ag, die ellende van die spook,
om so alleen te loop.

Uit: https://www.storiewerf.co.za/versies/spookversies.htm Versfabriek - Spookversies - Storiewerf. Afgelaai 5 Desember 2018.

1) Waar is Hentiesbaai geleë?
2) Wat beteken dit as daar gesê word dat dit op die dorp van Hentiesbaai "gons"?
3) **Waar** loop en soek hierdie spook?
4) Voltooi die volgende sin: O, tyd! Ek het nie geweet dat daar ŉ spook rondloop in die ........... van ...................................... nie!
5) Beskryf hierdie spook in jou eie woorde.
6) Hoe weet jy dat die spreker in die gedig verskriklik bang is vir hierdie spook?
7) Wat bedoel die spreker met die woorde: "Sy lus vir die lewe sal hom nooit verlaat" (nie)?
8) Wat beteken dit om te "brom"?
9) Gee ŉ sinoniem vir "vasbeslote" uit die gedig, maar skryf dit in die regte vorm.
10) Wat wil die spook beslis doen?
11) Wat beteken die uitdrukking "kind en kraai"?
12) Wat is die rede wat die spreker gee waarom die spook mense wil vang?
13) Wat, volgens die spreker, is die ellende van die spook?
14) Dink jy die spreker in die gedig voel jammer vir die spook? Gee ŉ rede waarom jy so sê.
15) Is jy bang vir hierdie spook? Wat dink jy van hierdie spook?
16) Skryf die woorde in die gedig neer wat rym en sê watter soort eindrym in die gedig voorkom.

---

## **Tema: Horison**

61. **Reën oor die berge** deur Piet Swanepoel

Met die wolke uit die weste
skuif die grysvaal reëngordyn.
Veraf oor die donker heuwels,
rol die donder se refrein.

Speelse windjies groet die grassies,
skud die wilgers uit hul droom,
en die blaartjies fluister vrolik,
sprei die nuus van boom tot boom.

Hoor hoe ruis dit deur die klowe,
druppels, druppels nat genot,
kyk hoe dans hul in die plassies,
huppel, trippel skoon verspot.

Oorkant teen die roesrooi kranse,
blink meteens ŉ waterval,
want die son breek deur die wolke
en laat skitter berg en dal.

Oor die nuut ontwaakte wêreld
roep ŉ arend in sy vlug
en die klank trek ver en helder
deur die skoongewaste lug.

Uit: *Mallemeule*. Perskor, 1989.

1) Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig?
2) Van watter kant af kom die reënbui?
3) Hoekom is die heuwels donker?
4) Wat kom oor die donker heuwels aan?
5) Wat beteken die woord "refrein"?
6) Is dit ŉ swaar of ŉ ligte reënbui wat val? Motiveer jou antwoord.
7) Lees strofe 2 en 3. Is die ritme van strofes 2 en 3 vinnig of stadig? Waarom sê jy so?
8) Wat verskyn teen die roesrooi kranse in strofe 4?
9) Wat gebeur wanneer die son deurbreek deur die wolke?
10) Hoe lyk die wêreld na die reën?
11) Watter voël vlieg deur die lug in strofe 5 en wat doen hierdie voël in versreël 2 en 3 (behalwe om te vlieg)?
12) Hoe lyk die lug na die reën?
13) ŉ Vergelyking is wanneer ons een ding met ŉ ander vergelyk en die woorde "soos" of "nes" gebruik word. ŉ Voorbeeld is die volgende: Die wolke is **so wit soos sneeu**. Die kleur van die wolke word met die kleur van sneeu vergelyk. Ons kan hierdie vergelyking ook ŉ beknopte vergelyking maak en "so" en "soos" heeltemal uitlaat deur te sê: Die wolke is sneeuwit. Dan noem ons dit ŉ metafoor. ŉ Metafoor is die gebruik van ŉ woord in ŉ ongewone betekenis op grond van ŉ vergelyking. In reël 2 van die eerste strofe kom daar ook ŉ metafoor voor. Skryf dit neer en maak die metafoor ŉ vergelyking deur die woordjie "soos" te gebruik.
14) Wanneer nie-menslike voorwerpe menslike eienskappe kry, noem ons dit personifikasie. As ons sê dat die wind om die hoeke van die huis **huil**, gee ons die menslike eienskap van "huil" aan dit wat die wind doen, want net mense kan huil. Personifikasie is daarom die voorstelling van ŉ dier of lewelose voorwerp as ŉ mens. Voltooi nou die volgende uit die gedig deur die voorbeelde van personifikasie te voltooi:
    a. Die windjies .................... die grassies.
    b. Die blaartjies ......................... vrolik.
    c. Die druppels ...................... in die plassies.
    d. Die druppels ...................... skoon verspot.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 3* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## Verse vir lekker lees

62. **Droomtaal** – Anoniem

As jy ooit vashaak
en iets nie kan sê
wat diep in jou hart
of jou kopholte lê,
hou aan om te speel
met die taal op jou tong:
Afrikaans is ŉ spel
wat gespeel wil word, jong!

Moet tog net nooit
jou gedagtes laat lê nie,
want jou diepste kopgoed
is nog glad nie gesê nie.
Vandag wil ons graag
iets moois by jou hoor,
so kyk of jou tong
ŉ verrassing kan toor!

Uit: ***Ruimland 4*** (Graad 6) deur Jan Esterhuyse en Tobea Brink.

---

63. **Die robotman** deur Marita van Aswegen

Biedie ... biedie ... boooh!
Wil jy dit glo
die eerste rekenaarmens
hy lyk ŉ bietjie kens,

maar eintlik is hy baie goed –
beter as ŉ mens van bloed.
ŉ Mikroskyfie is aan sy arm vas,
maar vir hom is dit geen las.

ŉ Masjien aan die mens
verskuif nou die grens
van praat met mekaar
na telepatie sowaar.

Lees mekaar se gedagtes
en begryp al die klagtes;
infrarooi lig vang hy op
ultrasoniese klanke bêre hy in sy kop.

Ingewikkelde wiskunde kan hy doen
van jaloesie word mense groen.
ŉ Mikroskyfie wil almal hê
sodat hulle niks hoef te sê.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 6* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## B. Afrikaanse gedigte vir Graad 6 – Afrikaans Tweede Taal

| |
|---|
| **Spesifieke doelstelling**: Leerders behoort in staat te wees om kommentaar te lewer oor houdings en emosies soos in gedigte uitgedruk deur digters. |

**Tema: Smaaklike ete!**

64. **Eier vir ontbyt!** deur Jaco Jacobs

Ons eet eiers vir ontbyt!
Gebak of geroer
of gekook in die dop –
ek eet altyd
al my eier op.
Vir 'n eierbroodjie begin ek
my lippe af te lek.
Wat op aarde is lekkerder
as eiers saam met spek?
Het jy dalk lus
vir nog meer eierpret?
Maak dan vir jou 'n eier-omelet!
Ek sal neus optrek vir poeding
of selfs lekkers weier.
Gee my veel eerder
'n heerlike hoendereier!

Uit: *Die teddiebeerbus en ander rympies*, LAPA Uitgewers, 2008.

1) Wat is die titel van die gedig?
2) Wie is die digter wat hierdie gedig geskryf het?
3) Watter een pas NIE? Die spreker eet eiers op die volgende maniere: gebak, geroer, gekook, rou, omelet.
4) Wat is die verskil tussen roereiers en 'n omelet? Die metode van elk word hieronder gegee. Skryf bo-aan watter resep dit is.
    a. ................................................
        i. Klits die wit van twee eiers styf en sonder om die eierklitser te was, klits die geel van die eiers tot dit liggeel van kleur is.
        ii. Voeg 1 eetlepel water of melk by en klits goed.
        iii. Voeg sout en peper na smaak by die geel van die eiers.
        iv. Vou die styfgeklopte wit van die eiers in die geel.
        v. Braai 2 – 3 repies spek tot bros in 'n pan. Skep uit en hou eenkant.
        vi. Verhit die braaipan en smeer dit op die boom en aan die kante met botter of vet. Die pan moet klein genoeg wees dat die eiermengsel nie te dun uitsprei nie en goed kan rys.
        vii. Gooi die eiermengsel in die pan en maak dit gaar oor stadige hitte totdat dit opgepof en ligbruin van onder is.
        viii. Sit jou spek en kaas in, vou toe en laat die kaas smelt
        ix. Bedien warm.

b. ................................................

• 4 eiers
• 15 ml melk
• sout en varsgemaalde swartpeper
• 15 g (15 ml) botter

1. Klits eiers en melk saam in ’n mengbak. Geur met sout en peper.
2. Smelt botter in ’n pan en gooi geklitste eiermengsel in. Die stoofplaat moet op matige hitte gestel wees.
3. Moenie dadelik begin roer nie. Wag tot die eier aan die rand van die pan begin stol. Gebruik ’n houtlepel en begin roer van die buitekant af na die middel van die pan.
4.Die eier moet nog effe klam wees wanneer jy dit uitskep. Sit dadelik voor.

5) Die volgende drie resepte word gegee vir twee ander maniere waarop die spreker sy/haar eiers eet. Identifiseer die twee maniere uit die gedig.

a. ....................................................

• 1 sny witbrood
• 30 ml botter
• 1 medium-groot eier
• sout na smaak

STAP 1: Kies ’n uitdrukker en druk die vorm uit die middel van die sny brood. Hou die brood-vormpie.
STAP 2: Smelt botter oor lae hitte in ’n pan. Plaas broodsny en -vormpie in die pan en braai tot bros aan die een kant. Draai om met ’n eierspaan.
STAP 3: Breek eier versigtig in die gat. Plaas ’n deksel bo-op en bak tot gaar. Lig versigtig uit die pan en geur met sout. Sit voor met die uitgesnyde stukkie brood.

b. ....................................................

• 6 eiers
• bietjie vars melk
• sout en peper na smaak
• ’n paar snye brood
• bietjie olie

1) Klits eier, melk en sout en peper saam.
2) Doop brood in eiermengsel.
3) Bak tot goudbruin aan weerskante.
4) Plaas gerasperde kaas tussen twee warm snye en laat kaas smelt.
5) Bedien met stroop of heuning.

c. ..........................................................

1) In ’n groot pan, verhit 2 e botter oor matige hitte, voeg die spek by en braai tot bros, roer nou en dan. Hou eenkant.
2) Voeg 2 e botter in dieselfde pan.
3) Breek eiers versigtig oop. Bedek met ’n deksel in die gaarmaakproses en bak eiers tot gaar.
4) Voeg die spek by en bedien warm.

6) Watter een van die bogenoemde resepte klink vir jou die lekkerste?
7) Vir watter twee kossoorte sal die spreker “nee sê” (weier) as hy/sy liewer ’n eier kan eet?
8) Sal jy dit ook wil verruil vir eiers?

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

**Tema: Baie, baie bome**

65. **Die seisoene** deur J.F. Spies

Lente, somer, herfs en winter,
die seisoene van die jaar,
volg met sonskyn, reën en koue
soos die maande op mekaar.

In die lente bloei die bome,
in die somer kan ons braai.
Kom die herfs, val die blare,
lê die winter om die draai.

Uit: *Toepa-toepa-towery*, Protea Boekhuis, 2003.

1) Watter seisoen kom voor lente?
2) Wanneer bloei die bome?
3) Wanneer val die blare?
4) Wat dink jy?
    a. Die temperatuur buite is 0° C. Watter seisoen is dit?
    b. Die temperatuur buite is 35° C. Watter seisoen is dit?

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

---

**Tema: Moenie bang wees vir boelies nie!**

66. **Boelies** – Anoniem

Is daar boelies van wie jy weet?
Hulle is altyd gemeen en wreed.
Hulle vat jou goed,
en breek jou moed.

Boelies maak jou bang.
Hulle kan jou vang.
Boelies maak jou kwaad –
ŉ mens wil hulle net háát!

Hier is goeie raad:
Maak liewer ŉ boelie jou maat.
Praat met hom of haar en sê jou sê.
Dis wat boelies eintlik wil hê!

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

1) Watter twee woorde in die blokkie beskryf boelies?

| | |
|---|---|
| gemeen | haat |
| kwaad | wreed |

2) Watter drie woorde in die gedig sê hoe ŉ mens teenoor boelies voel?
3) Watter goeie raad word in die gedig gegee?
4) Dink jy boelies wil dit regtig hê?

---

**Tema: Moenie bang wees vir boelies nie!**

67. **ŉ Brulpadda in my tas** deur Jaco Jacobs

Almal gil en skree,
daar's chaos in die klas;
al die bohaai net oor
die brulpadda in my tas.
Juffrou gil benoud:
VAT DADELIK WEG DAAI DING!
Waarom? Sy't dan gesê ons kan vandag
ons troeteldiere skool toe bring!
Die boelie bring in sy tas ŉ slang
– daarmee maak hy ons almal BANG!

Uit: *ŉ Brulpadda in my tas*, LAPA, 2008

1) Watter dier het die seuntjie in sy tas wat die juffrou so laat skrik het?
2) Hoe weet jy dat die juffrou baie hard geskree het?
3) Hoekom bring die seuntjie die snaakse dier skool toe?
4) Watter dier bring die boelie klas toe?
5) Hoekom, dink jy, bring die boelie dié dier skool toe?
6) Hoe weet jy dat die kinders in die klas baie, baie bang was? Hoekom was hulle bang?
7) Wat sou gebeur het as die slang een van die kinders in die klas gepik het?
8) Watter troeteldier sou jy saamgebring het skool toe?

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

---

**Tema: Moenie mors nie!**

68. **Die vullisblikkie** – Anoniem

"Ai!" sê Vullisblikkie
daar voor in die klas.
"Ek wonder wat alles vandag
in my sal pas?"

"Papiere of blikkies of ...?
Wag, ek moet ophou droom,
want meteens val
ŉ stuk bordkryt op my boom!"

"Dankie tog," sug Bordkryt,
"uiteindelik kan ek rus.
ŉ Nuwe stukkie bordkryt
skryf die somme met lus!"

"Woeps!" val Broodkorsie,
en sê ewe spyt:
"Weet Jessie dan nie?
Ek is die duiwe se ontbyt?"

"Grts-grts," fluister Vullisblikkie,
"ek het tog gesien.
Flippie het vir sy toets
net mooi nul uit tien!"

"Maar ek bly maar stil
en laat hul woorde bou,
want my werk is net
om die klas
    skoon te hou!"

Uit: *Rympies vol geheimpies*, Daan Retief Uitgewers.

1) Noem **drie** dinge wat in die vullisblikkie gegooi is.
2) Wie, dink jy, het die kryt in die vullisblikkie gegooi? Waarom sê jy so?
3) Hoe voel Bordkryt in strofe drie en waaroor is Bordkryt bly?
4) Waarom wil die broodkorsie nie in die vullisblikkie wees nie?
5) Hoe het die vullisblikkie geweet dat Flippie 0 uit 10 vir sy toets gekry het?
6) Wat is die vullisblikkie se werk?
7) Maak 'n lysie van al die rommel in die vullisblik in julle Afrikaanse klas.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6,* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

## Tema: Wonings vir ons of vir konings?

69. **'n Manjifieke woning** deur Jaco Jacobs

'n Manjifieke woning,
met meer as een toring
'n regte kasteel –
geskik vir 'n koning –
en dik klipmure,
kilometers ver van die naaste bure.



Uit: *My boetie dink hy's Batman*, LAPA, 2010.

1) Wie, dink jy, bly in die kasteel?
2) Beskryf die kasteel soos wat dit in die gediggie voorgestel word.
3) Waarom, dink jy, het kastele sulke dik mure?
4) Kan jy aan 'n rede dink waarom kastele kilometers ver van die naaste bure gebou is?

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6,* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

**Tema: Wonings vir ons of vir konings**?

70. **’n Huis ver van die stad** – Anoniem

Hierdie huis is ver
van die stad se lawaai
hier kan jy hoor
hoe die haan soggens kraai.
Hierdie huis het ’n groot, groot tuin
van hier af tot bo-oor die kruin.

Uit: *My eerste HAT storiewoordeboek*, Pearson, 2010.

1) Waar, dink jy, is hierdie huis?
2) Waarna verwys "*die stad se lawaai*"?
3) Wat kan jy soggens hoor?
4) Hoe groot is die tuin by hierdie huis?
5) Is hierdie huis ook kilometers ver van die naaste bure af? Motiveer jou antwoord.
6) Waar verkies jy om te bly? Wil jy in hierdie huis ver van die stad bly of wil jy liewer in ’n huis in die stad bly? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.



**Tema: Lag ’n slag**

DAAR is twee dinge wat omtrent duisendpote vertel word (en veral vroeër nogal wyd geglo is) wat nou rêrig snert in die oortreffende trap is. Die een is dat ’n mens jou morsdood sal lag as ’n duisendpoot jou byt. Dis die grootste onsin. Duisendpote is plantvretend en daar is geen sprake daarvan dat hulle met betreklik klein kake deur ’n mens se vel sal kan boor nie. Hulle het boonop geen gifkake nie.

Die tweede groot onwaarheid oor die duisendpoot lê opgesluit in sy naam. Nooit gesien dat ’n duisendpoot duisend pote kan hê nie — nie eens die langste bielies onder hulle nie. Selfs dié met die heel meeste pote het nie meer as nagenoeg vierhonderd nie. Die minste pote wat by duisendpote gevind word, is iets onder die honderd. Maar tot hul krediet kan darem gesê word dat geen ander dier in die diereryk meer pote as duisendpote het nie.

Teks deur *Mieliestronk.com.* Hoofbron vir teks: *Afrikaanse Kinderensiklopedie* (met sekere opdaterings 2006)

1) Noem die twee dinge wat omtrent duisendpote vertel word wat nie waar is nie.
2) Wat eet duisendpote?
3) Waarom kan ŉ duisendpoot jou nie byt nie?
4) Hoeveel pote het ŉ duisendpoot?
5) Hoekom, dink jy, noem mense hulle "duisendpote"?

71. **Duisendpoot** deur Pieter W. Grobbelaar

duisendpoot
reënslangetjie
lange lange
mannetjie
duisendpoot
ek lag my slap
elke tree
word ŉ duisend maal getrap
stop!
klop
ek voor jou kop
rol jy jou
in ŉ krulletjie op

Uit: *Lees sonder grense 6 Eerste Addisionele Taal – Die Seekoei-boek*, deur Mari Lätti en Sonia Gouws.

1) Waarom word ŉ duisendpoot ŉ "*reënslangetjie*" genoem?
2) Wat, glo die mense, gebeur met jou as ŉ duisendpoot jou byt?
3) Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig?
4) Hoeveel keer, volgens die spreker in die gedig, trap ŉ duisendpoot elke tree?
5) Het ŉ duisendpoot regtig duisend pote?
6) Wanneer rol ŉ duisendpoot homself op?

---

## Tema: Stories van hoop

72. **ŉ Storie van hoop** – Anoniem

Ons moet nou begin
bottels en blikkies herwin.
Al die rommel maak my gek –
Dit maak die wêreld ŉ vieslike plek.
Tel dit op, tel dit op!
Kry alles weer skoon,
Wees trots op die plek waar ons woon.
Tel op, herwin, oral waar jy loop
en raak deel van ŉ storie van hoop.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

1) Wat beteken dit om te "*herwin*"?
2) Die Munisipaliteit (byvoorbeeld van Windhoek) gee spesiale sakke gratis uit waarin ons artikels kan herwin. Kry so ŉ sak in die hande en skryf in Afrikaans neer wat ons alles kan herwin.
3) Wat, volgens die gedig, moet herwin word?

4) Waarom maak die rommel die ek-spreker gek?
5) Noem twee redes uit die gedig waarom ons rommel moet optel.
6) Wat sal moet gebeur dat dit 'n storie van hoop kan wees?

## Tema: Diere-avonture

73. **'n Seekoei is nie 'n koei nie** – Anoniem

'n Seekoei is nie 'n koei nie
en 'n seekoei swem nie in die see nie.
'n Seekoei is 'n wilde dier
baie, ***BAIE*** groter as 'n mier.
'n Seekoei swem in 'n dam of 'n rivier
dan is die lewe mos 'n plesier!

Pasop as 'n seekoei jou wil vang:
Sorg dat jy wegkom en wees ***BANG!***

Uit: *Lees sonder grense 6. Die Seekoei-boek. Eerste Addisionele taal* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1) Die benaming "*seekoei*" is baie verwarrend. Gee twee redes uit die gedig waarom dit eintlik die verkeerde naam vir die dier is.
2) Dink jy 'n mens kan 'n seekoei mak maak?
3) Watter insek word in die gedig genoem en watter woorde sê vir jou dat die spreker hierdie insek met die seekoei vergelyk?
4) Waar swem seekoeie graag? Waar, in Namibië, kom seekoeie voor?
5) Hoekom moet ons vir seekoeie bang wees?
6) Hoekom is daar 'n uitroepteken na die laaste versreël en is die laaste woord skuins gedruk en in hoofletters? Vergelyk: "***BANG!***"

## Tema: Diere-avonture

74. **Honger Leeus** – Anoniem

SEUNS: Honger leeus wat soek na kos
is gevaarlik; dit weet jy mos.
Hulle sak eers laag, en sluip dan nader
tot waar die diere saam vergader.
MEISIES: Soms in die dag, maar meestal snags
bekruip hulle hul prooi heel onverwags.
Dan bespring hulle die arme dier,
en voor hy weet, is hy oor die muur.
ALMAL: Loop dus lig-lig in die veld, want as
leeus jou sien water drink,
is jou doppie dalk geklink!

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 6*, deur Mari Lätti, Sonia Gouws en Carine le Roux.

1) Wanneer is leeus gevaarlik?
2) Watter twee aksies voer 'n leeu uit as hy die diere bekruip?
3) Wanneer jag 'n leeu gewoonlik?
4) Hoe vang 'n leeu sy prooi?

5) Wat beteken die uitdrukking: "*oor die muur wees*" volgens die *HAT*? Wat beteken dit in hierdie gedig?
6) Hoe moet jy in die veld loop waar daar leeus is? Gebruik ander woorde vir "lig-lig loop" in jou antwoord.
7) Sal jy in die veld – waar daar leeus is – water drink?
8) Die uitdrukking "*iemand se doppie is geklink*" het die volgende twee betekenisse: "*dis klaar met iemand*" en "*iemand se plan het misluk*". Watter betekenis pas in hierdie konteks?
9) Wat sal dus met jou gebeur as 'n leeu jou sien water drink?
10) Lees die gedig in 'n koor: eers die seuns, dan die meisies en dan almal saam.

---

**<u>Tema: Ons verloor maklik dinge</u>**

75. **<u>Pietie de Waal</u>** – Anoniem

Pietie de Waal
skrik hom asvaal.

Sy selfoon is weg!
Hoe kry hy dit reg?

Is dit onder die boek
of op die kassie in die hoek?

Hier is dit!
Dis die kat wat daarop sit

Die selfoon begin lui –
nou's Pietie in 'n beter bui!

Uit: *Lees sonder grense 6. Die Seekoei-boek. Eerste Addisionele taal* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1) In die eerste strofe kom 'n woord voor wat in die intensiewe vorm geskryf is. Skryf dit neer.
2) Waarom het Pietie de Waal so groot geskrik? Sal jy ook so groot skrik as dit met jou gebeur? Gee 'n rede vir jou antwoord.
3) Waar dink hy kan sy selfoon moontlik wees? Dink jy hy sit sy selfoon gewoonlik daar?
4) Waar het hy toe sy selfoon gekry? Dink jy dit is 'n snaakse plek vir 'n selfoon om te wees?
5) Wanneer het Pietie se bui verander?
6) Wat beteken dit om in 'n beter bui te wees?

---

**<u>'n Gedig vir lekker lees</u>**

76. **<u>Dae van die week</u>** deur Rika Nel

Maandag is dit wasdag
en Dinsdag gaan ek stryk;
Woensdag is 'n lekker dag
om winkels deur te kyk.
Donderdag maak ek huis aan kant
en Vrydag bak ek koek,
want Saterdag kom al my maats
my by die huis besoek;
Sondag, as ek kerk toe gaan,
trek ek my beste klere aan.

# VII. Gedigte vir Graad 7

## A. Afrikaanse gedigte vir Graad 7 – Afrikaans Eerste Taal

**Spesifieke doelstellings**: Leerders behoort in staat te wees om:

a. die effek van woorde en ander literêre tekste te identifiseer.
b. kommentaar te lewer oor die bedoeling van die skrywer.
c. eenvoudige verskille tussen twee tekste te kan uitwys.
d. *die basiese eienskappe van vrye verse en gedigte te identifiseer (vorm, versreëls, herhaling, rym [*paarrym, kruisrym, gebroke rym en omarmende rym word vir Graad 7 voorgestel]) – voortbouing op vorige jaar se werk.

**Tema: Holderstebolder**

77. **skaatsplankryer** deur Petra Müller

swaartekrag het vir hom geen swaarte:
hy knoop die afdraandpad – 'n lus vir die vaart
van sy liggaam – vleg deur, ontknoop,
maak arms oop, en gier bevry:
blou-denim-windswael van die aarde

Uit: *Patria*. Tafelberg, 1979.

1) Wat is 'n "*skaatsplankryer*"?
2) Wat is "*swaartekrag*"? Wat sal gebeur as daar nie swaartekrag op aarde was nie?
3) Wat bedoel die spreker as hy sê swaartekrag is nie vir 'n skaatsplankryer 'n probleem nie?
4) Die woord "*vaart*" beteken "reis op/oor water", "seereis", "vinnige beweging", "gang" of "spoed". Watter betekenis pas die beste in die konteks van die gedig?
5) Watter woord in reël 2 is 'n bewys dat die skaatsplankryer die vaart geniet?
6) Ons weet wat 'n windswael is, maar wat is 'n "*blou-denim-windswael*"?
7) Watter beweging van 'n skaatsplankryer laat hom soos 'n windswael lyk?
8) Ons kan sê: Die motorfiets "*vleg*" tussen die motors "*deur*". Waardeur vleg die skaatsplankryer?
9) Het jy al 'n skaatsplankryer gesien in 'n liggaamsposisie wat lyk of hy **geknoop** is? Is dit dan moontlik dat hy later weer "*ontknoop*"? Verduidelik aan jou maat wat dit beteken.
10) Waarom is daar 'n dubbelpunt aan die einde van versreël 1? Watter antwoord pas nie:
    a. Dit staan in die plek van 'n punt.
    b. Dit beteken dat daar 'n verduideliking gaan volg.
11) Hoekom, dink jy, word hy die windswael "*van die aarde*" genoem?
12) Die woord "holderstebolder" beteken "deurmekaar", "halsoorkop" en "verward". Hoe, dink jy, pas die gedig by hierdie tema in?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 5* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## Tema: Fokus

78. **Knipmes** deur Lochner de Kock

ŉ Taal is soos ŉ knipmes, blink
hou hom skerp, gebruik hom flink.
En as jy hom die slag oopmaak
moenie aan die skerpkant raak,
want soms is hy stomp, soms heel skerp,
hang net af hoe jy met hom werk.
Hou jy hom skoon en blink geslyp
sal hy jou woord en daad verryk,
maar raak hy stomp, is dit verby
sal jy die woord met moeite kry.
As jy hom bêre, nooit uithaal
sal jou gedagtes jou bly faal.

ŉ Woordmes wat sekuur kan sny
sal jou maklik deur die lewe kry,
want kan jy nie sê wat in jou kop aangaan
sal die woordtekort jou bly beskaam.

Uit: *ŉ Rooie met ratte, Pa.* Jutalit, 1991.

1) Hoekom is die gedig se naam "*Knipmes*" as daar gefokus word op die flink gebruik van taal?
2) Die spreker gebruik ŉ knipmes om te verduidelik hoe taal werk. Ons sê die *beeld* van ŉ knipmes is gebruik en daarom noem ons dit *beeldspraak*. Weet jy watter soort beeldspraak is dit wanneer ŉ mens een ding met ŉ ander vergelyk en jy gebruik die woordjie "*soos*"?
3) Daar word ook ander beelde gebruik. Kom ons kyk of jy die beelde in die gedig verstaan. Die volgende twee beelde beteken amper dieselfde:
    a. "maar raak hy stomp, is dit verby / sal jy die woord met moeite kry."
    b. "As jy hom bêre, nooit uithaal / sal jou gedagtes jou bly faal."
4) Wat sê die volgende gedeelte van ŉ goeie woordeskat?
    a. "ŉ Woordmes wat sekuur kan sny / sal jou maklik deur die lewe kry..."
5) Wat is die boodskap van die gedig? Die spreker sê ŉ mens moet jou taal . . . (voltooi die sin)
6) Wat, dink jy, gaan die beste help om jou woordeskat uit te brei? Kies een van die onderstaande. Hoekom sê jy so?
    a. Lees baie
    b. Praat baie
    c. Sing baie
    d. Kyk televisie
    e. Speel op die rekenaar
7) In hierdie gedig het ons:
    a. kruisrym
    b. omarmde/omarmende rym
    c. paarrym
8) Kan jy aan ŉ rede dink waarom die eerste strofe uit 12 versreëls bestaan, maar die tweede strofe net uit 4 reëls?
9) Skryf die hoofgedagte van elke strofe neer.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 5* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

## **Tema: Holderstebolder**

79. **Die spookhuis** deur Antjie Krog

buitekant die dorp eenkant en verlate
tussen bosse staan ’n huis vol gate
geskiet in die oorlog

kom jy in die nag daar
as ’n witoogmaantjie bangerig loer
begin van die dak van die huis
’n duif verskriklik koer

dan ruk die voordeur sy bek oop
die gang suig jou in
op die vloer lê ’n grys tong vol
wemelende rotte waaroor jy moet loop

uit elke kamer spinnerak arms
wat jou vas en vaster gryp
maar jy ruk en jy pluk en jy duik
by die stukkende voordeur uit

en terwyl jy hol dat die klippers spat
omkyk omkyk klappertand
en sweet en ys aan jou rug bly vat
hoor jy paddatjies kwaak
kriekies kriek
ver op die teerpad motors dreun
ander kinders op skoppelmaaie speel
dan begin jy al wonder: alles lyk so gewoon
het jy jou nie dit maar net verbeel

Verkort uit: *Mankepank en ander monsters* deur Antjie Krog.
Uit: *Afrikaans ons Taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

1) Wat sien jy in die titel, maar nie in die gedig nie?
2) Waar is die spookhuis geleë?
3) Hoe lyk die spookhuis volgens strofe een? Waarom lyk dit so?
4) In strofe twee word ’n atmosfeer van vreesagtigheid geskep. Wat het hierdie atmosfeer geskep?
5) Het die spreker die deur self oopgemaak in strofe drie en het die spreker die gang self binnegestap? Motiveer jou antwoord deur die onderwerpe en werkwoorde in die betrokke versreëls as motivering neer te skryf.
6) Waaroor moet die spreker loop? Sal jy daaroor loop?
7) Wat gryp die spreker vas in elke kamer? Hoe het die spreker losgekom en ontsnap?
8) Hoe weet jy dat die spreker baie bang was na sy/haar ondervinding in die spookhuis? Gee ten minste vier bewyse van die vrees by die spreker.
9) Die woord “holderstebolder” beteken “deurmekaar”, “halsoorkop” en “verward”. Dink jy die spreker was verward toe hy/sy uit die spookhuis gekom het? Motiveer jou antwoord.
10) In die gedig is daar ’n viendelike en ’n onvriendelike ruimte. Verduidelik. Noem dan die dinge op in die vriendelike ruimte.
11) Wat is die funksie van die dubbelpunt in die tweedelaaste versreël?
12) Waarom het die spreker begin wonder?
13) Dink jy die spreker het hom/haar net verbeel?

14) Hierdie gedig bevat geen hoofletters nie en daar is feitlik geen leestekens gebruik nie – die dubbelpunt is die enigste leesteken wat gebruik word. Kan jy dalk aan ŉ moontlike rede dink waarom die digter, Antjie Krog, geen hoofletters en feitlik geen leestekens gebruik het nie?
15) Die laaste strofe is baie langer as die ander strofes. Skryf eers die lengte van elke strofe neer en gee dan ŉ moontlike rede waarom jy dink dat die laaste strofe soveel langer is.
16) Rymwoorde verbind gewoonlik sekere begrippe aan mekaar. Onderstreep die woorde wat rym in elke strofe en stel vas of die rymwoorde in elke strofe die begrippe aan mekaar verbind.

## Tema: Fokus

80. **Ek het ŉ huisie by die see** deur H.A. Fagan

Ek het ŉ huisie by die see. Dis nag.
    Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
    teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil - ŉ kreun, ŉ klag,
    soos van verlore siele in hul nood
    al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
    Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
    ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is ŉ rots waarop my huisie staan.

1) Wie is die spreker aan die woord in hierdie gedig? Onderstreep die korrekte antwoord en voltooi die volgende: Dit is ŉ derdepersoonsverteller/ek-verteller wat ŉ ............................ by die ...................... het.
2) Hoe voel hierdie spreker in die eerste strofe? Noem die dinge op wat veroorsaak dat die spreker so voel?
3) Met watter sintuig neem die spreker die "dinge" waar?
4) Gee spesifieke woorde wat verwys na dinge wat gehoor kan word. Is daar klanke in hierdie woorde wat ooreenstem? Kry die spreker dit reg om met woorde/klanke te skilder hoe die spreker voel en hoe die elemente woed?
5) Waarom word die woord "***aaneen***" herhaal in die tweede versreël?
6) Waarmee word die wind vergelyk in hierdie strofe? Wat noem ons hierdie beeldspraak?
7) Vergelyk die tweede strofe met die eerste strofe wat lengte en atmosfeer betref. Probeer ook aan ŉ rede dink waarom die lengte van die strofes verskil.
8) Gee woorde wat die ander atmosfeer in die tweede strofe illustreer.
9) Die spreker fokus op die veiligheid van sy huisie op die rots. Watter gevoel wek dit by die spreker?
10) Watter sintuie word in die tweede strofe ingespan?
11) Watter uitnodiging rig die spreker in die laaste strofe? Wie word almal uitgenooi om wat te doen? Word hier dus volledig gesê wat die uitnodiging behels?
12) Skryf die rymskema van die gedig neer. In die eerste 12 reëls kom ....................................... rym voor en in die laaste strofe ................................rym.
13) Die gedig bestaan uit .......................... reëls en is ŉ ............................ (tipe gedig).

Uit: *Afrikaans ons Taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

## Tema: Speel-speel

81. **Kabouterliefde** deur Ingrid Jonker
(Vir Simone)

Die kabouter met die rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gistraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy’t dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul’t rondom ons in ’n kring getrek
soos ’n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug

Die kabouter met die rooi-rooi hart
het dit self vir my gesê
hy’t die aardbol oor sy kop gegooi
O dis hier waar die liefde lê

Uit: *Versamelde werke.* Human en Rousseau, 1994.

1) Wat is:
    a. ’n hoepel (strofe 2)?
    b. ’n laer (strofe 3)?
    c. kalkoentjies (strofe 4)?
    d. aandblom (strofe 4)?
    e. gousblomme (strofe 5)?
2) Hoe weet ons dat hierdie gedig aan Ingrid Jonker se dogtertjie, Simone, opgedra is?
3) Omdat hierdie gedig vir ’n kind geskryf is, is dit borrelend, speels, vrolik en vol energie. Watter woorde en beelde help om die gedig so prettig te maak?
4) Hoekom het die maan nou juis tussen die gousblomme gaan lê (strofe 5)?
5) Hier is baie dinge wat rond is in die gedig. Noem hulle almal op.
6) Noem al die kleure op wat in die gedig voorkom.
7) Kleure simboliseer emosies. Watter emosies word deur die volgende kleure voorgestel:
    a. rooi
    b. geel (en somtyds groen ook)
    c. wit
    d. swart

8) Daar is ŉ woord wat klank naboots in die gedig. Soek die woord. Wat noem ons dit?
9) Skryf die rympatroon van die gedig neer. Watter tipe eindrym kom in die gedig voor? Motiveer jou antwoord.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 6* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

**<u>Tema: Rigting</u>**

82. **<u>Luisterswaeltjies</u>** deur T.T. Cloete

die swaeltjies op die telefoondraad
luister af hoe praat
die mense hoe knieserig brom
hulle van die koue wat kom
uit die barre suide van die lieflike oorde
wat lê in die warm welige somernoorde
dis hoe die swaeltjies so korrek
weet om agter ons drome aan te trek

Uit: *Jukstaposisie*. Tafelberg, 1982.

1) Wat beteken dit as ŉ mens sê iemand luister af?
2) Waar sit die swaeltjies om die mense af te luister?
3) Die mense praat dus oor die telefoon met mekaar. Na watter tipe telefoon word daar in die gedig verwys? Hoe het mense mekaar op hierdie tipe telefoon afgeluister?
4) Dink jy dit is wetenskaplik moontlik om na die gesprekke oor die telefoon te luister as jy "***<u>op</u> die telefoondraad***" sit?
5) Die suide word hier teenoor die noorde geplaas. Hulle staan in **<u>kontras</u>** met mekaar. Ons kan die woorde wat gebruik word om hierdie twee dele te beskryf, in twee groepe plaas – die goeie dinge (positief) en die slegte dinge (negatief). Verdeel die volgende woorde in positiewe en negatiewe begrippe en skryf dit in die onderstaande twee kolomme: brom, lieflike, welige, somer, koue, bar, knieserig, warm

| **<u>Positiewe dinge</u>** | **<u>Negatiewe dinge</u>** |
|---|---|
| | |
| | |

6) Gee ŉ sinoniem vir "korrek". Onthou dit moet in die sin pas: "dis hoe die swaelties so <u>korrek</u> weet ..."
7) Die swaeltjies trek agter die mens se droom aan. Wat dink die spreker is die mens se droom?
8) Skryf al die rymwoorde neer en plaas dié wat pas by mekaar. Watter soort rym is dit?
9) Alliterasie is wanneer ŉ konsonant (medeklinker) kort na mekaar in verskillende lettergrepe herhaal word: "**<u>w</u>**at lê in die **<u>w</u>**arm **<u>w</u>**elige somernoorde ..." Kyk of jy nog ŉ voorbeeld van alliterasie kan raaksien. Skryf die gedeelte neer en onderstreep die konsonante wat herhaal word.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 6* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## **Tema: Rigting**

83. **Verjaardag** deur Elisabeth Eybers

Twaalf jaar. Gespanne vóór die donker sprong,
jou klapperdop ŉ korf wat gons van vrae,
astrant, seepbekkig soos ŉ groenteklong,

jou moeder daeliks trotser, meer verslae.
Vanmôre dink ek weer aan die verhaal
van daardie vindingryke, vroegwys Knaap,
aan háár wat drie dae lank moes radeloos dwaal

terwyl die tempelgangers hul vergaap.
Hoe ver kan ek jou vergesel? Jou oë
is newelig en wimperswaar gedroom
van ruimtereise, radar en atoom . . .

Klein Ikaros, by voorbaat reeds bedroë,
weeg jy my wankel woorde, kyk my aan,
meewarig oor sovéél wat ek nie verstaan.

Uit: *Versamelde gedigte*. Human & Rousseau, 1990.

1) Lees strofe 1. Hoe word die ouderdom van die kind beklemtoon?
2) Ons weet die spreker in die gedig is ŉ ma (strofe 2, versreël 1). Is haar kind ŉ seun of ŉ dogter? Hoe weet jy dit? Haal ŉ woord uit strofe 1 aan om jou antwoord te staaf.
3) Wat dink jy is “die donker sprong” waarvan sy in versreël 1 praat? Kies een:
   a. Die kind is ŉ verspringatleet wat aan ŉ groot atletiekbyeenkoms gaan deelneem.
   b. Dit is die sprong tussen kindwees en grootmens-wees (moeilike tienerjare).
4) Waarmee word die kind se baie vrae in strofe 1 vergelyk?
5) Skryf die vergelyking in strofe 1 neer en verduidelik wat met “*astrant*” en “*seepbekkig*” bedoel word.
6) Die verhaal waarna sy in strofe 2 verwys, lees ons in die Bybel (Lukas 2:41 – 52).
   a. Waarom word “Knaap” met ŉ hoofletter geskryf?
   b. Versreël 7 verwys na “haar”. Wat is die persoon se naam?
   c. Waarom was die tempelgangers so verbaas?
   d. Is daar ŉ ooreenkoms tussen die verhaal in die Bybel en die inhoud van die gedig? Waarom sê jy so?
7) In strofe 3 word ŉ leesteken gebruik om te wys dat die seun se drome nog lank gaan aanhou. Watter leesteken dui dit aan?
8) Verduidelik aan jou klasmaats wat “ruimtereise”, “radar” en “atoom” is. Watter een van hierdie begrippe het – uit die geskiedenis van Hiroshima en Nagasaki in Japan op 6 en 9 Augustus, 1945 – ŉ negatiewe konnotasie/bybetekenis?
9) Die ma is onseker of sy haar kind op die pad na die grootmenswêreld sal kan help. Skryf twee gedeeltes neer om die onsekerheid van die ma te bewys.
10) Watter woord dui aan dat die kind ŉ dromerige uitdrukking in sy oë het? Skryf net die woord neer.
11) Die woord “*bedroë*” in die laaste strofe beteken “mislei”, “gefop/gekul” en “teleurgestel(d)”. Watter betekenis pas die beste in die konteks van die laaste strofe? Die seun is dus .................................... in sy ma omdat sy ...........................................................................
12) Die ma noem haar seun “Klein Ikaros” in die laaste strofe. Met watter vorm van beeldspraak het ons hier te doen? Onderstreep die regte antwoord: ŉ vergelyking/metafoor/personifikasie

13) Die moeder vergelyk haar twaalfjarige seun dus met Ikaros. Hy was ʼn seun in die Griekse mitologie wat nie na sy pa se raad geluister het nie en as gevolg daarvan dood is. Dink jy die ma se twaalfjarige seun sal na sy moeder se raad luister?
14) Die verhaal van Ikaros is ʼn legende. Wat is ʼn legende? Lees die legende van Ikaros wat hieronder volg:

Ikaros se pa, Daidalos, ʼn talentvolle Atheense vakman, het probeer ontsnap van Kreta, waar hy en sy seun gevange gehou is deur Minos, die koning vir wie hy die labirint gebou het om die minotourus (half man, half bul) te hou. Daidalos is verban omdat hy vir Minos se dogter, Ariadne, ʼn stuk tou gegee het om Theseus, Minos se vyand, te help om in die labirint te oorleef en die minotourus te verslaan.

Daidalos het twee paar vlerke van was en vere vir hom en sy seun gemaak. Voordat hulle van die eiland af weg is, het Daidalos sy seun gewaarsku om nie te na aan die son of die see te vlieg nie. Oorstelp deur die wonder om te vlieg het Ikaros nuuskierig deur die lug geswiep. Hy het egter te na aan die son gekom, die was het gesmelt en die vere het afgeval. Ikaros het in die see geval.

15) Bespreek in julle groepe oor hoe julle oor hierdie verhaal voel. Beantwoord die volgende vrae in julle bespreking:
    a. Dink julle dit het werklik gebeur?
    b. Word die lug hoër op in die atmosfeer om die aarde (bv. waar vliegtuie vlieg) kouer of warmer?
    c. Hoe voel julle om na die raad van julle ouers te luister?
16) Watter les kan ons uit hierdie verhaal leer?
17) Die kind op die pad na die grootmenswêreld is ʼn reis. Jy moet besluit watter rigting jy gaan inslaan. Hoe, dink jy, gaan jy vir jouself hierdie reis makliker maak?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 6* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## <u>Tema: Voete</u>

84. **<u>Gelukkige verjaarsdag!</u>** deur Johan J. Brown

Een van die dae sal Ouma verjaar
en wat ons haar gaan gee, weet Pa al klaar.
Haar aftreehuisie is lankal vol
en groot geskenke sal net lol.

Ouma wil vreeslik graag motorfiets ry
en dis presies wat sy gaan kry.
Oom Wick kom haar met sy Harley oplaai
en dan gaan gooi hulle ʼn wye draai.

Met haar wortelrooi hare pas Ouma op ʼn bike
en aan haar voete dra sy altyd Nikes.
Ouma is cool, dis al wat ons sê
Ons wil géén ander ouma in die wêreld hê!

(Uit:  Nuwe Kinderverseboek)

1) Watter woord in strofe 1 bewys dat Ouma nie meer werk nie?

2) Hoekom kan Pa nie vir Ouma ŉ groot geskenk gee nie?
3) Kies die regte antwoord.

   3.1 Omkring die regte alfabetletter.

   ŉ Harley is:

   (a) ŉ komeet

   (b) ŉ mens

   (c) ŉ motorfiets

   (d) ŉ satelliet

   3.2 Nikes is:

   (a) balletskoene

   (b) skoene

   (c) pantoffels

   (d) tekkies

4) Skryf in jou eie woorde wat Pa se geskenk aan Ouma is.
5) Die woord "bike" is nie ŉ Afrikaanse woord nie. Skryf die Afrikaanse woord neer. Waarom pas die woord "bike" beter in versreël 1 van strofe 3, as wat die suiwer Afrikaanse woord daar sou inpas?
6) Watter kleur hare het Ouma? Dink jy dis gekleur of is dit haar natuurlike kleur? Motiveer.
7) Wat dra Ouma altyd aan haar voete? Word dit met ŉ jongmens of ŉ oumens geassosieer?
8) Die woord "cool" is ŉ woord wat opgeneem is in Standaardafrikaans. Dit verskyn in *HAT6* en beteken "*algemene aanduiding van iets wat byval vind, in die smaak val*". Gee ten minste drie redes waarom die spreker dink sy/haar ouma is cool.

---

**<u>Tema: Help!</u>**

85. **<u>Toemaar die donker man</u>** deur Ingrid Jonker
*Vir Simone*

Op die groen voetpad
van die horison ver
om die aarde skat,
stap ŉ ou man wat
ŉ oop maan dra in sy hare
Nagtegaal in sy hart
jasmyn gepluk vir sy oop knoopsgat
en ŉ rug gebuk aan sy jare...

*Wat maak hy mammie?*

Hy roep die kriekies
Hy roep die swart
stilte wat sing
soos die biesies, my hart
en die sterre wat klop
tok-tok liefling,
soos die klein toktokkies
in hul fyn-ver kring

*Wat is sy naam, mammie?*

Sy naam is Sjuut
Sy naam is Slaap
Meneer Vergeet
uit die land van vaak
Sy naam is Toemaar
hy heet, my lam
Toemaar, die donker man

*Mammie . . .*

Toemaar, die donker man

Uit: *Versamelde werke*. Human & Rousseau, 1994.

1) Onder watter van die volgende sal jy hierdie gediggie kan plaas?
    a. ʼn Slaapliedjie
    b. ʼn Volksliedjie
    c. ʼn Popliedjie
2) Waarna verwys "ʼn oop maan dra in sy hare" (versreël 5)?
3) Waarom gebruik die spreker verkleinwoorde soos "kriekies" en "tok-tokkies" in die derde strofe? Kies die regte antwoord:
   A. Sy probeer die kind bang praat.
   B. Die kind is ʼn baba en kan nog nie self praat nie.
   C. Sy wil die kind gerus laat voel.
4) Waarmee vergelyk die spreker die stilte van die nag?
5) Waarmee vergelyk die spreker die geflikker van die sterre?
6) Haal ʼn voorbeeld van onomatopee/klanknabootsing uit die gedig aan.
7) Waaruit kan die leser aflei dat dit ʼn dogtertjie is met wie haar ma praat?
8) Ons kan duidelik agterkom wanneer die dogtertjie praat. Watter twee vrae vra die kind aan die ma?
9) In strofe 4 sê die spreker dat die ou man se naam "Toemaar" is. Waarvoor word die woord "toemaar" gewoonlik gebruik?
10) Wat beteken "sjuut"?
11) Verduidelik die funksie van die beletselteken (ellips) in die tweedelaaste versreël (versreël 26) van die gedig.
12) Wat gebeur in werklikheid met die kind as die ou man haar bereik?

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 6* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## **Tema: Rigting**

86. **Ek is ʼn boklam** deur George Weideman

Ek is ʼn boklam en jy is ʼn boklam
en ons tweetjies het klein-klein al
tussen driedoring en duin saam gedwaal

en saam het ons teen ŉ kokerboom se stam
verdrietig gekniel en lank geblêr
en die Oubaas was baie duine ver.

Maar vroegdag toe die eerste vlam
in die aalwynrantjies brand
en ons koud en styf en stram
en kroes gedraf het oor die sand
het die Oubaas gekom, en stil
was die streling van sy hand.

En hy het ons gekoppelkous en soms gedra
en uit die dorings het hy ons kraal toe geja.

1) Wat is die verskil tussen ŉ skaaplam en ŉ boklam?
2) Beskryf die omgewing/ruimte soos dit in hierdie gedig beskryf word. Waar, dink jy, speel hierdie gebeure af?
3) Hoekom het die boklammers gekniel?
4) Die derde strofe begin met die woord "Maar..." Hierdie woord sê vir die leser ...
    a. dat dit baie sleg met hulle gaan.
    b. dat daar tog hoop is.
    c. dat stoute boklammers hulle straf kry.

(Kies die regte antwoord)

5) Watter reëls beskryf vir ons die sonsopkoms oor die veld?
6) Watter woorde sê vir ons dat dit gedurende die nag koud was?
7) Was die Oubaas kwaad toe hy die lammers gekry het? Hoe weet jy dit?
8) In watter rigting het die Oubaas hulle geja?
9) Waarom, dink jy, word "Oubaas" in hierdie gedig met ŉ hoofletter gespel? Na wie verwys dit moontlik?
10) Skryf die interessante rymskema van die gedig neer.
11) Die laaste strofe is ŉ rymende eindkoeplet wat uit twee versreëls wat rym, bestaan. Wat is die hoofgedagte van hierdie strofe?
12) Die gedig bestaan uit ......................... reëls en is ŉ ........................... (tipe gedig).

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 6* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

## Tema: Rigting

87. **Wat ek gaan word** deur C. Louis Leipoldt

Ons kinders praat soms baie
        oor wat ons elk sal wees
eendag as elkeen groot is –
        ons praat ons amper hees.

Gertruida – sy's die oudste –
        sê sy gaan later trou
met die hoof-dorpskonstabel
        wat hierlangs toesig hou.

Klein Teuns wil tiers gaan doodskiet –
    sy rekker is nog sy skat;
en as jy van gevaar praat,
    dan sê hy net: "Ag, wat!"

Johannes word skoolmeester,
    geeneen so fluks soos hy
om lui seuns met die rottang
    eksamens deur te kry.

Sus Miem – sy kry musiekles
    vyf dae in die week –
wil met haar stem gaan geld maak
    om in die bank te steek.

Servaas wil net gaan werskaf –
    soos hy vandag al doen –
met motors en met fietse
    van allerlei fatsoen.

Ek self – ek is die kleinste
    en algar noem my Koos –
as ek eers later groot is,
    dan word ek ŉ matroos

en reis rondom die wêreld
    op ŉ driemasterskip
na eilande in die Suidsee
    van koraal in plaas van klip;

Kom huis toe met ŉ lading
    van goud en spesery,
om daarna op die plaas hier
    skatryk by Ma te bly.

Uit: *Versamelde gedigte*. Tafelberg en Human & Rousseau, 1973.

1) Watter woord in die gedig beteken om nie ŉ stem te hê nie?
2) Met wie wil Gertruida eendag trou?
3) Watter speelding is vir Teuns nog die belangrikste?
4) Wat wil Teuns eendag gaan doen?
5) In strofe 5 praat die spreker van "lui seuns". Wat wil die seuns nie doen nie?
6) Wat word vandag met lui seuns gedoen?
7) Voltooi die volgende sin:
   Miem wil met haar stem gaan geld maak. Sy gaan dus ŉ ............................... word.
8) Watter twee dinge maak Servaas al reg?
9) Die spreker wil ŉ matroos word.
   a. Wat doen ŉ matroos?
   b. Waarheen wil hy reis?
   c. Waar bly die spreker en sy gesin?
10) Voltooi die sinne deur die korrekte antwoord tussen hakies te kies:
   a. ŉ (Seun/dogter) is die oudste van al die kinders in die gedig.
   b. Daar is (twee/vier/ses) kinders in die gedig waarvan die spreker die (oudste/jongste/middelste) een is.
   c. Miem is die spreker se (suster/niggie/vriendin).

11) Elkeen van die kinders in die gedig wil iets word as hul groot is. Pas die korrekte beroep in kolom B by die regte kind in kolom A.

| **KOLOM A Die kind in die gedig** | | **KOLOM B Beroep** |
|---|---|---|
| **Kind** | **Beroep** | |
| Gertruida | | motorwerktuigkundige |
| Johannes | | matroos |
| Teuns | | sangeres |
| Koos | | jagter |
| Servaas | | skoolhoof |
| Sus Miem | | huisvrou |
| | | |

12) Die vrou wat vir Miem musiekles gee, word ŉ *musiekonderwyseres* genoem. Wie of wat word die volgende genoem? Kies uit die woorde in die kassie.

| | |
|---|---|
| bestuurder | digter |
| dokter | doktor |
| kaptein | onderwyser |

a) Die persoon wat die gediggie geskryf het.
b) ŉ Persoon wat saam met die skoolhoof kinders in ŉ skool leer.
c) ŉ Persoon wat mense van hul siektes probeer genees.
d) Die persoon in beheer van matrose op ŉ skip.
e) ŉ Persoon wat beheer uitoefen in ŉ winkel of ŉ fabriek.
f) Iemand met die hoogse akademiese graad, byvoorbeeld ŉ ...................... in die Lettere en Wysbegeerte.

13) Watter beroep wil jy eendag volg? Anders gestel: Wat wil jy eendag word?
14) Skryf die rymwoorde van die eerste twee strofes neer en sê watter tipe eindrym in die gedig gebruik word.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 1* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

**Tema: Rigting**

Volgens A.P. Grové (1980:10) het die volgende berig in ***Die Burger*** van 31 Julie 1950 verskyn:

**VERKLUIM IN DIE VELD**
**Het haar blinde pa gaan soek.**
**Ceres. — ’n Agtjarige kind het een nag verlede week verkluim nadat sy haar pa gaan soek en verdwaal het.**

Sy is Klara Majola en het op mnr, Ernst van Dyk se plaas, Die Eike, agter Witzenberg gebly. Dit was Klara se gewoonte om haar blinde pa op die plaas rond te lei en hom na plekke te bring waar hy hout kon bymekaar maak. Later het sy hom dan weer gaan haal.

Sy kon haar vader vermoedelik nie kry nie en het toe verdwaal. Die Kleurlinge en ander bewoners van die plaas het later na haar gaan soek. Haar vader het op hulle geroep geantwoord, maar Klara self kon hulle nie vind nie. Net daarna het dit begin reën ...

Meneer Van Dyk het eers die volgende dag van die gebeure gehoor. Hy het dadelik ŉ soektog op tou gesit en Klara is dood in 'n pad aangetref. Sy het blykbaar oor die klippe in ŉ stroompie gegly en geval en was te koud en te verkluim om op te staan. Haar een arm was onder haar lyk en die ander hand was in haar mond.

Die nag was besonder koud en die kapok het dik gelê.

D.J. Opperman skryf na aanleiding van hierdie berig die volgende gedig:

88. **Klara Majola** deur D.J. Opperman

Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout vergader;
maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluim
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos wingerdstok.

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluim.

Uit: *Engel uit die klip* deur D.J. Opperman, 1951, NB Publishers.

1) Waarheen was Klara Majola op pad?
2) Wat het die persoon in die veld gaan maak?
3) Hierdie persoon kon nie op sy eie terugkom nie. Waarom nie?
4) Watter tyd van die dag was dit? Gee ŉ rede vir jou antwoord deur ŉ woord uit die gedig aan te haal.
5) Watter seisoen van die jaar was dit? Gee ŉ rede vir jou antwoord deur ŉ woord uit die gedig aan te haal.
6) Hoe oud was Klara? Het jy die antwoord uit die gedig of die berig gekry?
7) Skryf ŉ woord neer wat ŉ bewys is dat Klara nie weer haar pad kon terugkry huis toe nie.
8) Die spreker voel jammer vir Klara Majola. Watter woorde in strofe 2 word gebruik om gevoel oor te dra?
9) In strofe 2 word ŉ vergelyking gebruik. Skryf hierdie vergelyking neer. Watter twee sake word met mekaar vergelyk?
10) Skryf twee opeenvolgende woorde uit strofe 3 neer wat beskryf dat die kapok baie koud en dodelik kan wees.
11) Met wie praat die spreker in die laaste strofe? Watter leesteken word gebruik en waar word dit gebruik om aan die leser te toon met wie gepraat word?
12) Skryf twee woorde uit die slotreël neer wat die teenoorgestelde van mekaar is.
13) Verduidelik wat met die laaste twee reëls van strofe 3 bedoel word.
14) Skryf die rymskema van die gedig neer en sê watter tipe eindrym ons in die gedig het.
15) Hoe verskil die koerantberig van die gedig? Beskryf volledig.

Uit: *Lees sonder grense 7 Die Leeu-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

## **Tema: Bande**

89. **Die diere** deur C.M. van den Heever

By water en rivier kan ons weer voel
ons diep verwantskap met die arme diere,
twee olifante wat hul lywe spoel,
die wemeling van insekte en miere,
die bontbok en onnutsige bobbejaan,
ŉ haastige vlakvark stert hoog in die lug
en sebratrop wat aarselend stroom toe gaan,
met ver weg troppe wild verskrik op vlug.
Die diepste vreedsaamheid droom in die kuil
waar baie monde saam die lewe deel,
gedurig maar op loer na wat daar skuil
waar elke skaduwee sy angste teel.
Want binne hierdie lewe, warm en vry,
wag steeds die klou wat een laat agterbly.

Uit: *Honderd sonnette* deur C.M. van den Heever

1) Watter diere by die rivier is veilig? Gee ŉ rede vir jou antwoord.
2) Sommige mense glo die wet van die natuur is dat die sterkste regeer. Watter dier by die rivier bewys die waarheid van hierdie stelling die beste?
3) Wat word bedoel met die volgende frases:
    a. "*waar baie monde saam die lewe deel*"
    b. "*waar elke skaduwee sy angste teel*"
4) Waarom, dink jy, is die vlakvark haastig en die sebratrop aarselend?
5) Wat is die verwantskap tussen die mens en die arme diere volgens die laaste twee versreëls van die gedig?
6) Uit hoeveel versreëls bestaan die gedig?
7) Skryf die rymskema van die gedig neer.
8) Watter tipe gedig is bostaande gedig?

Uit: *Afrikaans ons Taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

---

## **Tema: Voete**

90. **Agter tralies** deur C.M. van den Heever

Agter bloedbesmeerde tralies lê sy kop op sterke kloue
en in sy oë brand ŉ geel-groen vlam,
sy vel roer bewerig en in sy nek
is vreeslike kragte opgedam,
want in hom is die swarte vlae van die drif
wat alles wil verskeur omdat hy so verneder is.
In al sy kloue klem die krag en in sy senings
wag daar geveerde ratsheid vir die dodelike sprong.
Maar voor sy oë hang die donker repe van die tralies,
en met magtelose woede wat die dooi beskawing skeur,
gaan sy gebrul die asfaltstrate deur.

Uit: *Aardse vlam* deur C.M. van den Heever

1) Waarom, dink jy, is daar bloed aan die tralies?
2) Waarom gebruik die digter "*sterke*" in die eerste versreël, en nie "sterk" nie?
3) Die mens het voete. Die dier het "*kloue*" of ..............................
4) Watter dier word hier agter tralies aangehou? Haal 'n woord uit die gedig aan om jou antwoord te staaf.
5) Waarom, dink jy, brand daar 'n geel-groen vlam in sy oë?
6) Waar, volgens die gedig, is die kragte van hierdie dier opgedam?
7) Wat is die geaardheid van hierdie dier?
8) Hoe weet ons dat hierdie dier baie rats en baie gevaarlik is?
9) Hoe reageer hierdie dier om uiting te gee aan sy emosies?
10) Daar word van "*asfaltstrate*" gepraat. Watter kleur is die strate? Na watter tipe strate word verwys?
11) Dink jy dit is reg of verkeerd om wilde diere in hokke aan te hou? Verduidelik jou standpunt.
12) Gee twee voorbeelde van alliterasie in die gedig. Wat word telkens hiermee beklemtoon?

Uit: *Afrikaans ons Taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

## Tema: Blapse

'n Fabel is 'n kort verhaaltjie waarin diere as karakters optree. Dit het gewoonlik 'n sedelessie waaruit mens iets kan leer.

91. **Fabel** deur D.J. Opperman

Onder misbredie
in die reën uitgestrek,
voer twee erdwurms
'n spits gesprek

oor "ek" en "jy"
en "my kontrei,"
oor "hier was eerste
my krot van klei".

'n Toevallige graaf
het toevallig gesak,
die twee erdwurms
middeldeur gekap:

Vier erdwurms
ruk slymerig voort –
die "ek's" en die "jy's"
twyfel waar hulle hoort.

In digter bredie
by die herontmoet
het elkeen beleef
homself gegroet.

Uit: *Dolosse*. Nasionale Boekhandel, 1963.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 4* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

1) Skryf of die volgende *waar* of *onwaar* is. Gee 'n rede vir jou antwoord.
    a. 'n Fabel is 'n ware storie.
    b. In die gedig reën dit oor 'n wye area.
2) Watter diere tree op as karakters in hierdie fabel?
3) Wat dink jy is die "misbredie" in die gedig?
4) Die erdwurms is in 'n baie ernstige gesprek betrokke.
    a. Watter twee woorde gebruik die digter om te sê dat die twee erdwurms in 'n baie ernstige gesprek is?
    b. Waaroor praat hierdie twee erdwurms?
    c. Stem die erdwurms saam oor hulle gesprek? Gee 'n rede vir jou antwoord.
5) Op watter manier beklemtoon die digter dat die graaf wat die erdwurms middeldeur gekap het, nie opsetlik was nie?
6) Waarom, dink jy, is daar 'n dubbelpunt aan die einde van strofe 3?
7) In strofe 4 is die erdwurms nou onseker.
    a. Hoeveel erdwurms is daar nou nadat die twee erdwurms middeldeur gekap is?
    b. Waaroor is hulle nou onseker?
    c. Watter woord gebruik die digter wat dieselfde beteken as "onseker"?
8) Watter woord in die laaste strofe beteken dieselfde as "formeel"?
9) Hoekom, dink jy, het die erdwurms (in die laaste twee versreëls van strofe 5) elkeen "**homself gegroet**"?
10) Watter sedelessie – waaruit mens iets kan leer – kom in hierdie fabel voor?
11) Net soos die twee erdwurms begaan die mens ook foute/flaters/blapse. As die twee erdwurms mense was, watter fout of blabs het hulle volgens die gedig begaan?
12) Watter tipe eindrym kom in die gedig voor?

---

**Tema: Khoi-Khoi**

92. **Die dans van die reën** deur Eugene Marais

***Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn***

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
        en haar oge is skaam;
                en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
                saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
        hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
        en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete
        en hulle kruip nader en sing saggies:
                "Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

Uit: *Groot Verseboek* deur D.J. Opperman

1) Wie of wat, volgens die titel, gaan in hierdie gedig dans?
2) Onder die titel is daar ŉ tweede gedeelte geskryf: "***Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn***". Ons noem dit ŉ **subtitel**. Een van die volgende is verkeerd:
    a. Dit laat die naam langer klink en die gedig mooi lyk.
    b. Die leser weet dat dit in ŉ baie droë gebied afspeel.
    c. Die leser weet dat hierdie gedig ŉ lied is.
3) Hierdie gedig is ŉ lied.
    a. Wie het hierdie lied geskryf?
    b. Watter musiekinstrument kan hy bespeel?
    c. Waar woon hierdie liedjieskrywer?
4) Die reën word beskryf as ŉ meisie wat oor ŉ bergtop **loer**. Ons noem dit personifikasie. Die hele gedig is ŉ personifikasie van die reën as ŉ lewende mens! Verduidelik die personifikasies in die volgende gevalle:
    a. "*Eers oor die bergtop loer sy skelm*". As jy aan ŉ donderbui dink – wat verskyn gewoonlik bo die bergtoppe?
    b. Waarna, dink jy, verwys die woorde "*en sy lag saggies*" en "*saggies roep sy*" as jy aan ŉ naderende donderstorm dink? Voltooi die volgende sin om hierdie vraag te beantwoord: Die meisie wat saggies roep en saggies lag, is die sagte ............ van die ................
    c. "*En van ver af wink sy met die een hand*". Dit verwys na die .......................... wat in die verte ............................
5) Voltooi die volgende sin: Haar armbande wat blink en haar krale wat skitter is die ................ in die verte.
6) Hierdie meisie vertel die winde van die dans.
    a. Van watter dans vertel sy hulle?
    b. Hoekom vertel sy hulle van hierdie dans?
7) Die woorde "*want die werf is wyd*" sê vir ons dat dit oor ŉ wye .................. gaan reën.
8) Volgens die ***HAT*** is "*grootwild*" wild van groot gestalte, byvoorbeeld olifante, renosters en die groot boksoorte. Noem twee groot boksoorte wat in Namibië voorkom.
9) Waar dam die grootwild op?
10) Het jy al die reuk van die eerste druppels na ŉ groot droogte geruik?
    a. Hoe ruik dit vir jou?
    b. Watter twee reaksies van die grootwild sê vir jou dat hulle dit ook geruik het?
11) Wat is die "*fyn spore op die sand*" wat die grootwild sien?
12) Wie, dink jy, is die "*kleinvolk diep onder die grond*"? Noem al die diere wat jy ken wat in gate onder die grond bly.
13) Die kleinvolk hoor "*die sleep van haar voete*". Voltooi die volgende: Hulle hoor die ................ wat val en die ..................... water wat ................
14) Wat sing hulle vir die reën?
15) Haar krale wat skud en haar koperringe wat blink is die ..................... wat ...................... en die ..................... wat blits.
16) Hoekom raak die son weg?
17) Die woord "*karos*" is ŉ Koi-woord wat deel geword het van die Afrikaanse woordeskat. ŉ Karos is ŉ mantel van gebreide velle met die hare aan wat die Khoi-Khoi-vrou gedra het. Wanneer sy die vaal karos met altwee arms uitsprei, weet ons dat die ............. oor die hele ..................... uitsak.

18) Wat gebeur met die wind in die tweede laaste versreël?
19) Voltooi die volgende sin: Die oerbewoners van die woestyn, die San/Boesman, beskou die reën as hul ...............
20) Is daar enige rymwoorde in die gedig?
21) Hoeveel versreëls het elke strofe? Is die versreëls en die strofes ewe lank?
22) ŉ Gedig wat geen ......... of spesifieke strofebou en metrum het nie, word ŉ **vrye vers** genoem.

Uit: *Lees sonder grense 7 Die Leeu-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

---

## Tema: Help!

93. **Vir Eugene** deur Toon van den Heever

Gist'raand toe 'k op my BMX spring
(die skemer het net toegeslaan)
en 'k jaag sodat my voorwiel sing
om tuis te kom deur die donker laan.
Toe sien ek die bome roer.
        En nes ek opkyk, staan:
en 'k sien deur blare die sterre loer
        en 'k hoor hoe lag die maan!
En 'k sien weer hoe die bome knik
en hoor hulle sug: "Hy wen, hy wen!"
En kyk oor my skouer – O, josie! die skrik
was die vreeslikste skrik wat ek ken!
        Want vlak op my hakke
        in die pad en op takke
sit Drietoon se kinders my agterna
        met harige hande
        en yslike tande
en oë wat blitsliggies dra.
En vooraan, heel vooraan, vat-vat aan my wiel,
Krokowaan en Ou Eenoog-Giel.
Toe jaag ek, en jaag oor die skurf en die glad,
dat die windjie so suis en die klippe so spat!

Net voor ek die draai maak daar bo by die hek,
(ek ry toe, ek sê jou, ek ry soos die wind)
toe voel ek die wasem uit Blinkoog se bek
op die nek van my mammie se kind.
Hy spring op my rug en hy bulder: "Ek het ...!"
Maar voor hy kon "hom" sê, word ek wakker in my bed.

Uit: *Eugene en ander gedigte* deur Toon van den Heever

1) Wie, dink jy, is die spreker in die gedig?
2) Waarvan vertel hy?
3) Vir wie, dink jy, vertel hy wat gebeur het?
4) Die gedig het vyf momente. Voltooi die sinne:
    a. Hy gaan ry met ...
    b. Hy sien allerhande ...
    c. Hy probeer ...
    d. Hy word amper ...

    e. Dan word hy ...

5) Kyk nou of jy kan aandui watter deel van die gedig oor watter moment handel.
6) Eers in die laaste versreël kom ons agter dat hy net ŉ nare droom gehad het. Wat noem ons so ŉ slegte droom?
7) Wanneer ŉ mens droom, is daar dinge wat heeltemal onmoontlik is, bv. "*en 'k hoor hoe lag die maan!*" Noem nog ŉ paar voorbeelde uit die gedig.
8) Noem al die name van die monsters in sy droom.
9) Watter twee woorde het hy gebruik om "*Krokowaan*" te vorm?
10) Wie is "my mammie se kind" (slotstrofe)?
11) In die laaste strofe vergelyk die spreker dit wat hy doen met iets anders. Skryf die vergelyking neer en sê wat dit beteken.
12) Daar is ŉ hele paar voorbeelde in die gedig waar dinge in die natuur menslike eienskappe kry, bv. "my voorwiel sing". Gee nog ŉ paar voorbeelde. Wat noem ons hierdie verskynsel?
13) Wat is die "*skurf*" en die "*glad*" waaroor hy jaag? Is die twee woorde sinonieme of antonieme?
14) Ons kan sê: "Die skemer het **gedaal**." Waarom, dink jy, gebruik die digter die woord "*toeslaan*"?

Uit: *Afrikaans ons Taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

---

**Tema: Spoed**

94. **Die afloswedren** deur Hennie Aucamp

Die wenspan is nou agter
in die aflosren:
Klein-Pietie het gestruikel,
en kan sy span nog wen?

Die vierde man is Frikkie,
die span se laaste hoop,
maar kan dié vetgesmeerde blitsie
vyf ander inhardloop?

Frikkie trek hom krom en spaander,
steek twee, steek drie verby,
maar in die pylvak, teen Smit Penn,
mag hy sy moses kry.

Behou Smit Penn sy voorsprong,
of wen ons Frikkie wat?
Die pawiljoen raak skoon besete:
Gaan daar ŉ rekord spat?

Frikkie breek die wit lint
sekondes voor Smit Penn:
Klein-Pietie huil van vreugde
sy span het tog gewen!

Uit: *Woerts in die hoekie*, Protea Boekhuis, 2011.

1) Wat is ŉ "aflosren"?
2) Watter atleet in die aflosspan het geval?

3) Hoe vinnig hardloop ŉ atleet wat ŉ "vetgesmeerde blitsie" genoem word? Wie, in die gedig, word so genoem?
4) Hoeveel spanne is voor Frikkie wanneer hy die aflosstokkie kry?
5) Wie is Frikkie se grootste opponent in die aflosspan?
6) Skryf die Afrikaanse idioom neer vir die versreël: "mag hy sy moses kry". Wat beteken hierdie idioom?
7) Watter woord in strofe 3 sê dat die atleet Smit Penn nie in Klein-Pietie en Frikkie se span is nie?
8) Wie hardloop voor in strofe 4?
9) Wat beteken dit as ŉ atleet die "wit lint" breek?
10) Hoekom huil Klein-Pietie van vreugde?
11) Uit hoeveel strofes bestaan die gedig en hoeveel versreëls is daar in elke strofe?
12) Watter tipe eindrym kom in die gedig voor? Motiveer jou antwoord.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 7* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en C. le Roux.

---

## Tema: Rigting

95. **Wegloopneus** deur Jaco Jacobs


Ben was te suinig
om ŉ sakdoek te koop
toe sy neus op ŉ dag
begin loop –
toe gebeur
iets baie sleg
Ben se neus
loop ver, ver weg
hy't lank gesoek
maar ek is bevrees
dit was neusie verby
met sy neus
dit was skoonveld
en verlore
weggeraak
tussen sy ore

Ben was regtig moedeloos
en depressief tot hy
eendag uit die bloute
ŉ mooie poskaart kry
"Groetnis uit Egipte –
wens jy kon hier wees."
en dit was onderteken:
"Met liefde van Jou Neus"
ŉ vliegtuigkaartjie is baie duur
maar die reine waarheid is
Ben het sy wegloopneus
verskriklik erg gemis

hy't ver gevlieg en lank gesoek
deur die woestyn en in die wind
en by die Nyl en piramides
het die kind sy neus gevind

so, koop vir jou ŉ sakdoek
en onthou maar dat dit mos
darem heelwat minder
as ŉ vliegtuigkaartjie kos


Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal Leesboek 7* deur Mari Lätti en Sonia Gouws



www.kaaskrull.com

1) Watter twee betekenisse het "My neus loop" volgens die voorstelling hierbo?
2) Hoe is ŉ mens as jy suinig is?
3) Hoeveel, dink jy, kos ŉ sakdoek? Waar sal jy vandag ŉ sakdoek kan koop?
4) Wat beteken dit as ŉ mens se neus loop? Hoe word dit in hierdie gedig voorgestel?
5) Watter slegte ding het gebeur en wat het Ben toe gedoen?
6) Hoe weet jy dat Ben weer baie graag sy neus wou terug hê?
7) Wat beteken die volgende uitdrukkings:
    a. Ek is bevrees...
    b. Dit was neusie verby.
    c. Dit was skoonveld.
8) Dink jy ŉ neus kan werklik verlore raak en wegraak tussen jou ore?
9) Teken iemand wat geen neus het nie. Sal jy sonder ŉ neus wil wees?
10) Hoe het Ben gevoel toe hy glad nie sy neus kon kry nie?
11) Hoe is ŉ mens as jy depressief is?
12) Wat beteken die uitdrukking "uit die bloute"?
13) Wat is ŉ poskaart? Watter prent, dink jy, was op die poskaart? Teken ŉ poskaart of plak ŉ poskaart in jou boek.
14) Wat het op die poskaart gestaan?
15) Van wie en van waar het die poskaart gekom?
16) Wat het Ben toe besluit om te doen en waarom het hy dit gedoen?
17) Hoe ver is Namibië van Egipte af?
18) Bestudeer die foto's hieronder. Wat het die Sfinks van Egipte en Ben in gemeen gehad?
19) Dink aan ŉ oorspronklike storie of rede waarom die Sfinks van Egipte nooit sy neus teruggekry het nie.
20) Noem vier tipiese kenmerke van Egipte.
21) Watter raad gee die spreker aan die einde van die gedig?
22) Watter tipe eindrym kry ons in die gedig?







96. **Ek dink ek kan...** deur Christa van Tonder

Eendag was daar ŉ enjintjie
Net pas uit die fabriek,
Die groot sterk enjins spot met hom:
"Lyk hy nie te komiek?
Ek sien hom al ŉ trein wegtrek!
Ra-ssh! Ra-sssh! Hoe gek!"

"Die trein het weer bly staan! Roep een.
"Hul moet dadelik ŉ enjin hê.
Swart Piet, ek dink jy sal moet gaan!"
Maar Swart Piet skud die kop en sê:
"Ek werk die heeldag lank! Poef! Poef!
Te moeg en warm! Poef! Poef!"

"Nou, Groot Gedruis, dan moet jy kom;
Die trein staan teen die berg."
"Sakka pakka! So ŉ ding
Kan jy nie van my nie verg!
Die pad is nat; sê nou ek kry
Verkoue! Wat word dan van my?"

"Klein Bietjie Niks, jy's al wat bly –
Die ander het elkeen ŉ kwaal."
"Ek dink ek kan!" sug Bietjie Niks,
"Ek dink ek sal die paal kan haal;
Ek dink ek kan, ek dink ek kan,
Ek dink, ek dink, ek dink ek kan!"

Hul haak hom voor. Die berg is steil,
Die spoor nog daarby nat.
Ek dink...(die trein beweeg), ek dink...
As ek net eens kan vat...
Ra-sssh, ra-ssh! Ek dink ek kan,
Ek dink ek kan. Ra-sssss-ssssshh!
Sakka pakka! Ekka dinka...
Sakka pakka! Ekka kanna...
Sakkeka pakkeka! Pakkeka sakkeka!
Oe...oe...oe...oe...oe...oe...e...t!

Nog ŉ paar stampe en nog ŉ paar stote,
Maar aanhouer wen! Hul is bo-op die berg.
Oor vlakte draf Klein Bietjie Niks nou gemaklik.
Die groot enjins sal hom nooit weer kan terg.
Ra-ssh! Ra-sssh! Ek dog ek kon,
Ek dog ek kon! Ra-sssh-sssssshh!
Sakka pakka! Ekka dogga...
Sakka pakka! Ekka konna...
Sakkeka pakkeka! Pakkeka sakkeka!
Oe...oe...oe...oe...oe...oe...e...t!

*****

97. **Die ding in die swembad** deur Pat Scott

Ek speel in die tuin met my bal
toe ek iets in die swembad hoor val.
Die water spat en golfies kring uit
en ek hoor ’n onaardse gesis en gefluit.
Tessa, my hond, kom nader en snuif.
Sy kyk na die ding wat op die water ronddryf.

Dis nou vir jou ’n snaakse affêre!
Hy't net een oog en ’n yslike snor.
Tessa begin blaf, wys tande en knor.
Net toe ek buk om die ding uit te haal,
begin hy te praat in ’n heel vreemde taal:
"Goggel ggg snork!N'cheki n'cheni!"

Maar ek verstaan glad nie wat hy wil hê nie.
Hy spring op die wal. Hy rittel, hy bewe, hy gloei!
Hy lyk baie mooi, so kleurvol en blink,
maar ai tog, o foei, kan hy vir jou stink!
Hy rek en krimp. Hy's groot, dan weer klein.
En toe ... sjoep! ... het hy spoorloos verdwyn.

*****

98. **Kies geel? Kies rooi?** deur Pieter W. Grobbelaar

Geel is lukwart en appelkoos
Wat my laat watertand,
Maar rooi die kroon van waatlemoen
Wat bros breek in my hand.

Bloedrooi roep die ryp granaat
Wat oor die heining hang
En met soetrooi tande lag
In sy gesplete wang.

Rooivleiskoejawel vet geswel
Van reën, en persrooi adamsvy,
En soetlemoen oranje-geel
Van son – altwee kan my kry!

Spanspekke lok my bottergeel,
Aarbei beloer my spikkelrooi,
Hoe kan ek kies al wil ek ook,
Tussen ewe lekker, ewe mooi?

Uit: Mallemeule: Pieter W. Grobbelaar

# Afrikaanse gedigte vir Graad 7 – Afrikaans Tweede Taal

| |
|---|
| **Spesifieke doelstelling**: Leerders behoort in staat te wees om kommentaar te lewer oor temas en taalgebruik van digters. |

**Tema: ligte gedigte en dinge**

99. **My skaduwee** deur Jaco Jacobs

My skaduwee dans die vastrap,
my skaduwee dans die riel,
my skaduwee slaan bolmakiesie
en maak ŉ groot wawiel.
Ek's nie so verspot nie,
ek is eintlik nogal skaam,
maar alles wat my skaduwee doen,
die doen ek heeltyd saam.
Ek kan dit nie verstaan nie,
verduidelik tog vir my:
Waar het ek so ŉ lawwe
skaduwee gekry?

Uit: *Die teddiebeerbus en ander rympies*, LAPA Uitgewers, 2006.

1) Die "*vastrap*" is ŉ soort "*riel*" wat deur een persoon alleen gedans word, deur eienaardige bewegings met die bene en voete te maak. Demonstreer aan die klas hoe jy dink die riel gedans word.
2) Wat doen die spreker se skaduwee nog in versreëls 3 en 4? Wie van julle kan dit vir die klas demonstreer?
3) Hoe voel die spreker oor homself? Onderstreep die regte antwoord: (1) Die spreker dink hy is verspot / Die spreker dink hy is nie verspot nie. (2) Die spreker dink hy is skaam / Die spreker dink nie hy is skaam nie.
4) Wat beteken die woord "*verspot*"?
5) Dink jy die spreker is reg as hy sê dat hy alles doen wat sy skaduwee doen?
6) Beskryf hoe iemand is wat ŉ lawwe persoon is.
7) Onderstreep die korrekte feit: Die spreker se skaduwee is laf. / Die spreker is laf. / Die spreker en sy skaduwee is laf.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 7* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en C. le Roux

-----------------------------------------------------------------------------------

**Tema: ligte gedigte en dinge**

100. **As die see net nie so sout was nie . . .** deur Jaco Jacobs

As die see net nie so sout was nie
en as ys net nie so koud was nie,
het dorings dalk minder gesteek
en was Kersfees miskien elke week.

As die see net nie so sout was nie
en as ys net nie so koud was nie,
het mense dalk minder baklei
en het kinders meer lekkers gekry.

As die see net nie so sout was nie
en as ys net nie so koud was nie,
het almal dalk geld in die bank
en was pouse miskien heeldag lank.

As die see net nie so sout was nie
en as die ys nie so koud was nie…
en as "as" nie verbrande hout was nie.

Uit: *'n Brulpadda in my tas*, LAPA Uitgewers, 2008

1) Hoekom, dink jy, is die see sout?
2) Dink jy die seediere sou kon oorleef in 'n see wat nie sout is nie?
3) Waarom moet ys baie koud wees? Wat gebeur met ys as dit warm word?
4) Dink jy dat die spreker baie kaalvoet loop, omdat hy wens dat dorings minder kon gesteek het?
5) Watter herinneringe het jy van Kersfees? Voltooi die volgende: As Kersfees elke week was, sou ek elke week ......................................................................................
6) Dink jy ook dat mense te veel baklei? Deel jou gedagtes en gevoelens met jou beste maat.
7) Is dit gesond vir kinders om baie lekkers te kry? Voel jy ook soos die spreker dat kinders meer lekkers moet kry?
8) Hoekom wens die spreker dat almal geld in die bank moet hê? Wat sal jy met jou geld doen as jy baie geld in die bank het?
9) Dink jy alle kinders wens dat die pouse heeldag lank was? Wat sou die gevolge daarvan wees?
10) Kan jy aan 'n rede dink waarom die eerste twee reëls aan die begin van elke strofe herhaal word?
11) Wanneer sê ons vir iemand: "As is verbrande hout"?
12) In die laaste versreël: "*en <u>as</u> "<u>as</u>" nie verbrande hout was nie*" behoort die twee woorde "*as*" aan verskillende woordsoorte. Kies uit die onderste voorbeelde die korrekte betekenis en woordsoort by elk:
    **as**$^1$ *s.nw.* stang/staaf waarom of waarop 'n wiel draai.
    **as**$^2$ *s.nw.* oorblyfsels van verbranding.
    **as**$^3$ *voegw.* indien, op voorwaarde dat, ingeval.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 7* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en C. le Roux

## <u>Tema: Wonderlike Afrika</u>

101. **<u>Afrika</u>** deur Mari Lätti en Sonja Gouws

Afrika, vaste, vaste land
Kaïro noord, Somalië by die tand
Kilimandjaro in die middel, berg
    wat die hoogste is.
Sahara, woestyn wat die droogste is –
    waar die son vroeg verskyn
    en laat verdwyn.

Afrika, jou wilde diere
soos krokodille, seekoeie swem
    in die riviere
en leeus en luiperds wat snags
    wil jag
terwyl bokke en sebras vreesbevange
    wag.

Afrika, jy het ruimte, jou hart is groot
bewaar elke dier en mens in jou skoot.

1) Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?
2) Hoeveel versreëls is daar in elke strofe?
3) Watter bekende hoofstad word genoem? Van watter land is dit die hoofstad?
4) Voltooi die volgende sin: Somalië is ŉ ...................... aan die kus van .........-Afrika, die ........................................ (hoofletterwoord) van Afrika en dit grens aan Ethiopië in die weste, Djiboeti in die noordweste en Kenia in die suidweste.
5) Wat is die naam van die hoogste berg in Afrika? In watter land is hierdie berg geleë?
6) Wat is die wêreld se grootste en warmste woestyn? Lees na oor dié woestyn deur die volgende webwerf te gebruik: https://af.wikipedia.org/wiki/Sahara en skryf ŉ paragraaf daaroor.
7) Watter waterdiere word in Afrika – volgens die gedig – aangetref?
8) In die gedig word twee roofdiere wat op land jag, genoem. Skryf hulle neer.
9) Wat, volgens die gedig, jag hierdie roofdiere?
10) Wat is die tema van die gedig?

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 7* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en C. le Roux.

-------------------------------------------------------------------------------------

**Tema: Diere en hulle maniere**

102. **Meerkat** deur Jaco Jacobs

is ŉ meerkat
minder of meer kat?
of maar net ŉ min-of-meer-kat?
eintlik lyk hy maar na min kat
glad nie soos ŉ miaau-en-spinkat
waarom is hy dan ŉ meerkat –
en wat is minder kat as meerkat?
of is hy dalk glad nie kat nie?
ek verstaan ŉ meerkat glad nie





Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal Leesboek 7* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1) In hierdie gedig word 4 vrae gevra:
    a. Is ŉ meerkat minder kat of is hy meer kat?
    b. Is ŉ meerkat maar net ŉ min-of-meer-kat?
    c. Wat is minder kat as meerkat?
    d. Is hy dalk glad nie kat nie?

   Lees na oor die meerkat en probeer dan om hierdie vrae in julle groepe te beantwoord.
2) Wat is die spreker se opinie van die meerkat? Dink die spreker dat die meerkat ŉ kat is?
3) Tot watter gevolgtrekking kom die spreker in die laaste versreël?

4) Bestudeer die onderstaande prentjies. Waarvoor is die meerkat nog bekend?





**Tema: Diere en hulle maniere**

103. **Papegaai** deur Clinton V. du Plessis

hulle
het jou skuldig bevind
gevonnis tot ŉ leeftyd
van sinnelose eggo
ironiese vermaak
van agter ŉ ystergordyn
waar jy op plastiektakkies
hulle
na-praat

Uit: *Pret met Poësie*. Best Books, 2004.

1. Wie is
   a. "*hulle*" in die gedig?
   b. "*jou*"/"*jy*" in die gedig?
2. Die woorde "skuldig bevind" en "gevonnis" laat dit klink of die dier aangehou word in ŉ ......
   a. slaapkamer
   b. tronk
   c. wildtuin
3. In die gedig is daar ŉ woord wat amper dieselfde betekenis het as die woorde "sinnelose eggo".
4. Die papegaai is "*agter ŉ ystergordyn*" en sit "*op plastiektakkies*". Die papegaai is dus in ŉ kou of in ŉ ..............................................
5. Bespreek in julle groepe oor die sinvolheid om voëls in gevangenisskap aan te hou.

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 4* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

**Tema: Ligte gedigte en dinge**

104. **Beweegruimte** deur Philip de Vos

Twaalf sardientjies in ŉ blik
hemel, hou tog op met druk!
Dis jy en ek
en ek en sy
en jy en sy
en ek en hy
en hy en sy
en jy en jy –
dié kermisbed's te veel vir my.
Hier gaan ek niks langer bly –
jou elmboog druk in my sy!

Uit: *Afrikaans ons Taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

1. Wat word in die gediggie beskryf?
2. Wie of wat is die spreker (die "ek") in die gedig?
3. Waarmee vergelyk die spreker die blik?
4. Waarom wil hy nie langer daar bly nie?
5. ŉ Sardientjie het nie ŉ elmboog nie. Voltooi die volgende: ...................... eienskappe word aan nie-menslike dinge gegee. Dit noem ons personifikasie.
6. Waarom, dink jy, kry die sardientjie hier menslike eienskappe?
7. Het jy al gehoor dat iemand sê: "**Julle is ingeryg soos sardientjies**"? Sê nou in jou eie woorde wat dit beteken.

---

**Tema: Ligte gedigte en dinge**

105. **Nuwe skoolreëls** deur Jaco Jacobs

Weg met kwaai onderwysers
en somme doen op die bord –
die stuur van SMS'e
is ons skool se nuwe sport!

Weg met grys uniforms;
koebaai skoene en kouse –
ons hou nou elke dag
drie ure lank pouse!

Huiswerk en take
word dadelik verbied;
ŉ prettige popliedjie
vervang ons ou skoollied.

Geen stoute kind
mag ooit weer detensie kry nie.
Niemand loop ooit weer
in ŉ netjiese ry nie.

Daar's splinternuwe PlayStations
in elke liewe klas . . .
Skool sou soveel pret wees
as ek die skoolhoof was!

Uit: *My boetie dink hy's Batman en ander rympies,* LAPA Uitgewers, 2010.

1. Wat is die naam van hierdie gedig en wie is die digter?
2. Aan watter sportsoort gaan die kinders onder die nuwe skoolhoof deelneem?
3. Kies die regte antwoord.
   "*Weg met kwaai onderwysers*" beteken dat die kinders ...
   A nie onderwysers by die skool wil hê nie.
   B nie bang is vir kwaai onderwysers nie.
   C weg van die skool wil wees.
   D bang is vir kwaai onderwysers.
4. Die skoolkinders hou van hulle skoolklere.
   a. Is hierdie stelling **waar** of **onwaar**?
   b. Haal 'n versreël aan om jou antwoord te motiveer.
5. Van watter soort musiek hou die leerders van hierdie skool?
6. Wat is "detensie"?
7. Hou jy daarvan om in 'n netjiese ry te loop?
8. Waarmee sal die skoolkinders hulle besig hou by die skool?
9. Wat sou gebeur as die spreker in die gedig die skoolhoof was?
10. Sal jy daarvan hou as jou skool nie reëls gehad het nie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal 7* deur Mari Lätti, Sonia Gouws en C. le Roux.

---

## **Tema: Wonderlike Afrika**

106. **Somer in Afrika** – Anoniem

Piesang en papaja
koue waatlemoen
boorde vol van perskes
in die son-seisoen
krieket en muskiete
vakansie by die see
dis mos wat 'n somer
in Afrika jou gee

Kyk hoe staan die koring
hoor hoe val die reën
kyk hoe laat die druiwe-oes
die sleepwa kreun
vyf en dertig grade in die
skaduwee
dis mos wat 'n somer
in Afrika jou gee

Vyfuur in die môre
begin die son te skyn
boontjies en pampoene
in die groentetuin
hardloop deur die sproeier
swem in die rivier
piekniek in die sonskyn
want somertyd is hier!

Uit: *Afrikaans ons taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

1. Wanneer is dit, volgens jou, die son-seisoen?
2. Van watter somervrugte hou jy?
3. Aan watter sportsoort dink die spreker?
4. Noem ŉ insek in strofe 1 wat in die somer uitbroei. Hou jy van hierdie insek? Hoekom/hoekom nie?
5. Waarvan word brood gemaak? (Dit groei ook in die somer).
6. Noem die somervrugte waarvan hulle wyn maak.
7. Hoe weet jy dat dit baie warm in die somer kan word?
8. Watter groente eet jy graag in die somer?
9. Wat doen die spreker graag in die somer? Noem drie dinge op wat die spreker graag doen.
10. Wat doen jy graag in die somer?
11. Watter gevoel wek die gedig by jou?

---

**Tema: Lees is lekker**

107. **Spoke** deur Antjie Krog

om twaalfuur is dit middernag
om twaalfuur is dit spoketyd

ŉ spook kom deur ŉ sleutelgat
of kan soos ŉ biltong tussen klere hang
of soos ŉ kriek vloerlangs sluip
of soos ŉ slim kakkerlak agter waterpype plak

hy kan sweef teen muur of dak
oor dorings, slagysters of ŉ sandwoestyn
net soos hy wil kan hy verskyn of
verdwyn of skielik jakkalstjank van pyn

ŉ spook moet jy nooit groet nie
soos vuur skroei hy jou hand
vir altyd het jy dan ŉ vlek
wat met geraamtevingers brand

om twaalfuur is dit middernag
om twaalfuur is dit spoketyd
ŉ spook kan deur ŉ sleutelgat
Of geruisloos onder jou bed kom lê
– lakenplat.

Uit: *Dogter van Jefta*. Human & Rousseau, 1970.

1. Glo jy aan spoke? Gesels oor die bonatuurlike.
2. Hoe kom ŉ spook in die huis?
3. Waar kan ŉ spook oral wegkruip? Voltooi die sinne deur die regte woorde in die blokkie te soek:
    a. ....... die kas .......... die klere.
    b. ........... die vloer.
    c. ........... die waterpyp.
    d. ........... die muur.
    e. ........... die dak.
    f. ........... die bed.
4. Hoe laat in die nag is dit spoketyd?
5. Wat sal gebeur as ŉ mens ŉ spook met die hand groet?
6. Hoeveel strofes is daar in die gedig?
7. Hoeveel versreëls is daar in die gedig?

Uit: *Lees sonder grense 7 Die Leeu-boek* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

---

**Tema: Doen iets vir ander**

108. **Beste vriende** deur Marita van Aswegen

Saam het ons vlieërs gevlieg,
beloof om nooit vir mekaar te lieg.
Ek kan jou vertrou
om altyd ŉ geheim te hou.

Of ons op die masjien speel met geld,
of agter die bal aanhol op die veld –
saam kan ons die opponente fnuik
en dan in die blou see gaan snorkelduik.

Jy is my beste maat,
my vriend, my kameraad.
Sonder jou is ek alleen
soos ŉ honger hond sonder ŉ been.

1. Beskryf hoe ŉ mens ŉ vlieër vlieg.
2. Wat het die twee vriende vir mekaar belowe?
3. Wat is die eienskap van ŉ ware vriend?
4. Wat is ŉ opponent?
5. Wat beteken die woord "*fnuik*"?
6. Waar speel die twee vriende teen opponente?
7. Wat gaan doen die twee vriende saam vir ontspanning?
8. Hoe voel die spreker sonder sy maat?
9. Gee twee sinonieme uit die gedig vir "vriend".

Uit: *Kroonsteen-reeks – Verse vir lekker lees – Leesboek 3 Vlak 6* deur F. Viljoen, R. Lamprecht & H. Viljoen.

---

**<u>Tema: Die waarde van die aarde</u>**

109. **<u>Vraag en antwoord</u>** deur Jaco Jacobs

**“KROKODIL, IS JY OOIT**
**VIR ENIGE IETS BANG?”**

Kan enige iets
ʼn krokodil vang?
“Ou Krokkie, kyk net
hoeveel tande het jy!
Laat enige iets
jou ooit nagmerries kry?
Jy lyk vreesaanjaend daar
waar jy in die water dryf,
maar jaag enige iets jóú ooit
die skrik op die lyf?”

**“EK’S BEVREES DAAR IS WEL IETS...”**

antwoord die krokodil.
“Iets wat elke liewe krok
laat sidder en laat ril.
Dis die vreeslikste verskynsel,
ʼn wreedaardige bullebak –
daai stokou tannie daar oorkant
met haar

**krokodilhandsak!”**

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal Leesboek 7* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

1. Wat is die vraag wat die spreker aan die begin van die gedig vir die krokodil vra?
2. Die antwoord hierop is: Ja/Nee.
3. Waarom moet ons vir ʼn krokodil bang wees? ʼn Krokodil het baie ................................ waarmee hy sy prooi ......................................
4. Wat is ʼn nagmerrie? Dink jy ʼn krokodil kry nagmerries?
5. Hoe lyk die krokodil vir die spreker?
6. Waar bevind die krokodil hom en wat doen hy?
7. Wat beteken dit as iets ʼn mens die skrik op die lyf jaag?
8. Gee sinonieme vir “*sidder*” en “*ril*”.
9. Wat is ʼn “*verskynsel*”?
10. Wat is ʼn “*bullebak*”?
11. Hoekom, dink jy, is hierdie bullebak wreedaardig?
12. Waarvan is die handsak van die stokou tannie gemaak?
13. Vir wie moet die krokodil bang wees? Onderstreep die regte antwoord: Die krokodil moet bang wees vir ou tannies met hul krokodilhandsakke wat krokodille doodmaak. / Die krokodil moet bang wees vir mense wat kokodille doodmaak om geld te maak uit krokodilhandsakke.
14. Sal jy ʼn krokodilhandsak koop? Waarom/waarom nie?

## **Tema: Mense met drome**

110. **Superheld** deur Jaco Jacobs

Jan van Staden,
superheld.
Bloedrooi kleefpak,
goudgeel belt.
Moeilikheid?
ŉ Skurk of dief?
Skree net: "SuperSeun,
help, asseblief!"

**BOEM!**
**BAM!**
**SWIESJ!**
**KADOEF!**

Kyk net waar
trek daai boef!
Die skare juig:
"HIEP, HIEP, HOERA!
Hy's ŉ superheld,
o ja!
SuperSeun
se ystervuis
het die skelms
ŉ ding of twee gewys!
Hy is sterk en
hy is dapper!
Kyk net hoe sy mantel wapper!"
Soos blits skiet hy
deur die lug . . .
maar ŉ stem bring
hom aarde toe terug . . .
"Jan van Staden,
waar's jou kop?
Kyk op die bord
en let nou op!"

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal Leesboek 7* deur Mari Lätti en Sonia Gouws


Die legendariese "*Superman*" is vir die eerste keer geskep deur die skrywer Jerry Siegel en die kunstenaar Joe Shuster in ŉ strokiesboek gepubliseer op 18 April 1938.

"*Superman*" is gebore op die planeet "*Krypton*", met die naam "*Kal-El*". Hy is na Planeet Aarde toe gestuur in ŉ klein ruimtetuig deur sy wetenskaplike vader "*Jor-El*", oomblikke voordat "*Krypton*" vernietig is deur ŉ natuurlike ramp. Sy ruimtetuig het geland op die Amerikaanse platteland, waar hy ontdek is deur ŉ ouerpaar, Jonathan en Martha Kent, wat op ŉ plaas geboer het. Hulle het hom aangeneem en hom Clark Kent gedoop. Clark het verskeie bonatuurlike vermoëns gehad, soos bonatuurlike krag en ŉ ondeurdringbare vel. Sy pleegouers het hom aangeraai om sy bonatuurlike gawes in diens van die mensdom en menslikheid te gebruik en hy het toe besluit om misdaad te beveg en om goeie mense by te staan in hul nood.

Sedertdien is "*Superman*" aangepas vir radio-aanbiedinge, strokiesprente in koerante, films, video's en video-speletjies. In 1978 het die beroemde film "*Superman*" verskyn, met Christopher Reeve wat die

hoofrol vertolk het. "*Superman II*" het in 1980 verskyn, "*Superman III*" in 1983, "*Superman IV: The Quest for Peace*" in 1987 en "*Superman Returns*" in 2006 (in die laaste film is die hoofkarakter vervang deur Brandon Routh). In 2013 het Henry Cavill as "Superman" in "*Man of Steel*" en "*Justice League*" (2017) opgetree. En die legende leef voort, want Henry Cavill het 'n kontrak geteken om "Superman" in nog een film te speel.





1. Wie is die superheld in hierdie gedig?
2. Bestudeer die voorstellings van "Superman" hierbo. Hoe verskil die uitrusting van die superheld in hierdie gedig van die ware voorstellings van "Superman"?
3. Op watter moeilikheid reageer die superheld in die gedig?
4. Wat is 'n skurk?
5. Wat moet hulle skree as hulle wil hê "SuperSeun" moet hulle kom help?
6. Hoekom, dink jy, noem die spreker hom "*SuperSeun*" en nie byvoorbeeld "SuperMan" nie?
7. Watter klanknabootsende woorde word gebruik om te bevestig dat "*SuperSeun*" die boewe oorrompel het?
8. Die boef het (op die grond geval / deur die lug getrek).
9. 'n Skare mense is (min mense / baie mense).
10. Wat het die skare mense baie hard uitgeroep om hulle bewondering vir "*SuperSeun*" te kenne te gee?
11. Wat is kenmerkend van die voorstellings van "*Superman*" hierbo as jy dit met versreëls 19 en 20: "*SuperSeun / se ystervuis*" en versreël 25: "*Kyk net hoe sy mantel wapper!*" vergelyk?
12. Hoekom wapper sy mantel?
13. Wat is 'n "*skelm*"?
14. Wat het "*SuperSeun*" met die skelms gemaak?
15. Noem twee eienskappe van "*SuperSeun*".
16. Watter vergelyking sê vir ons dat "*SuperSeun*" baie vinnig deur die lug gevlieg het.
17. Waarom is daar drie kolletjies na (1) "*lug*" en (2) "*terug*"?
18. Die gedig eindig met 'n verrassing – ons het nie gedink die gedig gaan só eindig nie. Die verrassing lei ons na die ware werklikheid. Wat is hierdie ware werklikheid?

---

**Tema: ligte gedigte en dinge**

111. **Dis mos musiek** – Anoniem

Daar's musiek in die bome
en musiek in die vlei.
Dis musiek as die motors in die strate ry,
dis musiek in die môre
en musiek in die nag,
daar's allerhande liedjies
en dis – elke dag.

Luister na die piet-my-vrou
in die bome rondom jou,
luister hoe die kriekie kriek,
kiere-kierie kriek –
dis mos musiek!

Daar’s musiek in die branders
en musiek in die see,
daar’s musiek as ’n kiewiet
vir sy maatjie skree,
daar’s musiek in die kerkklok
en musiek as jy lag,
daar’s allerhande liedjies
en dis – elke dag.

1. In die eerste vyf versreëls word daar vertel van musiek in die bome, vlei en strate. Wie of wat maak hierdie musiek?
2. In strofe twee kry ons twee voorbeelde van klanknabootsing. Watter geluid word in elke geval nageboots?
3. Noem vyf dinge op in strofe 3 waarin daar vir die spreker musiek is.
4. Stem jy saam met die spreker dat alles wat genoem is “*mos musiek*” is?
5. Wanneer hoor ons hierdie “musiek”?

Uit: *Afrikaans ons Taal Graad 7* deur J.J. van L. Sadie, W. Louw, M. Mihai en A. Engelbrecht.

112. **Windlawaai** deur Jaco Jacobs (Hoofletters aangepas)

Jy is asemrowend,
jy is eersteklas,
jy is sowaar slimmer
as wat Einstein was.
Aantreklik soos 'n magneet,
ryker as 'n miljoenêr,
of 'n Hollywood-ster.
Jy's so dapper soos 'n ridder,
jy's tawwer as staal!
Jy's ongeloofliker as
'n feëverhaal.
Jy is skerper as 'n
skeermeslem,
jy's sterker as
'n bees
Jy is so wrintiewaar
te goed om waar te wees.

Uit: *Afrikaans sonder grense Eerste Addisionele Taal Leesboek 7* deur Mari Lätti en Sonia Gouws

113. **Skilpad en Haas** deur T.B. Griesel (aangepas)

"Kom ons loop resies," sê Skilpad vir Haas.
"Dan sal ons sien wie van ons twee is baas."
"Goed," sê ou Haas. "Dan kan ons ophou stry,
want ek is tog baie vinniger as jy."

Toe spring die twee weg, die groen bulte oor,
maar Haas is gou sowat vyftig treë voor.
"Nou gaan ek eers rus, want so oor 'n uur
sal Skilpad so stadigaan hier verbyskuur."

Ou Haas die slaap en droom heerlik nou
van al die wortels wat hy lekker kou . . .
Ou Skilpad sukkel so stadig aan:
hy kan nie, al wil hy ook, vinniger gaan.

Hy kyk nie eers om nie; hy is tog te bang
dat Haas hom enige oomblik gaan vang.
Hy sien al die wenpaal; hy hoor sy hart klop;
nog net 'n klein entjie, dan kan hy maar stop.

Toe Haas weer sien, sit ou Skilpad en wag.
Hy hoor hoe Skilpad lag en lag;
"Nou sal jy ook moet erken
dat Skilpad jou lag-lag kan wen."

Uit: *Wieliewalie*, Perskor, 1989

# I. Die liedjietegniek

Waarom sal die taalonderwyser liedjies in sy klas wil gebruik?

**<u>Die DOELWIT is een van die volgende</u>**:

- Om 'n aangename leeratmosfeer in die klaskamer te skep;
- Om iets anders te doen as die gewone (om te varieer);
- Om 'n verrassingselement in die taalleerprogram in te bring;
- Om die leerders se luistervermoë te verbeter;
- Om hulle woordeskat uit te brei;
- Om grammatikastrukture in te skerp;
- Om as stimulus te dien vir kreatiewe stelwerk;
- Om diktee (spelling) op 'n interessante manier aan te bied.

**<u>HOE OM LIEDJIES TE GEBRUIK</u>**:

- Die gedig met die Cloze-oefening en vrae word aan die leerders uitgedeel.

- Die onderwyser speel die getoonsette gedig of liedjie.

- Leerders voltooi die Cloze-oefening.

- Die onderwyser speel die liedjie nog een keer oor vir leerders om die Cloze-oefening nog eenmaal oor te gaan om seker te maak dat hulle die regte woord neergeskryf het.

- Die onderwyser skryf al die woorde op die bord en leerders sien na en korrigeer hul antwoorde.

- Die onderwyser doen woordeskat en vra vrae oor die gedig om toe te sien dat die leerders die gedig goed verstaan.

- Die onderwyser gebruik die woorde in die Cloze-oefening om byvoorbeeld 'n taalles aan te bied.

- Die gedig of lied kan ook gebruik word om die struktuur van die gedig te onderrig, byvoorbeeld die atmosfeer van die gedig, die tema, strofebou, rymskema, die funksie van halfrym (alliterasie en assonansie), ens.

Hier volg nou 'n paar voorbeeldlesse.

### 1. Kabouterliefde – Ingrid Jonker

Die volgende is 'n getoonsette gedig wat gebruik kan word as lesmateriaal. Dit kan byvoorbeeld eers as luisteroefening gegee word waartydens leerders 'n Cloze-oefening moet voltooi. Dan moet vrae oor hierdie gedig beantwoord word om die gedig te verstaan en te waardeer.

Die woorde wat in sekere versreëls uitgelaat is, word in 'n daaropvolgende les gebruik en is woorde wat die onderwyser tydens die les wil uitlig in sy/haar onderrig.

In die eerste les kan die lesonderwerp die volgende wees: **Lees en reageer**: **VOORGESKREWE LITERÊRE TEKSTE – GEDIGTE**. Die **Spesifieke Doelstelling** is: Leerders behoort in staat te wees om kommentaar te lewer oor die bedoeling van die skrywer. Die vrae na hierdie gedig onder "Gedigte vir Graad 7" kan hiervoor gebruik word.

In die tweede les kan die lesonderwerp die volgende wees: **BYVOEGLIKE NAAMWOORDE**. Die **Spesifieke Doelstelling** is: Leerders behoort in staat te wees om byvoeglike naamwoorde in sinsverband te herken en te gebruik: verbuiging, intensiewe vorme, trappe van vergelyking.

Die **onderstreepte woorde** is die woorde wat tydens die Cloze-oefening oopgelaat word en met die luisteroefening deur die leerders ingevul word.

**Kabouterliefde** – Ingrid Jonker

(Vir Simone)

Die kabouter met die **rooi-rooi** pet
die kabouter met die **geel** hemp aan
het sy hart gistraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

Die **hoepelronde** blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul **wit** ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons in 'n kring getrek
soos 'n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul **rooi** mondjies
het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy **geel** lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug

Die kabouter met die **rooi-rooi** hart
het dit self vir my gesê
hy't die aardbol oor sy kop gegooi
O dis hier waar die liefde lê

Die taalles kan as volg aangebied word:

- Die leerders word gevra tot watter woordsoort die woorde behoort wat hulle ingevul het.
- Die verbuiging van byvoeglike naamwoorde in attributiewe vorm en predikatiewe vorm kan onderrig word (die hoepelronde blou lug x die lug is blou en hoepelrond).
- Byvoeglike naamwoorde se intensiewe vorm kan onderrig word. Leerders kan die voorbeeld "*hoepelronde*" in die teks identifiseer en die ander byvoeglike naamwoorde se intensiewe vorme gee, bv. goudgeel, bloedrooi, ens.
- Die byvoeglike naamwoorde se trappe van vergelyking kan ook gegee word, bv. rooi – rooier – rooiste; geel – geler – geelste.

Na die grammatikales oor byvoeglike naamwoorde se verbuiging, intensiewe vorme en trappe van vergelyking kan leerders ʼn beskrywende paragraaf skryf waarin hulle byvoeglike naamwoorde moet gebruik, naamlik die verboë vorme van byvoeglike naamwoorde, intensiewe vorme en trappe van vergelyking.

### 2. Ek het ʼn huisie by die see deur H.A. Fagan

Die volgende gedig kan ook eers as luisteroefening gegee word waartydens leerders ʼn Cloze-oefening moet voltooi deurdat een woord in sekere versreëls uitgelaat word. Vrae oor hierdie gedig moet eers beantwoord word om die gedig te verstaan en te waardeer. In ʼn daaropvolgende les kan die woorde wat tydens die Cloze-oefening ingevul is, gebruik word in ʼn taalles.

Die eerste les se lesonderwerp en spesifieke doelstelling sal dieselfde wees as die eerste les van "*Kabouterliefde*". Die vrae oor hierdie gedig in hierdie handleiding kan gebruik word vir hierdie les.

In die tweede daaropvolgende les kan die lesonderwerp **WERKWOORDE** wees en die **Spesifieke Doelstelling**: Leerders behoort in staat te wees om werkwoorde in sinsverband te herken en te gebruik: werkwoord en tydsvorme.

Die **onderstreepte woorde** is die woorde wat tydens die Cloze-oefening oopgelaat word en met die luisteroefening deur die leerders ingevul word.

Ek het ʼn huisie by die see deur H.A. Fagan (Gesing deur Laurika Rauch)

Ek **het** ʼn huisie by die see. Dis nag.
Ek **hoor** aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek **hoor** die winde huil - ʼn kreun, ʼn klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon **vind** nie, maar nog **soek** en **smag**.

My vuurtjie **brand**, my kersie **gee** sy lig.
Ek **hoor** dan maar hoe **loei** die storm daarbuite,
ek hoor hoe **ruk** die winde aan my ruite;
hier binne **is** dit veilig, warm en dig.

**Kom** nag, **kom** weer en wind, **kom** oseaan –
dit **is** ʼn rots waarop my huisie staan.

Die taalles kan as volg aangebied word:

- Die leerders word gevra tot watter woordsoort die woorde behoort wat hulle ingevul het.
- Die leerders word dan gevra in watter tyd hierdie woorde geskryf is.
- Dan moet leerders sê hoe die verlede tyd gevorm word.
- Daarna moet leerders alle werkwoorde in die verlede tyd skryf.

# Indeks van gedigte


| | |
|---|---|
| *Aap se skool* deur Elizabeth Wasserman ........ | 40 |
| *Afrika* deur Mari Lätti en Sonja Gouws ........ | 94 |
| *Agter tralies* deur C.M. van den Heever ........ | 82 |
| *As die see net nie so sout was nie . . .* deur Jaco Jacobs ........ | 93 |
| *Beste vriende* deur Marita van Aswegen ........ | 100 |
| *Beweegruimte* deur Philip de Vos ........ | 97 |
| *Boelies* – Anoniem ........ | 61 |
| *Dae van die week* deur Rika Nel ........ | 67 |
| *Die afloswedren* deur Hennie Aucamp ........ | 87 |
| *Die dans van die reën* deur Eugene Marais ........ | 84 |
| *Die diere* deur C.M. van den Heever ........ | 82 |
| *Die ding in die swembad* deur Pat Scott ........ | 92 |
| *Die dwergies* deur C. Louis Leipoldt ........ | 52 |
| *Die gogga-parade* deur Fanie Viljoen ........ | 15 |
| *Die kleur van vrees* – Anoniem ........ | 49 |
| *Die mot en die kers* deur C.J. Langenhoven ........ | 53 |
| *Die motorbegraafplaas* deur Hester Heese ........ | 50 |
| *Die olifant* deur Jan Kromhout ........ | 36 |
| *Die oorplanting* deur Pirow Bekker ........ | 6 |
| *Die pikkewyn* deur Abraham Fouché ........ | 45 |
| *Die robotman* deur Marita van Aswegen ........ | 58 |
| *Die ruspe* deur S.J. du Toit ........ | 9 |
| *Die seisoene* deur J.F. Spies ........ | 61 |
| *Die Spook* deur Bernie Visser ........ | 28 |
| *Die spook van Hentiesbaai* deur Shana Hunter ........ | 56 |
| *Die spookhuis* deur Antjie Krog ........ | 70 |
| *Die springkat* deur Helma Laubscher ........ | 38 |
| *Die verkleurmannetjie* deur C. Louis Leipoldt ........ | 48 |
| *Die Vis* deur Marie Niemeyer ........ | 5 |
| *Die volstruis* deur J.F. Spies ........ | 20 |
| *Die vullisblikkie* – Anoniem ........ | 62 |
| *Die woning van my drome* deur Helena Wasserman ........ | 37 |
| *Dinosourus* – Anoniem ........ | 10 |
| *Dis mos musiek – Anoniem* ........ | 103 |
| *Droomtaal* – Anoniem ........ | 58 |
| *Duisendpoot* deur Pieter W. Grobbelaar ........ | 65 |
| *Eier vir ontbyt!* deur Jaco Jacobs ........ | 59 |
| *Ek dink ek kan...* deur Christa van Tonder ........ | 91 |
| *Ek het 'n huisie by die see* deur H.A. Fagan ........ | 71 |
| *Ek is bang* deur Antjie Krog ........ | 20 |
| *Ek is 'n boklam* deur George Weideman ........ | 77 |
| *Fabel* deur D.J. Opperman ........ | 83 |
| *Gelukkige verjaarsdag!* deur Johan J. Brown ........ | 75 |
| *Gesond lewe* – Anoniem ........ | 17 |
| *Honger Leeus* – Anoniem ........ | 66 |
| *In Vaaldam woon 'n draak* deur Piet Swanepoel ........ | 9 |
| *Jakkals* deur Helene J.F. Lochner ........ | 42 |
| *Kabouterliefde* deur Ingrid Jonker ........ | 72 |
| *Kat en hond* deur Alma Visser ........ | 38 |

| | |
|---|---|
| *Kat en muis* deur Helena J.F. Lochner .................................................................................. | 19 |
| *Kies geel? Kies rooi?* deur Pieter W. Grobbelaar .............................................................. | 92 |
| *Klara Majola* deur D.J. Opperman ......................................................................................... | 81 |
| *Knipmes* deur Lochner de Kock ............................................................................................. | 69 |
| *Kom jol nou* deur I.D. du Plessis ........................................................................................... | 13 |
| *Leef groen* – Anoniem .............................................................................................................. | 46 |
| *Luiperd* deur Elizabeth Wasserman ...................................................................................... | 39 |
| *Luisterswaeltjies* deur T.T. Cloete ......................................................................................... | 73 |
| *Meerkat* deur Jaco Jacobs ........................................................................................................ | 95 |
| *Moenie die melk vergeet nie* deur Jaco Jacobs .................................................................... | 43 |
| *Muskiet* deur Pieter W. Grobbelaar ...................................................................................... | 19 |
| *Muskietjag* deur A.D. Keet ...................................................................................................... | 27 |
| *My baie name* deur Elizabeth van der Merwe ...................................................................... | 13 |
| *My inplakboek* deur J.F. Spies .............................................................................................. | 32 |
| *My skaduwee* deur Jaco Jacobs .............................................................................................. | 93 |
| *'n Brulpadda in my tas* deur Jaco Jacobs ............................................................................. | 62 |
| *'n Huis ver van die stad* – Anoniem ....................................................................................... | 64 |
| *'n Koei is ene bene* deur Philip de Vos ................................................................................... | 15 |
| *'n Manjifieke woning* deur Jaco Jacobs ................................................................................. | 63 |
| *'n Muis in die huis* deur Franci Greyling .............................................................................. | 31 |
| *'n Pyn in die nek* deur Elizabeth Wasserman ........................................................................ | 41 |
| *'n Seekoei is nie 'n koei nie* – Anoniem ................................................................................ | 66 |
| *'n Storie van hoop* – Anoniem ................................................................................................. | 65 |
| *Nuwe skoolreëls* deur Jaco Jacobs ......................................................................................... | 97 |
| *Oom Jakkalaas* – Anoniem ....................................................................................................... | 4 |
| *Op vlerke* – Anoniem ................................................................................................................ | 30 |
| *Opgelos* deur B. Traas .............................................................................................................. | 14 |
| *Pannekoek bak* deur Kleinjan ................................................................................................. | 34 |
| *Papegaai* deur Clinton V. du Plessis ...................................................................................... | 96 |
| *Pasop vir die mamba* deur Philip de Vos ............................................................................... | 25 |
| *Pieterjan en Pieterman* deur Tienie Holloway ...................................................................... | 44 |
| *Pietie de Waal* – Anoniem ........................................................................................................ | 67 |
| *Reën* – Anoniem ......................................................................................................................... | 11 |
| *Reën oor die berge* deur Piet Swanepoel ............................................................................... | 56 |
| *Rolbos* deur Philip de Vos ......................................................................................................... | 16 |
| *Sakabula* deur Tienie Holloway ............................................................................................... | 41 |
| *Sekretarisvoël* deur C. Louis Leipoldt .................................................................................... | 54 |
| *Sjongolôlo* deur Pieter W. Grobbelaar ................................................................................... | 22 |
| *skaatsplankryer* deur Petra Müller ....................................................................................... | 68 |
| *Skilpad en Haas* deur T.B. Griesel ......................................................................................... | 105 |
| *Somer in Afrika* – Anoniem ...................................................................................................... | 98 |
| *Spinnekop* deur C.S. Badenhorst ............................................................................................. | 22 |
| *Spoke* deur Antjie Krog ............................................................................................................. | 55 |
| *Spoke* deur Antjie Krog ............................................................................................................. | 99 |
| *Spookstories* – Anoniem ........................................................................................................... | 12 |
| *Springmielies* deur Nic J. Strydom ......................................................................................... | 33 |
| *Springmielies* deur Nic J. Strydom ......................................................................................... | 46 |
| *Superheld* deur Jaco Jacobs ..................................................................................................... | 102 |
| *Te vinnig* deur Elizabeth Wasserman ..................................................................................... | 39 |
| *Toemaar die donker man* deur Ingrid Jonker ........................................................................ | 76 |
| *Toetskoors* deur Piet Swanepoel .............................................................................................. | 32 |
| *Vakansietyd* deur Elizabeth Fourie ......................................................................................... | 29 |
| *Verjaardag* deur Elisabeth Eybers ........................................................................................... | 74 |

| | |
|---|---|
| *Verslaap* – Anoniem .......................................................................................... | 7 |
| *Vir Eugene* deur Toon van den Heever ............................................................................ | 86 |
| *Visvang* – Anoniem .......................................................................................... | 8 |
| *Visvang* – Anoniem .......................................................................................... | 23 |
| *Vlermuise en vlooie* deur Bettie Aucamp .............................................................................. | 35 |
| *Vraag en antwoord* deur Jaco Jacobs ................................................................................ | 101 |
| *Warrelwind* deur Philip de Vos ................................................................................... | 22 |
| *Warrelwindjie* deur Nicolene Gericke .............................................................................. | 21 |
| *Wat ek gaan word* deur C. Louis Leipoldt ........................................................................ | 78 |
| *Wegloopneus* deur Jaco Jacobs ...................................................................................... | 88 |
| *Windlawaai* deur Jaco Jacobs ....................................................................................... | 105 |